


Die Sierduif

The Fancy Pigeon

Januarie - Februarie 2007

**Warren
Klopper
Honorary
President -
55 Years with
SAFPA**

**Chairman (now
President) of the
SAFPA from 1961
- 1964 and again
from 1965 to 1989,
and still one of the
greatest leaders
in our hobby for
many years after
that.**



**For the love and care of Fancy Pigeons
Vir die liefde en versorging van Sierduiwe**

**Official Mouthpiece of the South African Fancy Pigeon Association
Amptelike Mondstuk van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging**

**DIE SUID-AFRIKAANSE SIERDUIFVERENIGING
THE SOUTH AFRICAN FANCY PIGEON ASSOCIATION**

Ere-Presidente / Honorary Presidents

Warren Klopper, Posbus 143, Schweizer-Reneke. 2780 Tel: 053 963 1547
Renier Lee, Posbus 76, Ventersdorp. 2710 Tel: 014 544 0008
Clive Druce, 48 Lange Street, Uitenhage. 6230 Tel: 041 992 2684
Stewart Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston. 2021 Tel: 011 704 2490
Wynand Wessels Posbus 346, Bothaville 9660 Tel: 056 515 2769 Sel: 083 994 7012

Uitvoerende Komitee / Executive Committee

Nasionale President / National President - Pierre le Roux

Diazstraat 31, Panorama, 7500. Tel/Faks: 021 939 2572 Sel: 083 567 0226 E-pos: pleroux@webmail.co.za

Nasionale Vise-President / National Vice-President - Corrie van Reenen

Buysstraat 17, Wilgepark, Harrismith, 9880. Tel: 058 623 1041 Sel: 076 683 3340

Nasionale Sekretaris / National Secretary - Hennie Hattingh

Posbus 162, Glencoe, 2930. Tel: 034 393 1450 Sel: 082 923 3910 E-pos: jhhattingh@cybertrade.co.za

Nasionale Tesourier / National Treasurer - Chris de Bruin

Posbus 788, Derdepoortpark, 0035. Tel: 012 808 0463 Faks: 012 430 4539 Sel: 082 426 8703
E-pos: chris.debruin@dcs.gov.za

Nasionale Ring Meester / National Ringmaster - Cora Munnik

Posbus 44, Hennenman, 9445. Tel/Faks: 057 573 1660 Sel: 076 955 3266 E-pos: christomun@mweb.co.za

Nasionale Redakteur / National Editor - Christo Munnik

Posbus 44, Hennenman, 9445. Tel/Faks: 057 573 1660 Sel: 076 391 5800 E-pos: christomun@mweb.co.za

Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer - Lourens Muller

Roselaan 4D, Wilgehof, Bfn., 9301. Tel: 051 522 4997 Sel: 083 711 1836 E-pos: chineseowls@webmail.co.za

Streekverteenwoordigers / Regional Representatives

Gauteng - Koot Serfontein

Posbus 2681, Honeydew, 2040. Tel: 011 675 0108 Faks: 011 675 0456 E-pos: kserfontein@vodamail.co.za

Vrystaat - Chris vd Berg

Posbus 11589, Universitas, Bloemfontein, 9321. Tel: 051 522 8701 Sel: 082 376 3130
E-pos: pvdberg@absamail.co.za

Wes Kaap - Fadiel Hendricks

9 Connemara Road, Wynberg, 7800. Tel: 021 761 9293 Sel: 082 827 8099 E-pos: fadiel@jansdownecoach.co.za

Noord-Vrystaat - Bertie Wessels

Posbus 346, Bothaville, 9660. Tel: 056 515 2769 Sel: 083 733 4191 E-pos: chrsv@act.co.za

Oos-Transvaal - Wim van Rensburg

Posbus 2105, Bethal, 2310. Tel: 017 647 5712 Sel: 083 980 0113 E-pos: Wimv@spoonet.co.za

Griekwaland-Wes - Hendriena Swanepoel

Conradstraat 18, Kimberley, 8301. Tel/Faks: 053 833 5024 Sel: 073 245 7993

Eastern Province - Netta Prince

P.O. Box 455, Port Elizabeth, 6000. Tel/Fax: 041 364 3933 Sel: 082 565 9022 E-mail: janetp@xsinet.co.za

Oos-Vrystaat - Corrie van Reenen

Buysstraat 17, Wilgepark, Harrismith, 9880. Tel: 058 623 1041 Sel: 076 683 3340

South Western Districts - Kobus Swanepoel

Posbus 1250, Hartenbos, 6520 Sel: 083 264 1041

Wes-Transvaal - Danie Badenhorst

Posbus 1191, Zeerust, 2865. Tel: 018 642 3867 Sel: 072 903 2975

Noord-Transvaal - Willie v Zyl

Kwintstraat 400, Pretoria Tuine, 0082. Tel: 012 379 3300 Faks: 012 323 4774 Sel: 083 235 1702

E-pos: vanzyl5@absamail.co.za

KwaZulu-Natal - Rob Lombaard

104 Globe Road, Scottsville, PMB, 3201. Tel: 033 386 9785 Sel: 083 6600 628 E-mail: wings@absamail.co.za

Danie Visser
083 390 0860
R 100

Index

Inhoudsopgawe

Redaksioneel/Editorial	2
Lief en leed van ons duiwe vriende	3
Skoudatums	3
Dankie vir 2006 - Rob Lombaard	4
English Judge at coming SA's - Jan Lombard	4
Noord-Transvaal nuus - Willie van Zyl	6
Noord-Vrystaat hou Kerkparade - Cora Munnik	6
Newcastle disease - Paramyxovirus - Pietie le Roux	8
Kleurteling by Mookees - Chris Jacobs	9
Johann Loots - Sal ons hom ooit vergeet - Lucille Loots	11
Wim van Rensburg kan wraggies ook skryf	13
See what comes to mind if you start thinking - Fadiel Hendricks	13
Ondeurdagte besluit op AJV - Jan Lombard	14
KwaZulu-Natal family day - Rob Lombaard	15
Skep van nuwe kleure - Seppie Esterhuizen	16
Nasionale Ringmeester - Baie belangrik - Cora Munnik	19
Nuwe Beoordelaars - Lourens Muller	20
Noord-Vrystaat hou duiwedag - Christo Munnik	21
Antwoord op Simon Jordaan se vrae - Piet Brouwer	24
Toe byt die slang my - Piet Brouwer	25
Use of Acids in Pigeons - Kobus Snyman	25
Resurrection of the American Komorner Tumbler Club - Jan Lombard	26
Christmas Lunch in KwaZulu-Natal - Rob Lombaard	27
Wes-Transvaal hou AJV - Ansie Pretorius	28
Response to my Editorial Questions - Piet van Zyl	28
SWD hou Jaarvergadering - Carina Potgieter	29
Suggestion to maintain or increase membership - Ken Garrod	30
Making your own Nestbowls - Piet van Zyl	32
Sjinese Uilklub nuus - Willie van Zyl	33
Gawie du Toit skenk trofees	33
Beoordelaars Noord-Vrystaat Streekskou - Attie van Aswegen	34
English Shortface Tumbler notes - Clive Druce	35
Purebred Pigeon - Jan Lombard	36
2007 Championship Show - Koos en Erina Marais	37
'n Bietjie pitkos vir die Hoenders - At Nigrini	40
Beoordelaars vir die Webblad -Kobus Snyman	41
Noord-Vrystaat se jaar goed afgesluit - Cora Munnik	43
Reëls en telkaart	44

Verkrygbaar vanaf/
Obtainable from
Christo Munnik
Posbus / P.O. Box 44
Hennenman 9445
Tel/Fax 057 573 1660
Sel. 076 391 5800
Woning / Home
Skoolstraat 11, Hennenman.

**Also obtainable in full
colour in electronic PDF
format (Acrobat)**

**Graphic Design is done by
The Editor
Printers:
Oranje Drukkers/Printers
PO Box/Posbus 35
SENEKAL
9600
Tel: 058 481 2105/67/2100
Fax/Faks 058 481 4264
E-pos/E-mail
oranje@global.co.za**

**Bydraes vir publikasie
moet voor die 1ste van
die tweede maand aan
bovermelde adres
versend word./Send
your contributions to the
above mentioned
address before the 1st of
the second month**

**Ondersteun die
Maandblad met Bydraes
Support the
Magazine with Contribu-
tions**

**Inteken geld vir Die
Sierduif aan nie-lede van
die SASV beloop
R180.00/jaar
Subscription for The
Fancy Pigeon to non-
members of SAFPA is
R180.00/annum**



Die Sierduif

The Fancy Pigeon

Januarie - Februarie 2007



Christo Munnik
Redakteur / Editor

So sê ek die anderdag vir my mense, in die nou al weer nuwe jaar, ek hoop regtig nie die jaar gaan nou weer so vinnig verby soos 2006 nie. Kyk waar is ons, het iemand al stil gestaan en gekyk hoe die tyd saam met die mensdom by jou verby gaan sonder dat jy of ek iets daaraan kan doen. Dit is al weer die einde van Februarie 2007.

Before we know all the shows will be something of the past again and we will be getting ready for the SA Championships in the fairest of the country as they say. Worcester, it will be this year, the home of people like Barnard and Theuns Steyn and all the other Bolanders and WP members who formed the new Western Cape region.

Ons is in 'n lekker stokperdjie en ek sê stokperdjie omdat ons nie 'n sport beoefen nie en ook aan geen sportliggaam behoort nie. Dankie tog daarvoor want dan sou dit eers wêreld gegaan het in die pragtige stokperdjie van ons. Daar is natuurlik mense wat rooi om die boordjie word as mens praat van ons stokperdjie en nie van ons sport nie.

Somewhere in this edition Ken

Garrod wrote about keeping the membership fees of SAFPA as low as possible. One of the big problems according to me is that members always compare SAFPA with some or other sport club where people pay a lot of money to be a member. I agree with Ken, not with the amounts that he quoted but in principle. If you can let members subscribe to "The Fancy Pigeon" and we print less copies, let the members pay a certain amount for membership fees well below R300 and sell rings for R5, R6 or R10 each it might just work to keep members and get more people to become members. I know we will then sell less rings but if I have to pay more for a ring I will keep only the best birds and not hundreds of them as well. There Ken is right, better birds will then be seen on shows and new members will be able to get better birds to start off with. What a pleasure. I think everybody in SAFPA should go to the drawing board and come up with an idea to keep the membership fees down. At the rate that the fees goes up I am sorry I will also have to call it a day sometime or another. One of the best decisions ever made was to stop letting people become

life members. This was also one of the worst ever decisions taken in the early days to let members pay a certain amount of money and then let the other members pay for them to be members. My opinion!!!!

Dit klink miskien bietjie erg maar dis hoe ek voel. Ek was een maal in my lewe in die posisie om 'n lewenslange lid te word maar het om die rede daarvan afgesien. Ek wil hê dat almal dieselfde behandel word in die SASV maar dan moet ek ook dieselfde ledegeld as hulle betaal. Ek was nooit 'n voorstaander daarvan nie en sal ook nooit wees nie. Dink maar hieroor en gee my gas ek wag daarvoor.

Dink ook hieraan: So drie jaar terug het lede R1800 betaal om lewenslange te word nou is dit al R3000. Wie betaal vir die verskil?

Members please start thinking and come up with a solution to the high cost of keeping pigeons

"D" Date for all articles will from now on be the last day of the first of the two months that I am busy with/"D" Dag vir alle artikels sal van nou af die laaste dag van die eerste van die twee maande wat ek mee besig is.



Lief en leed van ons duiwevriende

Verjaarsdae/ Birthdays

CD Kruger -12 Jan
David Malan - 13 Jan
Marius Wilken - 16 Jan
Mornè Bekker - 18 Jan
Annatjie vd Walt - 19 Jan
Johan Hattigh - 21 Jan
Awie Esterhuizen - 26 Jan
Shay-lyn Armstrong - 31 Jan
Dick Nortje - 31 Jan
André Hattingh - 31 Jan
Fanie Myburgh - 01 Feb
Karel Reynecke - 04 Feb
Estie Munnik - 05 Feb
Bill Rodgers - 08 Feb
Michelle Beckley - 08 Feb
Robin Prince - 24 Feb
Zaieed Abrahams - 27 Feb
Rassie Erasmus - 27 Feb

Sterftes/Deaths

Colin Wrench one of our dear friends and well known Tumbler breeder passed away Thursday 25 January 2007. Our condolences goes out to his family and friends.

Saag van Wyngaard 'n oud lid en eerste Sekretaris van Oos-Transvaal is ook in Januarie oorlede. Ons gebede gaan ook uit na sy familie en vriende

Geboortes/ Births

Geen

Nuwe lede/ New members

Ian Singleton - Moorreesburg -
Wes-Kaap. Tel: 022 433 2749
Sel: 082 875 8004

**Look to the Fancy's Future!!
Encourage a youngster today!!**

Skou Datums/Show Dates 2007

28 April: Kwa-Zulu Natal

05 Mei: Noord-Vrystaat

Oostelike Provinsie

12 Mei: Oos-Transvaal

19 Mei: Noord - Transvaal

Griekwaland-Wes

26 Mei: Gauteng

02 Junie: Wes-Transvaal

Suid-Westelike Distrikte

3 – 7 Julie: S.A. Kampioenskapskou : Kleinplasia, Worcester.

Kontak Streeksverteenwoordigers vir besonderhede rakende die skoue - besonderhede voor in die boekie/Contact Region Representatives for details of the shows - details inside front page of the magazine



Regstelling

In die uitslae van die Gauteng Area Skou van 2006 is daar verkeerdelik verwys dat die 5de reserwe duif op skou aan Gerhard vd Bank behoort. Die Wit Shietti Modena is die eiendom van Gerhard van Beek. Jammer oor dir fout Gerhard.

Dankie vir 2006!!

deur Rob Lombaard

2006 Staan einde se kant toe, en ek wil van die geleentheid gebruik maak om almal te bedank vir 'n aangename jaar wat ons kon deurmaak met ons geliefde stokperdjie. Ek het hierdie jaar vier streekskoue en die "geskiedkundige" SA's ondersteun, dit was slegs moontlik gemaak agv vriende wat altyd bereid staan om 'n mens te huisves tydens skou naweke.

With our nearest regional show in excess of 500 km a special thank you to Leonie and Corrie for hosting myself and my dad at their "Halfway House" every other weekend during the show season.

It has been an even greater pleasure hosting visitors to our

own regional show and those visitors who pop in for a quick cup of coffee and a peep at the pigeons on their visits to the beach or wherever else they are of to in the green province of Natal. (Cora gee asb vir Plakkerskamp 'n KZN lidnommer, hy spandeer meer tyd hier as in die Vrystaat).

On behalf of KZN region I want to thank all the breeders who have made pigeons available to our members, as most of them has given the quality of birds kept in the region a major boost.

Aan alle lede en hul familie wens ons julle 'n Geseende Kersfees en voorspoedige nuwe jaar toe. Aan Weskaap, my wense vir julle is 'n suksesvolle SA's 2007 met



duisende kwaliteit duive!!

Groete

Rob en Kwazulu Natal -streek

Red. Jammer ek plaas nou eers die berig ou Robbie. Ek is ook maar partymaal so deurmekaar soos jy.



WELL KNOWN ENGLISH JUDGE AT THE COMING SA's

by Jan Lombard

I had the pleasure to meet John Graves at the 2004 Doncaster show. He was in fact my steward for a few of the breeds that I judged. As they gave me certain breeds to judge that I did not have any experience in, I was very thankful to have John as my helper. I've certainly

learned a lot from him. We've got on well from the very start. John invited me to visit them at their home. As I had nothing to do (or rather could not afford to do much thanks to my shoe string budget) I grabbed this opportunity. After a two hour train trip from London (which





Jan Lombard and Marion & John Graves, showing off their judging coats with club badges from all over the world.

cost me 45 Pounds!) John picked me up at the Huntingdon station and we drove to his home in the country. John is a collector of all pigeon related items. His house can only be described as a pigeon museum. He is a close friend of Herr Karl-Heinz Sollfrank, founder of the well known Tauben Museum near Nuremburg. (If you have any medals, rosettes, coffee mugs from pigeon shows, etc. that you do not want any more, we will definitely appreciate it. Please take it with to the SA's in Worcester. Old certificates won at shows will also be welcomed.) We've spend a wonderful afternoon at his home, going through all his pigeon books and collectibles. Then it was out to his lofts, where I enjoyed the opportunity to look at his Lahores, Helmets,

Komorner Tumblers, Old German Modenas and one of the German colour pigeon breeds. That evening John and his delightful wife Marion took me to dinner to an Inn that is over 400 years old, and that is reputed to host a few ghosts of years gone by.

John is a very experienced judge. He have judged pigeons in the USA, Canada, Australia and of course England. I've invited him to judge at the 2005 SA's, but as he had already accepted an assignment to judge at the Australian National,

he decided to come to South Africa in 2007. I believe a lot of local fanciers will learn a lot and share in the experience of this true pigeon ambassador. As John & Marion will be in South Africa for 3 weeks, they plan to visit a few pigeon fanciers while they tour our beautiful country.

John is willing to bring a number of copies of the new NPA Book of Standards (in colour) to South Africa. As these are expensive (50 Pounds) we need to know who wants a copy. Please let me know (011 793 5445 after 19h00). Be prepared to pay R700+ at the current exchange rate. I have a copy, and believe me, it is worth it, but then value is a subjective term.



Photos of the "Graves museum" as Jan calls it taken inside the Grave's house



NOORD TRANSVAAL NUUS



deur Willie van Zyl

president het volledig verslag gedoen van al die aktiwiteite binne die SASV.

Na afloop van die vergadering het die wat kon gebly vir 'n braai en saamkuier.

Chris de Bruin wat vir sewe jaar in die stoel was het gevra dat hy vir 'n tyd uittree. Chris baie dankie vir jou leiding, die manier waarmee jy sake benader en hanteer het was altyd 'n insperasie.

Die bestuur vir die volgende jaar is:

President & Streekverteen-

woordiger:
Willie van Zyl

Vise President:
Andre Immelman

Sekretaris/Tesourier:
Nollie Oosthuizen

Beoordelaarsbeampte:
Gerhard van der Bank

Skou Bestuurder:
Johan Coetzee

Addisionele Lede:
Chris de Bruin
Ettien Oosthuizen

Groete van hok tot hok.

Op 18 November 2006 het die streek sy lede vergadering gehou. Soos gebruiklik met 'n vergadering was die lede ook maar weer skaars. Die wat teenwoordig was het voluit deel geneem aan die besprekings. Die streekvertegenwoordiger en

Noord-Vrystaat hou Kerkparade voor 2006 SA's

deur Cora Munnik

Soos die gebruik in Noord-Vrystaat gaan ons ten minste twee keer per jaar as streek saam kerk toe en gewoonlik so na as moontlik aan die SA Kampioenskapskou om dankie te sê vir gesondheid en ons lewens en sommer om net saam met mekaar te doen wat vir ons almal belangrik is.

Dit was dan in die geval ook nie anders nie en die lede wat dit kon maak het op Sondag 25 Junie 2006 om 09:00 by By Attie van Aswegen in Kroonstad bymekaar gekom om saam met hom en sy gesin kerk toe te gaan.

Na die Kerkdien het almal na Wikus en Amanda Prins se huis verkas om 'n lekker bring en

braai en samesyn te hou en om bietjie gees te vang vir die komende SA Kampioenskapskou. Daar word natuurlik duiwe gesels en gewonder wat die SA's sal oplewer en glo vir my daar is baie voorspellings vie wat kom.

Baie dankie aan Attie vir die reëlings by die kerk en Wikus en Amanda wat soos gewoonlik weer te veel gedoen het om seker te maak almal is tevrede as hulle huis toe gaan.

Dankie ook aan die Noord-Vrystaat lede wat daar was en veral aan Hansie en Kitty Botes wat nie meer duiwe het nie maar nie sulke byeenkomste mis as hulle kan nie.





Noord-Vrystaat se lede wat die Kerkdien in Kroonstad bygewoon het is van links Kitty Botes, Hansie Botes, Christo Munnik, Wynand Wessels, Cora Munnik, Jan Kriel, Koekie Venter, Gert Venter, Amanda Prins, Wikus Prins, Attie van Aswegen, Martie Wessels, Hantie van Aswegen en Harry Munnik voor.



En natuurlik wat ons die beste kan doen is om "Party" te hou al was dit na kerk het ons weer lekker gekuier en duiwe gesels natuurlik



NEWCASTLE DISEASE - PARAMYXOVIRUS IN PIGEONS

By Dr. Pietie le Roux, DVM
Villiersdorp, South Africa

Courtesy by the IMC Quarterly and submitted
by Kobus Snyman

Newcastle disease of poultry is a Paramyxo virus, originally from the Eastern World where it is known as Ranikhet. The virus was allegedly introduced into the Western World by sailors' smuggling trade in birds and poultry. The notorious outbreak in 1926 in Newcastle England named the disease. The Paramyxovirus related diseases occur mainly in birds. The devastating Rinderpest virus that killed virtually millions of cattle in Africa and the East during the previous centuries is a far relative. Obviously we are dealing with very virulent and contagious stuff!

Right from the beginning it was recorded that pigeons were also infected and contracted a milder form of the disease and therefore pigeons will always be involved in the quarantine measures when the devastating effects on the commercial poultry industry is involved.

In 1981, a second and more fatal virus appeared in pigeons in Egypt and distributed itself all over the world within three years. This virulent pigeon strain is what we are now dealing with fear in our hobby. Although this pigeon strain is not so fatal for poultry, it does have a big economical impact on production.

The Paramyxoviruses of birds

are extremely resistant and can survive in high temperatures for months. However, they are very susceptible to disinfection. All species of birds should be regarded as carriers. Waterfowl are regarded as resistant but it has been confirmed in Jackass Penguins in South Africa. Of all birds the highest mortalities occur in fowl. There is enough cross immunity between the different strains of the virus and efficient vaccines are available nowadays as live attenuated strains. (La Sota, Hitchener Komarow, etc.) or inactivated virus vaccines. The viruses can cause eye infection in humans.

The incubation period in pigeons is one to six weeks. Transmission of the virus takes place towards the end of the incubation period before symptoms appear and the practical implication of this is extremely important. Apparently healthy pigeons are the transmitters! (Shows, homing pigeon races, auctions.)

The symptoms usually start with a watery diarrhoea and excessive urine secretion. An extremely watery dropping with a well-formed small faecal segment within is regarded as an exclusively typical symptom. Squabs and youngsters sometimes die acutely with full



croops without any other symptoms or they lose condition with stunted growth. Grizzling, malformation, twisting, impaired growth and tip-breaking of feathers is also prevalent in youngsters. Adults sometimes show no symptoms at all; only weak performance and white discoloration of feathers on the head. The most dramatic symptoms in adults are the nervous symptoms such as twisted neck, shaky heads, stargazing, paralysed limbs, somersaulting, wobbling, missed pecking and white-eye.

An important manifestation of Paramyxo is suppression of the immunity system allowing opportunistic secondary infections like crop cancer. (Trichomoniasis) Coccidiosis, Upper Respiratory Infections (Mycoplasmosis) etc., to predominate the scene. You are sometimes misled by a resistant infection of these opportunists whereas the primary cause is in fact Paramyxo.

Post mortem lesions are not always prominent, or typical, and



it is necessary to examine more than one carcass. Pinpoint bleeding in the proventriculus and greyish degeneration of the kidneys are regarded as typical. The kidneys are always affected, other organs sometimes. The best confirmation is laboratory tests! Paramyxo can be confused with dimetridazole (Emtryl) overdosing, ornithosis, Sesbania seed poisoning, Vitamin deficiencies, paratyphoid, etc. When in doubt, draw the Paramyxo trump and vaccinate.

Successful treatment can be achieved with complete recovery in most cases. Stress increases mortality! Recovered pigeons have won shows and homing pigeon races shortly afterwards. The biggest threat is dehydration stress when they can't drink water. Crop feeding! Put the pigeons in a semi-dark spot away from noises. Keep the environmental temperature right! (20-25°C) Don't use antibiotics unless you

are dealing with a secondary infection. Administer Vitamins because some of the funny nervous symptoms might be Vitamin deficiencies. An extraordinary phenomenon experienced in South Africa is that vaccination enhances recovery. Apparently, vaccination catalyses immunity just enough for a turn-about in the battle. There is no permanent carrier state!

Control is vaccination and vaccination. Since the disaster of the 1980's, very efficient pigeon strain vaccines were developed! Some racing pigeon fanciers are still very fond of their La Sota commercial fowl vaccine as in season boosters, despite dissuasion. It is important to know that vaccination is no insurance that your vaccinated pigeons will not transmit the virus to unvaccinated pigeons. They can encounter the virus in contact (a show) and without any illness developing,

transmit it to your unvaccinated birds (especially squabs) back home. Vaccinate annually and follow up during the breeding season, vaccinating squabs regularly at three weeks+ of age. The antibodies in the egg yolk will neutralise the vaccine virus in the first three weeks of age. Transmission of the virus is per os or per aerosol medication of the new generation disinfectants (Virukill, Virkon, etc.) in the drinking water is a valuable aid. General hygiene and disinfection for aerosol control! Never ever trust the vaccination efficiency of other fanciers! Revaccinate all new introductions into your loft and quarantine them. Don't disobey quarantine measures! Don't allow contact with feral birds! Do not have pity on weak ill-thrifted doves! Paramyxo arrived 20 years ago with the intention to stay forever and is always lurking on the prowl.

Kleurteling by Mookees

deur Chris Jacobs, Griekwaland-Wes

My groot liefde is Mookees. 'n Ander liefde is kleurteling. Hoe kombineer 'n mens die twee? Ek het besluit dit is moontlik. Kyk net na die verskeidenheid van kleure by Modenas en Birmingham Rollers. As dit by die rasse moontlik is, is dit ook moontlik by Mookees. Dit het my finaal oorreed om te probeer om 'n paar ekstra kleure in die Mookee-ras te vestig. Nou hoe vat 'n mens die ondervinding asook die gesweet oor tyd van kleurteling in 'n bladsy saam?

My eerste gedagte was om Grizzle (met sy sout en peper-

effek soos die meeste van die mense dit ken) na blou-gebalk oor te dra. Dit is hier waar al my eksperimente dan ook begin het. Die gedagte van 'n Grizzle Mookee was nie nou net 'n gedagte meer nie, maar het stadig 'n werklikheid geword. 'n Persentasie van die Grizzle duiwe het nie skoon wit koppe nie en dit maak die projek net meer ingewikkeld. By die Mookee is die kop baie belangrik. 'n Skeidingslyn loop van die bek-opening na die onderkant van die oog en dan na die basis van die kuif en dit

moet wit wees. Met my projek het ek begin met 'n Berlynse Kortgesig, want dit was die enigste ras wat ek in die hande kon kry met 'n donker kop en geen wit vere. Nou trek ek al by F4 (4^{de} geslag), 'n Bruin Grizzle (self-kleur) en Bruin-gebalkte Grizzle.

My tweede projek was om Blou Gebalkte Reduced Mookees te teel. Ek het 'n heterosigotiese indigo/heterosigotiese reduce/heterosigotiese qualmond/heterosigotiese ressesiewe rooi/blou gebalkte Komorner mannetjie by Jan Lombard gekry. Ek het 'n paar stelle gebroei en in die nes was 'n kleur wat ek nog nie gesien het



nie. Dit kon egter nie 'n Blou gebalk Reduced gewees het nie, want dit was 'n mannetjie. Later sou ek uitvind dit was al die tyd 'n Blou Gebalkte Qualmond. So het my reduced-projek 'n qualmond een geword. Vir my is qualmond op blou gebalk die mooiste, maar ek gaan nog met kombinasie van verskillende kleure rondspeel sodra ek genoeg het. Ek het alreeds 'n paar F3's en 'n paar F4's. Qualmond saam met geruit is nie so mooi soos saam met gebalk nie.

Tans is ek ook besig met nog ander kleur-projekte, maar hieroor sal ek later verslag doen sodra daar meer resultate is.


'n Ander onderwerp wat ek graag wil aanraak is hokblindheid, ja, dit het met my gebeur. Dit kom met 'n skok, maar dit is deel van die lewe, gelukkig leer jy hierdeur. Jy het twee opsies, maak alles tot niet en begin van voor af of gaan aan met die beste en sukkel voort. My grootste fout was te veel kleur-projekte en my duive se standaard was nie hoog genoeg nie. Ek het meer aandag en tyd spandeer aan my projekte. In die proses 'n paar van die ander rasse se eienskappe ingeteel. Die feit dat ek min skoue besoek het en nie

deelgeneem het nie, het sy tol geeis. Ek het nie geweet hoe vergelyk my duive met ander telers s'n nie.

'n Paar gedagtes om aan te herkou..... Kies jou ras en vestig eers 'n familie duive van goeie kwaliteit rondom 'n spesifieke kleur. As die familie in plek is, bring jou kleur of kleure een vir een in. Maak ook net seker dat daar genoeg teel-spasie in jou hok is. Doen navorsing oor die kleur wat jy

en as jy nie kan nie, vra 'n bekwame beoordelaar om jou duive te kom evalueer.

Ten slotte, as ek 'n keuse sou gehad het om die foute wat ek gemaak het, oor te doen sou ek nie wou nie. Met die foute het ek 'n paar lesse geleer. Kleur-teling is in my bloed en dit is 'n plesier vir my. Hoop julle sal 'n bietjie nadink oor kleurteling en die kans waag om net een kleur tot jou ras toe te voeg.



wil inbring. Sommige kleure vat langer om te vestig as ander. Teel jou kleur-projek se duive elke jaar terug na jou beste duive in die hok. Skou gereeld

'n Goeie voorbeeld van 'n Qualmond Mookke. Hoeveel skaafwerk is nog nodig ten opsigte van tipe? Laat die Mookke-telers hierop reageer!

KENNISGEWING

RAKENDE DIE TOETSING VAN BEOORDELAARS

Tydens die Senior Beoordelaarsforum vergadering is daar besluit dat voornemende beoordelaars slegs deur 'n Senior Beoordelaar en 'n Spesialiteits Beoordelaar getoets sal word. Die kennisname is veral van toepassing op alle Spes klubs.

Lourens Muller.

Nasionale Beoordelaarsbeampte.



Johann Loots!!

sal ons hom ooit vergeet?

deur Lucille Loots

Johann, my wederhelf en ons almal se vriend, was reguit. Hy het homself dikwels vergelyk met 'n weerligstraal wat skielik slaan: jy ruik net vuur en swael en dan is alles verby. Sy foute was na buite: vir almal sigbaar maar sy hart was van suiwer goud!

en daardie persoon bel hom die aand om te sê die duiwe is almal veilig daar en die duiwe is mooi of die duiwe voldoen nie aan verwagting nie.

Saans kon hy ure met sy duiwe-vriende oor die telefoon sit en gesels. Menigmaal, as ek



Johann soos menige duiweboere hom sal onthou besig met sy pyp terwyl hy aandagtig luister na wat daar gesê word, want die regte antwoord was vir hom baie belangrik.

die geneesheer, het hy nog gesê dat ons die dokter nou verniet pla. Hy wou nooit 'n ander moeite aandoen of soos 'n klakous klink nie.

Ons gaan hom almal mis, ek meer as julle. Die leë duiwehokke en rakke vol medisyne en toebehore herinner my telkens aan hom. Maar, dit was sy wens: "Vlooi, as ek die dag nie meer daar is nie, is my duiwe die eerste wat moet gaan. Moenie hulle onversorg laat nie". Ek glo dat julle wat sy duiwe gekoop het, hulle net soveel liefde en sorg sal gee as waaraan hulle gewoond was.

Ek en die kinders glo dat ons Hemelse Vader Johann die laaste jaar op besondere wyse voorberei het vir wat sou kom. Baie van julle het my ook gebel met vertellings wat hierdie gedagte staaf.



Johann Loots besig om pryse te oorhandig tydens een van Noord-Vrystaat se streekskoue.

Johann was nog tot 2005 die streek se Beoordelaarsbeampte. Noord-Vrystaat groet jou ou vriend.

Hy kon so opgewonde raak oor 'n pas uitgebroeide kuiken, of 'n kleur Modena wat hy lank gesukkel het om te teel: sy hele gesig het gestraal as hy my daarvan vertel. Maar, het julle die Johann geken wat kliphard sit en huil op die trap as daardie selfde duiwie vrek?

Hy het dit baie waardeer as hy vir iemand duiwie gestuur het

hom betig oor die hoë telefoon rekening, het hy geantwoord dat die oproepe goedkoper is as die diesel wat hy sou uitry as hy julle sou besoek. Min van julle het werklik besef dat hy daaglik ongelooftike pyn moes deurstaan. Daarom kon hy nie die oggend van sy heengaan onderskei dat dit 'n nuwe soort pyn is wat hom teister nie. Toe ons uitstap bakkie toe oppad na



Dankie aan julle almal vir jul bydrae om Johann se lewe ryk en vol te maak.

Dank aan God Drie-enig vir my man, Johann Loots.



Bo is Johann se groot liefde in die duiwe, sy Modenas en die pragtige uitsig van waar Johann begrawe lê oor die stukkie van sy plaas waar sy duiwehokke staan.



Wim van Rensburg kan wraggies ook skryf!!

Christo,

Ek wik en weeg nou al 'n geruime tyd om vir jou iets te skryf wat jy in ons Nuusbrief kan plaas. Eerstens wil ek vir jou en Cora bedank vir die diens wat julle aan ons ou duiwe volkie lewer. Ja, daar sal maar altyd iemand wees wat met niks tevrede sal wees nie maar wees verseker die meeste van ons waardeer alles wat julle doen. (Skies vir daai oproep nou die Sondag aand).

Met die teel hierdie jaar gaan dit verbasend goed hoop by almal is dit die geval.

Jy sien gedurende die SA's was daar mos beoordeel. Ek het mos 'n paar manne gehad wat my gehelp het. Op 'n stadium het ek iets naby my geruik dit was

nie 'n aangename reuk nie maar kom ons los dit daar. Dankie aan die volgende persone wat my gehelp het Frik Schoeman, Klein Harry (ek dink sy van is Munnik), Johan Botha en dan is daar 'n persoon regtig julle moet my vergewe maar ek het sy naam vergeet wat my baie gehelp het hy het na die Beoordeling na my toe gekom en my bedank. Dankie my vriend al het ek jou naam vergeet maar die hulp wat jy my verleen het het ek nie vergeet nie.

Ons in Oos-Transvaal wil volgende jaar (2007) tydens ons streekskou 'n Blaasduif prestigeskou aanbied en hiermee rig ek 'n uitnodiging aan alle Blaasduif boere, kom skou by ons. Ek en Jan Labuschagne is besig om vir ons blaasduiwe



borge te bekom.

Ek wil dit ook noem dat Oos-Transvaal aansoek gedoen het om die SA's gedurende 2009 aan te bied. Ek wil ook vir Natal bedank dat hulle ons nie geopeneer het nie. Ek kan dit met trots sê dat ons reeds 'n R30,000 borg gekry te danke aan Jan Labuschagne. Dus, wees verseker ons kan 'n goeie skou aanbied.

Seën Groete aan almal



See what comes to mind if you start thinking!!!

by Fadiel Hendricks

Hi Christo, I was just thinking and this came to mind.

To All Members,

It can be difficult for us to read of the loss of pigeon breeders.

For some it is their age or health that prompts their departure. For others it is the move to universities or transfer of jobs or address that put them in circumstances that challenge their ability to continue, or just changes of family or personal priorities. Sometimes it is the frustrations with the work and time related to the care of our birds or dealing with disease that sets our programs back years. What ever the reasons, we need to accept the fact that time brings about change. How

we REACT to these changes, is the key for us to ensure that we continue to promote our selected breeds. Times like these are important. We need to take a look at ourselves and programs. What can we do as individuals and how can our clubs do a better job of keeping the enthusiasm alive.

As someone relatively new to the club, I can tell you that I am driven not only by my enjoyment of the birds, but by the COMMUNICATIONS and ENCOURAGEMENT that I receive



from my friends in the fancy. We are all fortunate to have built relationships with our fellow breeders and look forward to shows, not only for the competition, but for the chance to catch up and talk story with our club members. I encourage all of you to keep your communi-

cations frequent and your encouragements flowing with each other. Promote our breeds, and put in the time to search out and encourage those new breeders who can help carry on the fine traditions that you have set for us.

Make the time to pick up the

phone or drop that e-mail to that breeder you haven't seen or talked to in awhile. Offer your assistance as a mentor to that new breeder in your area or seek out those with interest and help them get started. It is up to each of us to help our fancy grow.

Ondeurdagte besluit op AJV

deur Jan Lombard - Gauteng

Hierdie opskrif gaan dalk 'n paar wenkbroue laat lig, en veroorsaak dat ek dalk ongewild raak by sommige. Lees gerus verder.

Ek verwys na die Maart-April 2006 uitgawe van die nuusbrieff waarin kennis gegee is van voorgestelde veranderinge aan die Grondwet en Reëls van die SASV - bl6. Ek haal graag die voorstel woord vir woord aan: *"Alle junior raswenners moet 'n medalje en sertifikaat ontvang, dieselfde as vir senior raswenners, volgens oordeel van die beoordelaar."* Vanuit die notule verstaan ek dat die voorstel onveranderd aanvaar is op die 2006 AJV. Aangesien ek in 1985 laas op Stellenbosch Afrikaans medium as deel van my HOD kursus gedoen het, kwalifiseer ek beslis nie as taalkundige nie. Tog is dit nie moeilik om die eerste deel van hierdie reël se betekenis te interpreteer nie. Dit sê bloot alle raswenners **MOET** 'n medalje, **sowel as** 'n sertifikaat ontvang. Die laaste gedeelte laat wel 'n bietjie ruimte vir verskillende interpretasies. Mag die beoordelaar as volg sy oordeel besluit: 1) of die gehalte van die inskrywing 'n sertifikaat

en/of? 'n medalje regverdig; 2) die aantal inskrywings in die ras 'n medalje en/of? 'n sertifikaat regverdig en 3) die aantal vertoners in die ras 'n medalje en/of? 'n sertifikaat regverdig. Indien die aantal medaljes van die senior beoordelaar se oordeel afhang, sal dit beteken dat die streek nie vooraf kan beplan en begroot hoeveel medaljes om aan te koop nie.

Kom ons kyk wat in die verlede gegeld het. Elke streek kon na eie goeddenke, en volgens finansiële vermoë, besluit watter pryse hulle sou toeken. Nou kan ons kyk na die implikasies van die pas genome besluit. Ek is van opinie, dat hierdie besluit verskeie streke, sowel as uiteindelik die SASV, finansiël kan kelder. Hoekom sê ek so? Veronderstel 'n kleinerige streek trek 500 inskrywings teen R4 stuk. Dit laat hulle met R 2 000 waarmee uitgawes gedek kan word. Veronderstel die senior lede skryf 50 verskillende rasse in en juniors 30. Veronderstel 'n medalje kos R12 en 'n sertifikaat R2. Niemand hoef 'n wiskundige of ekonoom te wees om te besef dat R880 te



min gaan wees vir die huur, opsit en skoonmaak van die saal, die druk van hokkaarte, die aankoop van duiwekos en verversings nie. Die ekonomiese beginsel van skaalvoordele ("economies of scale") werk bloot eenvoudig net nie. Selfs al slaag die streek daarin om 100 of 200 meer inskrywings te trek, en al lig die inskrywingsfooie na R5 of R6, gaan die skou moeilik gelykbreek. Die enigste oplossing om dit te maak werk, is dat die voorstellers en ondersteuners van die voorstel, met groot genoeg borge vorendag kom. Ek sal egter nie 'n sent daarop verwed, dat dit gaan realiseer nie.

Moet my asseblief nie verkeerd verstaan nie. Ek is beslis 'n voorstaander daarvan dat ons junior lede moet betrek en behou. Ek glo ook ons moet alle



moontlike erkenning en motivering aan hulle gee. **In ons opvoedingsproses moet 'n wen egter nooit goedkoop gemaak word nie.** Ons juniors (en sommige seniors) moet beseft dat wanneer die enigste plek skielik 'n eerste plek word, dit opsigself in wese **NIKS** beteken nie, omdat daar geen kompetisie was nie. Die beginsel wat ek bepleid is ekonomiese volhoubaarheid wat die voortbestaan van ons sport sal verseker. Dit geld ook vir inskrywings deur seniors. Ek glo die aantal inskrywings

en daarmee gepaardgaande inskrywings fooie per ras, moet die koste van pryse regverdig. As 'n junior, of senior dan 10 duiwe per ras inskryf, behoort geen streek 'n probleem te hê om vir daardie raswenner 'n medalje te gee nie. Is daar egter een inskrywing van 'n ras, regverdig R4, R5 of R6 se inskrywingsfooie bloot nie R12+ se uitgawe nie.

Wat is nou my voorstel? Kom ons laat die besluit by die streek om te bepaal watter pryse hulle gaan/kan toeken. Ons kan die

besluit vervang met die volgende: Elke streek moet op sy inskrywingsvorm aandui watter pryse ter sprake is, asook water kriteria gevolg gaan word. Vertoners (beide junior en senior) kan dan besluit of hulle wil inskryf of nie.

Kan ek afsluit met 'n versoek aan ons lede? Dink asseblief mooi aan die implikasies van die voorstel, voordat u 'n stem uitbring - veral wanneer die besluit 'n emosionele kleur het.

KwaZulu-Natal family day and Gros Mondain selection

by Rob Lombaard

On Sunday 19 November Gary and Sonja Schulz hosted a family day. We took liberty of

the occasion to incorporate a Gross Mondain selection session.



Rodney Stevens judging Gros Mondains at the KZN family day with Lionel Phillips and Gary Schults looking very interested




Kwazulu's "Crocodile" Stevens was given free range to select a pair and cull amongst Gary's Gross Mondains.

From the fifty or so birds we ended up with 17 pairs. A fair amount of grizzles did not make the grade (mostly the same family) and a few birds we left unmated. "Croc" Stevens did a great job and a lot was learned by all present as he was very clear on the standard of the birds and what he was looking for in selecting the breeding pairs.

After the judging session we



Gary Schultz's Gros Mondain breeding pens



made our way to the braai stands to get the fires going as there was a couple of hungry fellows present. As all got comfortable Gary produced a bottle of "German Brew" and

dished out a few fines, the concoction tasted like water but kicked like a donkey. Thank you Gary. As we found out the stuff also creates an appetite as a new fire had to be made in order to finish of the remaining steaks of which the hungry fellows made light work.

A great day was had by all as the last visitors returned home long after dark. Thank you to Sonja and Gary for hosting us and a special thanks to Rodney Stevens for a task well done .

Included is photos of Gary's new breeding pens and Judging in progress featuring Croc , Lionel Phillips and Gary Schulz.

SKEP VAN NUWE KLEURE

deur Seppie Esterhuysen

Ek is oortuig dat in ons streek, Griekwaland-Wes, seker die meeste lede is wat met een of ander kleurprojek besig is. Nou praat ek nie net van om byvoorbeeld 'n bestaande kleur te verbeter nie, maar om nuwe kleure in te bring deur middel van kruisteling met ander rasse. Dalk is daar 'n paar duiweboere nou op hulle agterpote, want ons is nou besig om die standaard van die ras te verswak. Wees rustig dit is sulke pogings wat ondersteun moet word, want sulke ouens lê die waagmoed aan die dag. **Waar kom die bekende Opal en Reduced by Modena's vandaan, definitief nie van die Modena self nie. Die welbekende Bob Pettit, Modena-teler van formaat, het dit met kruisteling reggekry deur Opal vanaf 'n**

Swallow en Reduced vanaf 'n Roller te gaan haal. Vandag is dit raswenners. Kom neem 'n slag deel aan die interessante projek.

Ondersteun gerus sulke duiweboere wat met so 'n projek besig is. Die hulp kan in die vorm van morele ondersteuning wees of om van die kruisings te neem en met van jou suiwer (korrekte tipe) duiwe te paar en so die genepoel te help verbreed om uiteindelik 'n skouduif te teel.

Dink aan 'n Swart Magpie Duitse Skoonheidsposduif, wat van 'n Brons-Tri American Show Racer of 'n Indigo Gross Mondain. Die moontlike nuwe kleure in 'n ras is so baie soos jou verbeelding – die geheim lê daarin om te begin. Kennis van kleurteling kom met tyd.




Kom ek vertel van die verskillende kleurprojekte waarmee ons lede besig is.

Danie Visser is seker die persoon met die meeste kennis oor kleurteling in ons streek. Danie is bekend vir sy barless duiwe. Behalwe sy blou barless Modenas (topgehalte) is daar kansse vir Asrooi sowel as Bruin barless die seisoen. Dit gaan net baie stadig by die Modenas, want die getalle is min en die vrugbaarheid soms



onder verdenking. By die DSP (Duitse Skoonheidsposduiwe) gaan dit



Blou Opal Vliegduif

baie beter. Hier is heelwat blou barless duiwe en die eerste Bruin en Asrooi barless kan ook binnekort hul verskyning maak. Hy is ook deel van 'n tweemanskap wat help om Almond DSP te teel. Danie was so beïndruk met die eerste kruisings dat hy dadelik



Blou Barless Modena

aangebied het om te help met die projek. Die interessante is dat Danie se Almond DSP se kwaliteit beter is as sy vennoot s'n wat die projek begin het. Wys jou net! Netso het hy In-

digo by die Modenas gaan haal en dit op sy swart Duitse Skoonheids-posduiwe oorgedra. Daar is alreeds skougehalte duiwe. Die verskillende kleure vliegduiwe wat hy het, moet 'n mens self na kom kyk. Daar is Reduced Swart, Swart Indigo, Lemon, Blou, Asrooi en Bruin barless, Almond, Blou Opal (blou duif met wit balke) en nog vele meer.


Chris Jacobs is 'n Mookkeeman. As ek 'n ernstige Mookketeleer was, het ek definitief daar



Khaki Gazzi


'n draai gaan maak. Daar is Qualmonds, Bruin Grizzle, F1 en F2 Ice Mookkeekruisings, en vele meer. Hierdie duiwe het nie oornag ontstaan nie, maar met baie tyd en vasbyt. Ou Chris was soms so moedeloos dat hy al amper opgehou het. As hy sou, dink net jare se werk in 'n oogwink in die asdrom en geen Almond Mookkees nie. Ondersteuning en belangstelling van ander Mookketeleers kan net help om die kleure asook die tipe vinniger te vermeerder en verbeter, want die grondslag is klaar gelê. Wat wil 'n Mookkeeman meer hê !!

Johan Nel het byna die onmoontlike reggekry om Khaki Gazzi's te teel. Volgens sy



Self Rooi Gazzi

artikel nie so moeilik nie, maar wees verseker baie geduld. In die Mei-Junie 2006 uitgawe van Die Sierduif verskyn sy artikel. 'n Goeie Gazzi is nie so maklik om te teel nie, want daar is 3 faktore wat 'n rol speel naamlik kleur, tipe en merke. Om aldrie in een duif te kry is nie so maklik nie. Een van sy Khaki Gazzi wyfies was die beste jaaroud Gazzi wyfie op 2006 se SA Kampioenskappe te




Bruin Mottle

Stella. Hy het egter al sy Self Rooi/Geel, Bruin/Khaki Gazzi stoet en ander Modenas



verkoop aan Neil Raw van KwaZulu-Natal kort na die SA's.

By die vliegduiwe is hy ook




Blou Almond Vliegduif

besig met Dominant Opal op blou gebalk/geruit, Asrooi (T-patroom), Resessief Opal op "spread" en verdun (dilute) en verder vestiging van Self Rooi/Geel ook op die vliegduiwe.

Tans is hy besig om 2 nuwe kleure van 'n ander ras oor te dra na sy Kartelruggies en ook een na sy Kings, maar daarmee wil hy ons later jare by die skou verras.

By die Swallows is hy besig om beter kappies en rosette van 'n ander ras oor te dra. By die F2's is die merke hier en



Almond ASR

daar reeds reg, kappies en rosette baie beter, maar die kleur sal nog sommer geduld en tyd kos...

Diedie Esterhuysen het ons verras met sy Reduced Opal Red Check vliegduif. Daar is

ook Almonds, Swart Opals, Swart Reduced, Bruin verdun en Bruin mottles vliegduiwe.

Ekself het begin om die Almond-faktor van die Modena na die DSP oor te dra. Hier is ek en Danie Visser in 'n vennootskap. Tans is ek by F4, maar my kwaliteit is nie so goed soos die van Danie nie. Hy het my verby gestee toe hy sy F3 mannetjie met 'n Blou ingevoerde DSP gepaar het. Nou-ja, jaloesie sal nie help nie, ek moet net aanhou en hom



Mealie Opal Gazzi

oorreed om van die halfkruis ingevoerdes in die hande te kry. Tans is ek besig om Almond ook na ASR's oor te dra. Ek is tans by F3 en die kleur lyk goed. Rodney Stevens en Raymond Halls het my van die nodige blou geruite ASR's voorsien. Met die F4 Almond ASR-kuiken alreeds op die grond en nog 2 bebroeide eiers in die nes is ek oortuig dat ek volgende jaar die eerste Almond ASR gaan skou – definitief nog nie 'n skouwenner nie, maar 'n duif om 'n paar suiwer duiwe goed skrik te maak. By die Modenas is ek besig om Opal na van my Asrooies oor te dra. Die oorspronklike Opal

kom van Koot Serfontein wat hy vir Danie Visser gegee het en uiteindelik het van die nageslag in my hok beland, 'n Asrooi Opal Gazzi mannetjie. Die opal-faktor het ek nou oorgedra na my Asrooi Schietti's - veral mooi op die Mealies. Daar is self 'n Blou Opal Gazzi wyfie. Hier wil ek probeer om die opal na bruin oor te dra. Ek wag net dat die mannetjie by Danie Visser klaar gebroei het. Weereens, as jou mede-duiweteler nie help met die regte duiwe nie is die projek net soveel stadiger. Ek het selfs magnani na Asrooi Modena's oorgedra, baie mooi, maar die kleur is nie geskik vir skou nie.

Indien jy kleurteling oorweeg gee asseblief aandag aan die volgende punte:

1. Besluit watter kleur-faktor jy wil oordra na 'n spesifieke ras.
2. Win inligting in tov die kleur-faktor nl. is dit geslaggekoppel of nie, is dit dominant of resessief, want dit sal jou strategie bepaal vir die projek.
3. Paar jou beste duiwe met die ras waarvan jy die kleur wil oordra. Onthou Chris Jacobs se les wat hy geleer het naamlik jy paar nie die 2de beste duiwe nie.
4. Kry ander duiweboere se belangstelling. Die voordeel is dat hulle meehelp en die projek vinniger vorder of hulle leen vir jou duiwe wanneer benodig.
5. Moet nooit tipe verwaarloos nie.
6. Wees entoesiasties en omring jou met entoesiastiese lede. Daar gaan dae kom dat jy jou projek wil nekomdraai, dit is hier waar hulle jou gaan bemoedig.



Nasionale Ringmeester / National Ringmaster

Banking details/Bank besonderhede

Standard Bank - Tyger Manor

Takkode/Branch Code 05-04-10-41

Rekening nommer /Account Number 272 692 794

Baie belangrik/ Very important

1. Onthou om Posgeld by te sit as jy ringe bestel. Ek skakel jou nie daarvoor nie ek maak net jou ringbestelling minder/Remember to add postage when you order rings. I will not phone you, I will just send you less rings.
2. Jy kan ook slegs ringe in groepe van tien bestel/You can only order rings in groups of ten.
3. Faks asseblief die voor- en agterkant van die SASV aan-sluitingsvorm asook die inbetaal strokie. Die informasie op die hele vorm is vir iemand belangrik/Please fax the front and the back of the completed SAFPA entry form as well as the deposit slip. The information on the whole form is important to somebody.
4. As jy my skakel vir ringe onthou om dadelik die geld in te betaal en punt drie te volg. Ek stuur geen ringe vir niemand vooruit nie, maak nie saak wat die probleem is of wie jy is nie/If you phone me for rings remember to deposit the money immediatly and follow point three. I will not send any rings up front no matter what the problem is or who you are.
5. Onthou ek ontvang partymaal daaglik tot twintig fakse, so my faks masjien is gewoonlik in werkende toestand/Remember that I receive up to twenty faxes a day sometimes so my fax machine is in normally in a working condition.
6. As jy na 'n week nog nie jou ringe ontvang het nie skakel asseblief die Nasionale Ringmeester self en vind uit wat die probleem is/If you do not receive your rings within one week, please phone the National Ringmaster to find out what the problem is.



Nuwe Beoordelaars/ New Judges

deur Lourens Muller



Baie geluk aan die beoordelaars wat in die ondergenoemde rasse geslaag het, Dit is verbleidend dat daar n paar telers is wat hul eerste sertifikaat verkry het. Moet net nie daar ophou nie, die SASV het meer beoordelaars nodig.

Naam/Name	Ras /Breed	Toetsbeampte/Test Officials
Chris de Bruin	English C/L L/F Tumblers Dragoons Duitse Skoonheidsposduif Holle Kropper	Pierre le Roux & Corrie v Reenen Hennie Hattingh & Barnard Steyn Christo Munnik & Lourens Muller Chris vd Walt & Lourens Muller
John Calitz	Domestic Flying Flights	Chris de Bruin & Christo Munnik
Lotie Geyer	Fairy & Silician Swallows	Chris vd Walt & Chris de Bruin
Hennie Hattingh	Carrier	Barnard Steyn & Wynand Wessels
world is becoming divided into hostile ideological camps; the division is a fact. No policy of isolation is possible. Democracy, liberty, justice and reason are being seriously threatened and, in all of SAFPA's regions, destroyed. It is the duty of every one of us, not to ourselves but to future generations of fanciers, to have a clear understanding of what we mean when we use these words, to remember that while an idea can be absolutely bad, a person can never be, and to defend what we believe to be right.

We have the misfortune or good luck to be living in one of the great critical historical periods, when the whole structure of our club and its cultural and educational values are undergoing radical change. We must empower ourselves and turn misfortunes into good luck.

Williston, and the people of Williston, in particular: Tom & Marelise Hickman, Edu Le Roux and Isak vd Colff, taught us how to live with each other. What brotherhood is about and how to share and give unselfishly - that the greatest reward is in the doing and not in the receiving. Otto matched this with an iconic gesture when he donated three pairs of prize chickens to Tom, Marelise & Isak. Amongst them were his SA Champion and the Show Champion. The club thanks Otto for his noble contribution.

We had the privilege of meeting the Mayoress of Williston

Oor die berge, deur die nag, ry ek en Otto die donkerke in, na Williston wat wag. Verby berge van droë modder en bloedbevlekte klip ry ons koud. Ons soek die reën maar dit vermy ons. 'n Sleepwa met duiwe en hoenders lê tussen ons en ons huis en plaas. Ons verbrand die pad sodat ons Williston kan vang. Die vlamme van verwagting brand diep binne ons. Met son opkoms bevind ons ons op 'n gruispad buite Sutherland. Die wêreld rondom ons is droog en as jy fyn luister kan jy die klippertjies hoor kletter en lag. Soos die kranse teen ons rug lê, en die gruispad dreun dis verby, bereik ons die dorp van Williston. Ons ry die skougronde binne en by 'n Bedoeïen tent bevind ons die gaafste gasvrou. Dis Marelise Hickman en sy trakteer ons onmiddellik met sjampanje en laat ons tuis voel. Ons duiwe en hoenders is toe ingehok en binnekort stap 'Generaal' Tom Hickman die tent in. Jy kan sommer sien dat dié man 'n 'Big Mac' man is. Met sy kenmerkende ponytail op sy ken, heet hy vir ons welkom na sy deel van ons pragtige land. Dit was 'n ervaring duisend om die gasvryheid van Tom en sy span te beleef. Deur die loop



Die Sierduif/The Fancy Pigeon

who spent quality time with 'Fiddle'. She not only complimented Tom and his team for an amazing show, she was so impressed with the attention paid to her by 'Fiddle' that she allowed her son to join the club as a member. 'Fiddle' is, undoubtedly, a man with many talents and a great asset to our club. I urge our members to appreciate our President more.

Williston is situated on the beds of the Zak River. It is home to the endangered Riverine Rabbit. It is common to describe the trip to Williston as following the Tombstone Route. Other tourist attractions include the Corbel Houses, Sak River, Anglo-Boer War Blockhouse, Williston Museum, Dutch Reformed Church, Rhenish Church and the Zak River Meander. Due to our short and focused stay we were unable to visit all of these attractions. Perhaps next year Tom and his team will make this part of the attractions of the Williston Show so that, as visitors, we too can appreciate the rich heritage of Williston.

The Williston Agricultural Show was huge. People from all the surrounding towns attended. It included the showing of sheep, goats and horses. There was a SAPS dog show and a Sheep dog demonstration. There were stalls galore, a permanent beer garden, side shows and lots of dancing. The highlight was undoubtedly the Poultry and Pigeon Show. Pierre le Roux did the honours of judging the pigeons. It was a daunting task and he accomplished it with ease. Despite vain efforts to try and bribe Pierre, he wouldn't be bought, and despite comments by an old lady that 'poli-

tics' influences the judges decision, Pierre proved her wrong. The results were as follows...

1. Champion Bird on Show:
Modena - Bill Rogers.

2. Reserve Champion:
American Show Racer
Otto Steinhöfel.

3. 2nd Reserve Champion:
Helmet - Fadiel Hendricks.

4. Junior Champion:
Old German Owl
Tom Hickman Jnr.

5. Reserve Jnr. Champion:
Moekee
Lourens vd Colff Jnr

The Poultry was judged by Mr. Perrin and this was a huge challenge. He had to muster all his skill and knowledge in order to make the right choices. As At says: 'Hoenders of Arende', wie sal wen?

Eventually the results were as follows...

1. Best Heavy Breed:
Buff Orpington.
Otto Steinhöfel.

2. Best Light Breed:
Yokohama
Otto Steinhöfel.

3. Best Bantam Breed:
Ko-Shamo
Otto Steinhöfel.

4. Best Breeding Team:
Japanese Bantams.
Bill Rogers.

5. The Grand Champion:
Venda Hen
Otto Steinhöfel.

6. The Reserve Champion:
Sea Bright Bantam
Bill Rogers.

Bill was emotionally overcome with the results of the show and as fellow fanciers we shared his joy. From all of us our heartfelt congratulations go out to Bill and Otto for their phenomenal achievements. Tom and Marelise personally prepared and framed all the certificates. All sectional winners received certificates and rosettes, but the highlight of the prizes was the whole and half lambs won by Otto, Bill, Pierre, Fadiel and myself.

The braai we enjoyed on Thursday night gave all of us a renewed appreciation for Karoo lamb. It was tasty and unique and thoroughly enjoyed by all. 'Fiddle' was in high 'spirits' throughout the show and this puzzled us. Then we caught him on camera, indulging continuously on champagne, which obviously affected his character. Last year his friend was 'so weak, he couldn't speak'. This year Fiddle was 'so tipsy, he looked like a gypsy'. The average temperature was 38°C and Donald as usual complained that he drank so much water and tea, but had no urge to pee'. Otto on the other hand was rather quiet which also confused us, but then Otto is a 'very complex' individual. Marilise was quick to point out that I, Yassiem, was the best behaved of all and I thank her for her observation and kind words, although others may not agree. (I see you laughing Fiddle!)

The toughest day was Saturday when we had to take leave of friends. It was sad to leave. But then all good things must come to an end. The trip back




home for Otto and I was fraught with misdirections. Ek bel toe vir Tom en vertel hom dat as Generaal De La Rey ons leiding moes gegee het, dan het ons nooit verdwaal nie. We drove towards Fraserburg and then went full circle back to the national road. Between curses and laughs and 3 hours wasted, we finally reached

anything, I am glad we converted Tom from being a 'Kentucky Man' to becoming a 'Big Mac Man'. (Watch hom, Marilese!)

Finally, to Otto, I can truly say that you epitomize care and friendship. Despite pain and disappointments, all we ask for is the supreme gift of friends.

This is found in a handful of fanciers and here I must single you out. Your sense of fellowship is a tough act to follow.

Thank you for your generosity and good will.




Inside the huge Marquee where the pigeons and Poultry were on show at Williston

Diep Kloof, Otto's farm, on the Breede River. Exhausted, we showered and went to bed. By the next morning Otto's farm manager had safely penned all the chickens, and Otto & I hit the road to Cape Town.

To Tom and his Team we congratulate you on a very successful show. As exhibitors we will long remember the fantastic show, the tremendous hospitality and the warm welcome we enjoyed in Williston. We are looking forward to Williston 2008. If we achieved

Red Check Schietti Modena of Bill Rogers - Champion bird on show at Williston



Die Sierduif/The Fancy Pigeon

Wanneer moet ons ringe kry?

Jan Lombard

Teen die tyd is almal al deeglik daarvan bewus dat ringe vanjaar eers teen die einde Maart uitgepos gaan word. In die verlede was die datum 30 November. Hierdie datum het verskeie voordele ingehou - vir beide vertoners en die SASV. 'n Paar wenkbroue mag dalk lig, maar laat my toe om te verduidelik. Die voordeel vir die lede is voor die hand liggend. Kuikens wat gedurende Desember met die komende jaar se ringe gering word (sê 2006 ringe) is teen die tyd wat die 2007 skouseisoen aanbreek reeds deur twee verveerseisoen en het beslis 'n mededingende voordeel bo kuikens wat eers na die winter van 2006 geteel is. Ek het heelwat sulke blouring duiwe waarvan ek al reeds kuikens geteel het. Dit is juis om hierdie rede dat sommige lede daarin geslaag het om die 2006 AJV te oortuig dat ringe later uitgestuur moet word - bloot omdat hulle nie kans sien om in

Desember en Januarie nog kuikens te teel nie. Dis mos hulle eie keuse, hoekom wou hulle ander daarvan weerhou om dit te doen. Die goeie nuus is dat die Uitvoerende Komitee, na verskeie vertoë (o.a. deur myself) en na vurige debat besluit het om voor te stel aan die 2007 AJV dat die ou reël weer in werking gestel word. Kom ons laat die lede vir 'n oomblik daar.

Ek het sopas die opgedateerde ledelys vanaf Cora ontvang. By nadere ondersoek toon dit toe dat 136 lede wat in 2006 aan die SASV behoort het, nog nie hulle ledegeld hernu het nie. Lede hernu gewoonlik hulle ledegeld wanneer hulle ringe vir die komende seisoen bestel. Ek twyfel of die voorstaanders van die 2006 AJV-besluit enigsins gedink het wat die effek daarvan op die SASV se kontantvloei gaan wees. As al 136 lede in November hernu het, was daar nou R 34000 meer in die bank. Self al het 'n



wesentlik persentasie nie hernu nie, sou die effek nog steeds aansienlik gewees het. Ek dra nie kennis van die stand van ons kontantvloei nie. Ek weet wel dat dit beslis baie beter kon gewees het, as wat dit tans is. Ek weet ook van baie lede wat ongelukkig is omdat hulle nie ringe kon kry om hulle kuikens te kan ring nie. Hierdie duiwe sal nou nie geskou kan word nie.

Gelukkig het ons vanjaar 'n geleentheid om die besluit om te swaai. Maak asb. seker dat jy die AJV bywoon en 'n deurdagte besluit afdwing.



A BRIEF VISIT TO CAPE TOWN

Freddie Theron

Vroeg in Januarie het my seun na Kuilsriver verhuis om daar te begin werk. Ek het die geleentheid aangegryp om hom daarheen te neem om sodoende ook by Fadiel 'n draai te gaan maak - wou sien hoe lyk die Trompetters en Helmets wat hy ingevoer het.

Die weer was die naweek

maar koud en nat - 'n groot lafenis na die hitte wat ons in Gauteng beleef. Fadiel invited me for lunch with his family on the Sunday - I was looking forward to this: will it be a strong curry dish, maybe briyani or snoek??

On my arrival we had a nice conversation sharing news



and happenings from our regions. We discussed the successes and sorrows of the past breeding season.

Fadiel was so enthusiastic about the coming Championship Show in their region – I believe it is something to look forward to. There is another pigeon lover in the family – his grand son. He just want to go

of some. He definitely progressed a lot since starting with them. The new imports are going to boost the standard in his loft even more.

He then asked me to sit and wait on his stoep as he wanted to show me something. From somewhere in his house (maybe his bedroom?!) he brought out another pair of im-

die regte wyfie uit te soek vir die geel mottle mannetjie. Ons het na heelwat bespreking en kopkrap besluit op 'n jong, rooi mottle wyfie en ek glo dat die paar suksesvol sal wees.

Hy het reeds 'n kuiken van die ingevoerde duiwe – hy kan nie wag om te sien hoe dit gaan lyk nie! Daarna het ek na die res van sy duiwe gaan kyk. Ek was verras oor die hoeveelheid SA Toys wat hy geteel het. Die gehalte was baie goed – miskien beplan hy om ons almal te troef hierdie jaar?! Daar was 'n paar geel Toys wat my baie beïndruk het: goeie kwaliteit en omrede die kleur so lank laas op ons skoue gesien was.

He then showed me the Hel-mets that he imported. I am not an expert on this breed but could see the quality of the birds. They have strong necks, wide heads and well shaped crests. He was very proud of them and was looking forward to breed with them.

Then it was time for supper. I was introduced to his family and felt at home with their friendliness and hospitality. And there was briyani on the menu! I had to take a second helping! I want to thank his wife, Madniah, for the excellent meal and for the whole family for their friendliness.

The afternoon went by too quickly and I still had to catch a bus back to Pretoria late that afternoon. Fadiel, thanks again for a lovely afternoon. I hope to see you at Kleinplasië. All the best with the preparations for you and your team.



Fadiel Hendricks and Freddie Theron holding two English trumpeters

outside to be with the pigeons! Fadiel constantly had to keep an eye on him.

Then: at last he took me to his lofts. A nice layout: well protected from the winds and elements of the famous Cape of Storms! I couldn't wait to see the Trumpeters! I was not disappointed – the quality and type was excellent. He showed me a red cock with a good neck and short body (I am sure that my red hen will be a good match for this cock, Fadiel!)

He bred quite a lot of "local" Trumpeters and I was surprised with the quality and type

ported Trumpeters – a yellow mottle cock and a magnificent yellow hen! (I later learned that he keeps them protected in his garage). I immediately could envision her being mated with my white cock! She has an excellent head, crest and mane. Her body is short and bullish with an S-shape stance. Congratulations Fadiel!!

We then discussed which of the two cocks will be a better mating with this hen. We both agreed that the red cock are the better cock and decided that he will put them together.

Daarna moes ek hom help om



Nog twee streke smelt saam!!!

Rob Lombaard

Na 'n aantal besprekings is die onderwerp van samesmelting van Kwazulu-Natal en Oos-Vrystaat tydens die onderskeie AJV's weer aangeraak. Alles het goed afgeloop en uiteindelik op 10 Februarie 2007 vertrek 'n aantal verteenwoordigers van KZN na Bethlehem om die nodige dokumentasie af te handel en ook te beplan om die betrokke logistiek te verhuis.

Neil Raw , Lionel Phillips , Jono Dent and Myself (Rob) were present from Kwazulu-Natal. We met Corrie van Reenen and Les Ewan at the local Wimpy and after a cuppa we set off to the show grounds to inspect the show cages and what

was left of the show hall as vandalism has been taking it's toll. CD Cilliers met us at the hall, thereafter we set off for breakfast while completing the necessary documentation.

The region will from now on be known as Kwazulu-Eastern Freestate. I would like to welcome all the members to the new "Combined" region. Due to geographical reasons there are a few members whom chose to affiliate to neighboring regions, we wish you all the best and happiness in the respective regions.

Last but not least a special thanks to Jono Dent and Neil Raw for making their transport



available to move the show cages at minimal cost to the club, what a pleasure to be part of a region where there is always members prepared to assist and make a plan "FOR THE LOVE AND CARE OF FANCY PIGEONS".

Dankie van my kant af

Johann Coetzee

Goeie dag Christo,

Ek wil net graag van my laat hoor om te vertel hoe dit gaan na die eerste seisoen van my her toetrede tot ons stokperdjie en ook om sekere mense te bedank wat my gehelp het om goeie Runts te bekom waarmee ek dan duiwe kon teel wat reg is om mee te skou, ek was gelukkig om van my ou duiwe te kon terug koop by Johan Harvey, daar het ek 'n paar mooi kleintjies uit geteel. Baie dankie aan Oom Will du Toit by wie ek goeie duiwe kon kry en ook aan Chris de Bruin wat my gehelp het, dankie hoor. Dan sien ek baie uit na die eerste skoue en netsoveel daarna om weer

verder te teel en te verbeter op

wat ek reeds in hierdie kort tydjie bereik het.

Dan wil ek graag ander Runt telers nooi om asb ons skoue te ondersteun sodat dat daar kompetisie is en ek nie teen myself moet meeding nie.

Dankie aan jou vir 'n puik maandblad, net jammer dit is nou 'n twee maandblad en mens kan amper nie wag vir die volgende een nie.

Dan kan ek net aan al ons duiwe vriende 'n goeie skou seisoen toewens want dit is net om die draai dan sien ons almal daar.





Danie Visser van Kenhardt skryf.....

waarskuwing aan alle Gros-telers rig: Hy kan miskien geklop word vanjaar, maar dit sal sommer 'n man op 'n perd kos om dit reg te kry.

Volgende aan die beurt was Hendriena Swanepoel. Sy het sover 'n baie swak broeiseisoen gehad en het nog baie min kuikens op die vloer gehad. Ek kan ongelukkig nie kommentaar lewer oor die tipe van die kuikens nie, want die goedjies lyk maar vir my almal dieselfde! Grappie.

Toe was ek by Chris Jacobs aan. Ek en Chris het dieselfde belangstelling in kleurteling, hy doen net sy ding met Mookees. Daar is omtrent nie 'n kleur wat hy nie mee eksperimenteer nie. Hy het al baie goeie tipe Qualmonds, daar is Grizzle en nog 'n klomp kleure wat in verskeie fases van ontwikkeling is. Mookee telers kan gerus daar 'n draai gooi en kyk wat

se mooi kleure kan jy alles teel.

Ons het toe sommer ook so vinnig 'n skouergadering gereël en net ons reëlings gefinaliseer met ons streekskou. Alles loop sover seepglad en ons sal probeer verbeter op laasjaar. Ons het ook weer ons groot saal vanjaar, so julle kan maar die inskrywings laat inrol.

Hier op die plaaslike front gaan dit darem ook nog goed. Ek het 'n redelike goeie seisoen gehad met baie goeie tipe kuikens. Seppie Esterhuysen het ook redelik gebroei maar hy is nie baie tevrede met die gehalte nie, maar ons sal maar moet sien op die skou. Johan Nel het nou sy Modenas verkoop en het goed gebroei met sy ander rasse en het ook 'n paar snaakse kleure by sy Kartelruggies geteel. Die Kakamas-manne is besonder stil, ek dink hulle sit en slyp hulle tande vir die skou!

Ek het onlangs in Januarie my dogter na die Universiteit van die Vrystaat geneem en toe soos dit 'n goeie duiweboer betaam, 'n klompie lede op die pad besoek.

Eerstens was ek in Kimberley by Rudi Viviers aan. Ek het 'n paar jaar gelede al my Gros Mondains aan hom verkoop en was baie tevrede dat ek dit gedoen het. Die duiwe is in netjiese skoon hokke en die beste van alles – hulle het ongelooflik verbeter! Ek kan sommer nou al namens Rudi 'n

Kobus Swanepoel wonder ook maar net

Na aanleiding van die manne se skrywe in die Sierduif oor ledegeld en ringe, ook my gedagtes. Dit help nie ons praat oor hierdie dinge en ons kom nie met oplossings nie. Niemand word gedwing om aan die SASV te behoort nie en om ringe te koop nie. Dit is immers n stokperdjie. Om wel ons stokperdjie voluit te kan beoefen in die vereniging is ons afhanklik van lede. Sulke lede

moet gewerf word met 'n aanloklike fooi.

Ek stem saam dat daar indringend gekyk moet word om lede geld te verminder. Vergeet van pensionarisse, kyk na ons ander jonger lede en juniors. Waar 'n gesin aan die vereniging behoort kos dit die hooflid, gewoonlik die pa, baie geld, en wat kry hy inruil daarvoor, nie baie nie.



Hoekom moet die boekie op



glans papier gedruk word. Gebruik dit net vir die buiteblad. Groot maatskappye soos Checkers en Pick 'n Pay wat weekliks brosjures versprei doen dit op gewone papier. Ek dink dit kan ons kostes baie verminder. Die ander moontlikheid is om die boekie net drie keer per jaar uit te gee.

Toe daar besluit was om die ringe van oorsee te kry, was gesê dat die ringe goedkoper aan lede gegee sou word. Dit het nie gebeur nie. Ek dink die prys van die ringe is te hoog. Wanneer die kos prys van die ringe bereken word is dit nodig

dat daar so 'n groot wins daarop geneem moet word. Ons sal dalk moet kyk wat die plaaslike mark nou aanbied.

Wat my self betref dink ek dat die prys geld aan ras wenners op die SA's maar afgeskaf kan word. Gee net aan die top sewe wenners iets. Dit sal 'n koste besparing meebring wat kan veroorsaak dat ledegeld verminder kan word. As daar iemand is wat ongelukkig gaan wees moet so 'n persoon probeer om maar 'n borg te kry.

Indien die prys van ringe so verboog word dat lede dit nie

meer kan bekostig nie en ons die SASV staande wil hou, sal lede maar weer toegelaat moet word om duive sonder ringe in die oop klas te skou. Wat my verder bekommer is dat streke wat afhanklik is van duive getalle daar onder sal ly.

Alle voorstelle met moontlike oplossings moet aan ons Nasionale Tesourier deurgegee word, want hy is die persoon wat na oplossings, prysverlagings, ledegeld verlagings ens. moet kyk vir die opstel van 'n begroting.

Christo ek wonder maar ook .

DIT EN DAT

John Calitz

Kommentaar oor sekere skrywe in Die Sierduif Jan/ feb 2007

Dankie Seppie Esterhuysen vir jou gedagtes van julle kleur projek, ek is self besig om 'n bietjie te speel, en is nogal verbaas met die uitslae.

Van die "moans" wat Piet Brouwer opper in sy brief is seker waar, maar punt 2, dat die selfde duif nog nooit die SA's tweekeer na mekaar gewen het is vals.

2005 en 2006 het 'n duif van my dit gedoen, gaan die uitslae gerus na, en ek glo daar is

ander gevalle ook.

Punt 4. Natuurlik is dit nodig vir SA's elke jaar, ons kry slegs een kans om ons jong duive te meet teen die bestes van ander telers. Natuurlik kan ons nie altyd skoue bywoon nie, maar dit daar gelaat. Van die ander "moans" het ek geen kommentaar.

Ja Christo wanneer dit kom by kostes aangaande die duive sport, het ek nie 'n antwoord nie. Ons weet dit almal, een troos, ek is bly ek is nie meer deel van die vlieg afdeling nie, daar moet die manne uithaal en betaal. My kostes word redelik



maklik gedek deur die verkoop van oortollige duive, daar is nogal 'n groot aanvraag vir seker rasse in die pet trade.

Dankie aan Jan Lombard vir die inligting oor "Purebred Pigeon" meer van sulke informasie is altyd welkom.

Daar is n gesegde wat sê, " 'n klip in die bos"

Aangaande "INDIESE WAAIERSTERTE", wil ek nie 'n klip gooi nie, maar sommer 'n emmer vol. In die perde wedloop sport is daar n gesegde "

NET 'n GEDAGTE.

John Calitz

horses for courses", of speel die jokkie, nie die perd. Ongelukkige is dit so, ek skou

soos volg, ek skryf duive in volgens wie beoordeel. Julle kan maar lag, maar ek weet wat



die verkillende beoordelaars van hou, dit is nou te sê van die rasse wat ek teel. Dit sê ek vir julle, as beoordelaarsbeampte het ek dit dikwels ondervind. Vertoners het my al gebel met die vraag, Voordat ek duiwe inskryf vir die skou wil hulle weet wie beoordeel.

Terug na Indiese Waaiersterte. Die standaard van die SASV is heeltemaal die spoor byster. Slegs die Modena klub het hulle standaard in lyn met die internasionale standaarde, nie so met die Indiese Waaiersterte. Die hoof rede hoekom die ras nie populêr is, is omdat elkeen sy eie idees het. Kom ons die beoordelaars vergeet van wat ons persoonlik dink en keer terug na wat die goeie ou groen boek sê. En indien die standaard nie reg is nie, dan praat ons en stel dit reg.

Die afgelope paar jaar het ek noukeurig na die raswenners gekyk, soos ek dit sien was daar duidelik groot foute, ja natuurlik was daar ook duiwe wat nogal goed vertoon het. Maar ek het soms die indruk gekry dat die hele spul aangaande die beoordeling maar net 'n grap was. Soos die buig van stertvere om 'n vol ronde stert te kry, ongeag die gapings, ja ek het al wenners gesien wie se

sterte lyk soos 'n kantgordyn. Ag tog wanneer gaan ons 'n waardige wenner sien sonder "frills" en gebuigde stertvere, en die getwiste van stertvere sodat hul nie plat lê nie.

Die Amerikaanse standaard sê die volgende. Wat hul telers van duiwe weet, moet ons nog gaan leer, kom ons word wakker.

Let me point out faults in our Indian fantails. (according to international standersds.) Ja, ek is op hoogte met standaarde van reg oor die wereld met die rasse wat ek teel.

1. Shaking of neck. [disqualification]
2. Bare toes, feet or excessively over muffed.
3. A split in the centre or top of the tail.
4. Lacing of tail feathers. Very few of our judges are aware of this major problem, in fact in other parts of the world will this fault be a disqualification.
5. Crooked or slanted tails.
6. Breast feathers that do not cover wing butts
7. A 4 cm space between head and tail when at station. Very

seldom seen.

And of course parasites, sick birds, a disqualification.

Points 1 and 4 are the hallmarks of our show winners. There is no chance at all to get a top 7 award, if we let substandard birds keep on winning sections.

Note. The size of a perfect Indian fantail is that of a show racer or English trumpeter. With a crest of an archangel. No more No less.

Baie dankie Julian en jou span vir 'n lekker tyd op Stella, ek nooi ook alle beoordelaars wie ir 2007 op O-TVL wil beoordeel om my te bel, so gou as moontlik asseblief. Die dag is 13 Mei. Veral julle jong en nuwe beoordelaars, O-Tvl wil julle graag betrek.

Cell 0823501048, of skryf na posbus 724 Machadodorp. 1170.

Voorspoed in julle neskaste, (all an all.) May God bless you, and yours.

Groete van Oos Transvaal. Waar ons groot dink, en wenners teel.

PS Yassiam, I enjoy your articles, keep them a coming.

KwaZulu-Eastern Freestate family day

Rob Lombaard

Sunday 25 February Kwazulu members enjoyed yet another family day hosted by Neil and Angie Raw. Members, family and friends totaled 25 souls present on the day.

A number of fanciers brought along birds for discussion. Of the eleven different breeds a special mention must go to Lionel Phillips

For the progress made with



his English Longface Muffed Tumblers and also-Toirtoise shell / Grizzle Norwich Crop-pers. I have limmited knowledge (by choise that is) of Modenas but must admit that Neil has bred some Magnifficent Silver and Bronze-Tri Schietti's, he also has something up his sleeve with the Gimpels as far as

colour is concerned but that we will keep under wraps until show season.

A pleasant day was had by all apart from the cattle in a nearby pen getting very nervous after noticing the amount of meat been consumed by the bunch of Pigeon Fanciers.

Thank you Justin Raw for looking after Dad and Rob as we never went thirsty all day no matter where or when we ran dry, he was always there with new "refreshment". Thanks once again Angie and Neil for a Great day in our hobby.

Nuus vanaf SWD


Kobus Swanepoel

Wanneer jy van streek verander dan wonder 'n mens hoe jy by die nuwe streek aanvaar sal word en of jy sal inskakel by hulle aktiwiteite. Hoe wonderlik was dit nie vir my toe ek die eerste vergadering van die streek bywoon en soos 'n jare lange lid verwelkom is nie. Ek was dadelik een van hulle en was daar lekker duiwe sake gesels. Baie dankie vir die vertroue in my gestel om my op die streek se bestuur te verkies. Johan dankie vir die lekker braaivleis.

Die afgelope paar maande het die streek nie laat slap lê nie. Omdat die landbou skou net soos baie ander nie kon plaas vind nie het die duiwe manne en die hoender manne 'n drie

dae skou op Oudtshoon gehou. Daar was meer as 200 hoenders vertoon en om en by 50 sierduiwe wat 20 rasse verteenwoordig het. Die skou het baie belangstellendes gelok en was 'n groot sukses.

Vanaf 1 Maart tot die 3 Maart het ons sierduiftelers die geleentheid gehad om weer duiwe op die landbou skou te George te skou. Die uitnodiging was egter op so 'n kort kennisgewing gegee dat al die lede nie betyds uitgenooi kon word nie. Die wat wel daar kon wees het altesaam 20 rasse vertoon. Volgens bronne was dit die eerste keer in drie jaar dat daar weer sierduiwe op die skou was.



Ons het ook gesprek gevoer met die bestuur van die Langeberg Mall te Mosselbaai. Hulle is ons baie goedgesind en is toestemming gegee dat ons op Saterdag 21 April 2007 'n sierduif uitstalling by die Mall kan hou. Ons beoog om so veel as moonlik rasse die dag te vertoon. Dit sal elke drie maande kan geskied.



LUISE IN DIE DUIWEHOK!!

Seppie Esterhuizen

In die skou-skedule van 2007 word die skou-reëls wat van toepassing op alle SASV gereëide skoue aangetoon. Reël 16 en 17 lees as volg: Sien duiwe of duiwe met lewendige parasiete kan summier uit die skousaal verwyder word. Beoordelaars het die reg om sy eie diskresie te gebruik

aangaande duiwe met "pinholes". Dieselfde boodskap is deur ons streekverteenvoerwoordiger, Hendriena Swane-poel, aan ons oorgedra.

Baie gedagtes het onmiddellik deur my kop gegaan. Die eerste was, "Die arme beoordelaar". Ek het besluit om 'n opname van



ons lede se gevoel in Griekwaland-Wes te maak. Die reaksie van die lede as volg:

Danie Visser:

Ek wil graag 'n voorbeeld noem om my standpunt te staaf. Veronderstel ek paar twee blou duive en onverwags kom daar 'n bont kuiken te voorskyn - wat natuurlik baie mooi is en het die duif tipe!! Ek kyk heeljaar mooi na die duif en vat hom aan die einde van die jaar skou toe. Hy wen sy klas loshande, maar word met 20% beboet omdat hy bont is. Jy, aan die anderkant, is heeljaar te slap om na jou duive te kyk, maar jy gaan ook skou toe met 'n redelike goeie duif wat ongelukkig vol veerluise/pinholes is. Jou duif het nou 'n 20% beter kans om te wen as die beoordelaar so sou besluit. Watter duif is die beste advertensie vir die SASV?

André Bruwer:

Ek dink eerlikwaar ons is nou besig om afbreek te doen aan ons stokperdjie! "Pinholes", oftewel veerluise, is in dieselfde kategorie as brandsiekte by skape en beeste, en moet streng beheer word, hoofsaaklik oor die verspreiding van die luise na ander diere.

Dit is egter maklik om te beheer, op voorwaarde dat dit gereeld gedoen word, 3 - 4 keer per jaar maksimum. As jou hokke en duive ontslae is van die veerluise is die belangrikste om alle nuwe duive te behandel voor hulle by jou trop aansluit. Die belangrikste behandeling is net voor verveertyd en net daarna.

Om duive met pinholes toe te

laat by 'n skou is nie aanvaarbaar nie. Daar is voldoende bewys dat die duive met luise besmet was, maar geen waarborg dat alle luise dood is nie. Met 'n duif sonder pinholes is daar egter geen bewys dat die duif besmet was nie, alhoewel daar ook 'n risiko bestaan. Die duif was ten minste sedert verveertyd hopelik fisies vry van luise.

Die eienaar van duive met pinholes op skoue en sogenaamd sonder veerluise, moes in elk geval sy duive behandel het daarteen, hy kon dit net sowel betyds, voor verveertyd, gedoen het.

Die hele aangeleentheid kom na my mening neer op swak hokbestuur, wat nou deurgegee word aan die beoordelaar op 'n skou om daarvoor te besin en hom onder druk te plaas omdat die eienaar nie gedoen het wat hy geweet het hy moes doen nie.

Daar is geen manier wat 'n duif met pinholes 'n duif sonder pinholes kan wen op 'n skou nie, al is dit 'n sterker duif.

Hoe sal 'n SA Kampioen, met pinholes, vergelyk met bv. 'n Amerikaanse Kampioen, sonder pinholes?

Ons as lede van die SASV gooi naam weg met hierdie besluit.

Seppie Esterhuysen:

Die belangrikste oorsaak vir pinholes is swak hokbestuur. Daardie uitstel van duive poeier of bad of druppel-behandeling kos jou pragtige vere uittrek, vol gate. Die arme beoordelaar moet nou die pakslae vat in plaas van die teler. Waarom so 'n omstrede besluit?

Twee Duitse Skoonheidspos-duive (DSP), ewe goed en kandidate vir die Top 7, ding mee om die beste DSP. Die swarte het pinholes, maar die blou gebalkte nie. Die beoordelaar hou van die swarte (met pinholes) en maak dit die beste DSP (gebruik sy eie diskresie). Die beoordelaar wat die Top 7 uithaal is hard op pinholes. Watter kans het die DSP met die pinholes om onder die Top 7 te eindig.

Ons sal baie redeneer en elke lid sal 'n sekere standpunt hê oor die omstrede 2 reëls. My gevolgtrekking is dat ons nou ons skou-reëls verslap om swak hokbestuur te akkommodeer.

Chris Jacobs:

Reël 17 van die skou-skedule lui soos volg: "Beoordelaars het die reg om sy eie diskresie te gebruik aangaande duive met 'pinholes'." Die meeste lede gaan sê geen "pinholes" is aanvaarbaar. Ek stem saam, maar gaan ons 'n duif met 1 of 2 "pinholes" diskwalifiseer wat beter is as die res in sy ras? Daar word nou baie gewag gemaak van tipe/kwaliteit. Het die 2^{de} beste duif nou voorkeur bo die "pinhole" een omdat sy eienaar meer moete gedoen om hom in skou toestand te hou. Nou kom reël 16 in die prentjie: "Siek duive of duive met lewendige parasiete kan summier uit die skousaal verwyder word." Lewendige parasiete veroorsaak "pinholes" en is hulle dan ook toelaatbaar in die toekoms (dit is wat volgende gaan gebeur). Hoeveel "pinholes" is aanvaarbaar? Watter beoordeelaars gaan "pinholes" toelaat en watter nie? Hoekom



kan ek die een skou wen met 'n "pinhole" duif en nie die ander een nie? Gaan die beoordelaars-forum vir ons sê hoeveel "pinholes" 'n duif mag hê om skoubaar te wees, want die reël is klaar goedgekeur of nie? Kan ons asb. terugvoering kry van iemand wat van die vrae kan beantwoord voor die skouseisoen, sodat ons die nodige vere kan trek of nie?

Wat is eie diskresie? Is 1 tot 2 toelaatbaar of meer? Is dit nou 'n uitweg vir sekere telers om te laat slap lê en minder aandag aan hulle duiwe te gee, maar nog steeds te wen. Hoe gaan ons goeie kwaliteit duiwe met "pinholes" laat wen. Hulle het die kwaliteit maar hulle was oor 'n tydperk verwaarloos en het "pinholes." Gaan ons nou so 'n duif diskwaliseer of gaan ons hom slegs penaliseer met sekere hoeveel punte soos voorgeskryf deur die spesklub. Is ons spesklubs gerat hiervoor? Gaan ons in die toekoms die beste duif (met "pinholes") by die huis los en die 2de beste (geen "pinholes") skou toe neem? Ons gaan skoue toe om te sien hoe ons beste duiwe met ander vergelyk. Is die kompetisie-faktor te groot om 1 of 2 "pinholes" oor te sien? Ek dink so en baie duiwe word so te na gekom!!!

Hendriena Swanepoel:

"Pinholes" toelaatbaar – hoe vër wil ons die spoor nog byster raak? Wat het geword van die SASV se leuse van "Vir die liefde en versorging van Sierduiwe". Dis met leedwese dat ek verneem het dat 'n sierduif ('n skouduif) met lewendige parasiete en "pinholes" voortaan die spieël gaan

wees van hoe ons ons skouduiwe gaan versorg. Het u al 'n skoubees, -perd of -skaap gesien wat op 'n skou vol lewendige parasiete, gate in die wol of vel of siek is? Die publiek gaan vir ons lag!! Volgens die 2007 skouskedule kan duiwe met siektes en parasiete uit die skousaal verwyder word, maar gaan dit gedoen word of sal die beoordelaar sy eie diskresie gebruik en hulle los en so toelaat dat hulle "skoon" duiwe besmet? As beoordelaar soek ek 'n duif wat goed versorg is en so na as moontlik aan perfek is, daarom is 'n onversorgde duif met swak kondisie gelykstaande aan die met onversorgde vere (pinholes). Waar is ons hokbestuur dan? Wat moet 'n beginner van ons dink met sulke weersprekende reëls? (Sien reël 16 en 17) Hoe gaan ons lede met ons reëls lok? Nee wat, kom terug na die basiese en dan kan ons verder bou aan die SASV.

Diedie Esterhuysen:

Volgens die skouskedule van 2007 en die vergadering van 3 Februarie 2007 kan beoordelaars hul eie diskresie gebruik of duiwe met pinholes geskou kan word al dan nie (reël 17). Duiwe met lewendige parasiete kan summier uit die skousaal verwyder word (reël 16). Ek reken met die dubbelsinnige besluit kan ons 2 de kom. Ek glo dat enige beoordelaar wat sy sout werd is nie duiwe sal beoordeel wat of siek is of parasiete het nie. Ongelukkig bly dit mos 'n probleem, want die duif is reeds in die skousaal en het reeds moontlike skade aangerig in terme van siekte- of parasiet-

verspreiding.

Ek aanvaar dat dit 'n moontlike opsie is by baie skaars rasse vir tentoonstelling, maar wanneer prysweners in die gedrang kom, kan jy baie argumente uitlok. As jou beste duiwe uitgehaal word om teen mekaar te kompeteer sal enige van bogenoemde nie toegelaat kan wees nie. Wanneer bepaal jy of dit die beste duif is met pinholes of beste duif sonder pinholes. Lewers gaan die menslike faktor veroorsaak dat die duiwe nie tot hulle reg sal of kan kom nie. Ek probeer geensins om stroomop te wees nie, ek dink net ons skep vir ons 'n slagveld van argumente. Hou by die ou reël van skoon hokke, skoon duiwe – die duiwe is tog ons trots.

Johan Nel:

My gevoel oor pinhole-duiwe skou is uit! Ek voel baie sterk hieroor. Soos ek vir 'n paar lede daar bo genoem het, "Die dag as 'n duif met pinholes my duif wen wat met baie moeite voorberei is vir die skou, pak ek my duiwe ek geniet hul eerder net by my huis." Nou is daar manne wat sê, ja, maar as die duif met pinholes die mees perfekte duif is en beter as die goedversorgde duif, dan moet hy wen!! Dis mos nou nonsens!!!! Vir die Liefde en Versorging van Sierduiwe voor op ons boekie moet dan liewers verander word na: Vir die Liefde van Wen by 'n Skou ongeag die Versorging!! As hulle dan nou so voel, wat dan van 'n bont duif wat dalk die beste duif is? Ons weet almal, baie keer is die bont/mismerkte duiwe die beter tipe. My gevoel is dat ons standaard eerder sal



val op skoue omdat punte vir kleur by mismerkte duiwe afgetrek gaan word en daardie goeie tipe mismerkte duiwe nie meer geskou gaan word nie. Die gevolg is dat ander lede nie die duif te sien gaan kry nie en dalk bekom nie. So sal 'n ander lid nie sy eie duiwe se tipe kan verbeter nie.

Is dit dan vir lede so moeilik om uitwendige parasiete te beheer in hulle hokke? As pinholes

toegelaat word, wat is volgende?

As dit die kommentaar is van 'n paar lede van 'n streek wat ek glo verteenwoordigend is van die res van die land se lede, hoe kan met so 'n omstrede voorstel voortgegaan word. Glo my, beoordelaars gaan baie lelike aanmerkings verduur, van beide kante, wat net 'n swaarder las op die persone gaan plaas. Beoordeling is

alreeds 'n moeilike taak, met die eie diskresie het die arme beoordelaar nou geen reëlboek wat hy kan uitpluk om hom te help nie. Her-dink asseblief die besluit wat u geneem het, dit gaan definitief nie bydra tot samehorigheid nie. My eerlike mening is dat u met die die twee besluite rondom pinholes en mismerkte duiwe eerder die negatiewe na vore gaan bring in plaas van die positiewe.

WORD DIE SASV WERKLIK TE DUUR?

Chris de Bruin

In die Januarie – Februarie 2007 uitgawe van die Sierduif skryf sommer drie persone en sê die SASV raak te duur en onbekostigbaar vir ons lede. Ken Garrod sê ledegeld moet vir alle lede dieselfde wees, ongeag of jy nou 10 of 60 is. Piet Brouwer sê weer pensionarisse moet minder ledegeld betaal. Ek het eenmaal op 'n UK Vergadering voorgestel dat die ledegeld ten opsigte van juniors en seniors dieselfde moet wees en was nogal heftig aangevat. Wie is nou eintlik reg? Dit wys maar net weereens, hoe meer mense, hoe meer gedagtes en voorstelle.

Ek stem saam dat die ledegeld hoog mag wees veral waar daar meer as een lid in 'n huisgesin is, maar waar knyp ons af, aangesien daar uitgawes is wat betaal moet word. Dit is maklik en lekker om te kritiseer, maar niemand is bereid om met werkbare voorstelle na vore te kom ten einde ledegeld so laag as moontlik te kan hou nie. Dankie

Ken, jy kom darem met voorstelle.

Ons vergeet ook maar alte maklik, tydens die Algemene Jaarvergadering te Oudtshoorn, moes die UK bont staan om te verduidelik hoekom die SASV 'n verlies getoon het vir die jaar. Met die forensiese ondersoek deur Stewart Patterson wat daarna gevolg het, het hy die volgende as hoof-redes uitgewys waarom die verlies gelei was:

- ◆ Ledegeld is te laag vir die SASV om op 'n gesonde basis bedryf te word.
- ◆ Ledegeld het vir drie jaar, 1999 tot 2001, onveranderd gebly.
- ◆ Die winsgrens op ringe is onkonsekwent en te laag.
- ◆ Ringgelde het vir twee jaar, 2000 en 2001, onveranderd gebly.
- ◆ Posgeld en telefoonkoste



word onder verhaal. Beveel aan dat ongeveer 85% van die kostes verhaal moet word.

Nou wat wil ons lede nou eintlik hê, 'n meer bekostigbare SASV wat finansiël agteruit gaan, of 'n bekostigbare SASV wat sal bly voortbestaan vir ons kinders?

Ons moet ook onthou dat die UK slegs 'n voorstel maak ter opsigte van ledegeld en dat die lede self op die finale bedrag ledegeld besluit en dit goedkeur op die Algemene Jaarvergadering, na aanleiding van 'n begroting wat aan hulle voorgedra word. Wie is dan verantwoordelik vir 'n SASV wat te duur en onbekostigbaar raak, die UK of die lede?



Ledegeld is tans R300.00 per jaar vir seniors, (R25.00 per maand) en R150.00 per jaar vir juniors, (R12.50 per maand). Ons bied ook die geleentheid vir ons lede om hul ledegeld in vier paaiemente af te betaal vanaf Januarie tot April, dit wil sê R75.00 per maand vir seniors en R37.50 per maand vir juniors. Kom ons kyk wat ons lede vir die ledegeld ontvang en besin dan of ons ledegeld werklik te hoog is:

◆ Sewe (7) uitgawes van die Sierduif.

◆ Prys-geld vir alle raswenners tydens die Kampioenskapskou en vanaf 2006 ook prys-geld vir die top pryswenners in die senior sowel as die junior afdelings.

◆ Tot en met 2006 het die streek wat die Kampioenskapskou aangebied het, 50c en later 60c per duif wat ingeskryf was, gekry. Hierdie bedrag was na Stella se Kampioenskapskou gestaak en gaan in die toekoms aangewend word om meer en beter prysgelde uit te kan betaal.

◆ Medaljes vir alle raswenners tydens die Kampioenskapskou.

◆ Sertifikate vir alle raswenners en naaswenners tydens die Kampioenskapskou.

◆ Gratis eksemplare van die Grondwet, Skouskedule en Soeklig op Sierduiwe.

◆ Die reg om SASV ringe te kan koop.

◆ Die reg om duive op alle skoue, onder die vaandel van die SASV aangebied, te kan vertoon.

Daar is bedryfsuitgawes, soos telefoon, posgeld, instandhouding, bankkoste, drukkoste van die Sierduif en webblad-gelde wat betaal moet word en al manier waarop fondse vir die uitgawes gegenireer kan word is ledegeld en ringinkomste. Lede word gereeld versoek om advertensies te werf, maar ons is gelukkig indien ons twee advertensies per jaar kry. Dankie aan Stewart en Fadiel, die enigste twee lede wat die afgelope twee of drie jaar advertensies gewerf het.

Ons huidige ledegeld vir seniors is gelykstaande aan die koste van twee sakke duiwêkos en die van juniors gelykstaande aan die koste van een sak duiwêkos. Ons is lief vir ons duive en stokperdjie, so daarom koop ons maar die kos, al raak dit duur en onbekostigbaar.

Ek moet eerlik wees, ek het ook al gewonder waarom vra ons vir nuwe lede 'n aansluitingsfooi, maar dit word uitsluitlik gebruik om die uitgawes verbonde aan die Grondwet, Skouskedule en Soeklig op Sierduiwe wat aan hulle gestuur word sowel as om posgeld te verhaal. Die genoemde stukke word egter gratis aan ons bestaande lede voorsien, so moet ons nie wegdoen met die aansluitingsfooi nie? Dit sal egter weer 'n negatiewe invloed op ons ledegeld of ringkoste hê.

Daar was ook al met die gedagte gespeel dat 'n laer

ledegeld vasgestel moet word en dat lede wat die Sierduif wil ontvang dan 'n addisionele intekenfooi moet betaal. Die probleem is egter dat hoe minder eksemplare van die Sierduif ons laat druk, hoe hoër word die koste per eksemplaar. Die koste per eksemplaar is tans R13.73 en indien ons net 350 eksemplare sou druk verhoog dit na R15.39 per eksemplaar. Die probleem kom nou, dat indien daar slegs 100 lede is wat wil inteken op die Sierduif, sal die totale koste vir die druk van die Sierduif deur hierdie 100 lede gedra moet word. Dit sal tot gevolg hê dat die intekenfooi onrealisties hoog sal wees in vergeleke met ander soortgelyke tydskrifte.

Kostes soos setwerk en posgeld bly onveranderd indien ons minder eksemplare van die Sierduif sou laat druk en al koste wat effens verlaag is die drukkoste. Die ondergenoemde drie opsies was ondersoek:

◆ Vir 'n vermindering van 500 na 350 eksemplare, op glans papier soos tans die geval is, word 'n besparing van R562.02 bewerkstellig.

◆ Indien slegs die buite blaaië op glans papier gedruk word en die binne blaaië op gewone papier gedruk word, word 'n besparing van R194.94 bewerkstellig.

◆ Indien slegs gewone papier gebruik word, word 'n besparing van R327.18 bewerkstellig.

Soos u self sien sal ons nie veel kan bespaar deur die Sierduif nie. Die vraag wat nou



beantwoord moet word is, of dit die moeite werd is om die "image" van ons Sierduif so te verlaag deur oor te gaan na gewone papier, vir die klein besparing?

Niemand het nog met betroubare en korrekte statistieke navore gekom ten einde te bevestig dat daar meer lede die SASV verlaat omrede dit te duur en onbekostigbaar word nie, **tans verloor ons egter meer lede oor die**

binne politiek en eie belang van sommige van ons lede.

In die Januarie – Februarie 2007 uitgawe van die Sierduif vra Christo in sy redaksioneel weereens, soos vele male in die verlede, dat lede met voorstelle na vore moet kom om die koste van ons stokperdjie soos laag as moontlik te kan hou. Kom ons kyk of die lede hierdie keer gaan reageer? Ek gaan 'n ooreenkoms met ons lede aan, ek sal wag met die

opstel van die begroting tot einde Mei, ten einde almal die geleentheid te bied om met werkbare voorstelle te kom om ledegeld so laag as moontlik te kan hou.

Ek moet ons lede egter verseker dat dit nie die maklikste besluit is om ledegeld en ringgelde te verhoog ten einde die begroting te laat kloep nie, maar daar is tans geen ander uitweg nie.

YOUNG BIRD DISEASE SYNDROME

Dr Rob Conradie DVM (SA) sc

Submitted by Stewart Patterson

I first read an article by Dr. Rob Conradie on Young Bird Disease in "Duiwe Nuus". As he lives near me, I asked him whether he would be prepared to adapt the article for fancy pigeon breeders as opposed to the racing birds. This he was pleased to agree to do.

Apart from Rob being a veterinary surgeon and responsible

for the veterinary care of the racing pigeons at Sun City for the annual race, he is himself a successful racing pigeon fancier.

I am sure that members of our association will find the article on Young Bird Disease Syndrome interesting and helpful. I know that I lose many young birds each year and we must



see what we can do about reducing our losses.

Stewart

Since the early 90s we have been dealing with a disease syndrome we have, for want of a better description, called young bird disease.

In these earlier days the young birds typically showed vomiting, food retention in the crop and green diarrhea as the most obvious symptoms.

In laboratory tests various viruses and bacteria were isolated. Adenovirus and E.coli were the main isolates. The syndrome at this stage developed the name of Adeno coli

syndrome.

This disease appeared very suddenly with many lofts getting it at one time, sometimes all on the same day! It was not unusual for us to get many telephone calls from fanciers all on the same day all describing the same symptoms and, strangely enough on the same day as my own birds became ill!

With treatment (to be discussed later) the youngsters recovered quickly and in the same year performed well. This is what happened in the earlier

years of this syndrome but as the years have gone by the scenario appears to have changed.

Henk de Weerd of Holland described a different Adenovirus (Typell) which affected the liver more than anything else and it was found in older birds and in birds that had young bird disease the previous year. It looked as though the birds immunity broke down when they were subjected to stress. In South Africa we probably had a similar problem. Detailed research



and tests were not done in South Africa with the result that notes could not be compared with Holland's test and research results

In October this year a group of veterinarians working in different bird and pigeon clinics in Germany released a scientific article on their findings on what they call young bird disease syndrome.

Forty five lofts with YB disease were tested. Their findings were as follows:-

CIRCO VIRUS was found in ALL 15 lofts.

HERPES VIRUS was found in 7 of the 45 lofts

NO Adenovirus was found in any of the 45 lofts

Other findings in these 45 lofts were an increased incidence of:-

1. E.coli
2. Other bacteria causing diarrhea and respiratory symptoms
3. Candida
4. Aspergillus
5. Trichomoniasis (Canker)
6. Hexamitiasis

The most severe symptoms were seen at 4 to 12 weeks. Main symptoms seen in this study were:-

- Green to black diarrhea
- Vomiting
- No appetite
- Delayed crop emptying
- Reluctance to fly
- Drinking a lot of water

Sneezing

As mentioned before the most severe symptoms were seen up to 12 weeks but older birds were affected. This article does not mention up to what age the birds were affected with the above symptoms.

Our experience in South Africa especially in 2005 was that we felt that even two year olds were being affected, not with severe symptoms as above but with more vague symptoms.

In Holland, Belgium and Germany veterinarians doing research on Circo virus tested strays brought in by members of the public. These were birds that had been lost in races. They appeared healthy but nearly all of them tested positive for Circo virus. This virus may be one of the factors responsible for unexplained losses during training and racing and for slower returns as discussed in the paragraph above.

In South Africa this year we appeared to have an increased incidence of mild Paramyxo late in the season. You get the impression that because of all these viruses especially Circo virus the birds are not developing an immunity that is sufficient to last them a full 12 months.

Over the last couple of years we have been having more and more of a problem with Canker. Is this as a result of the organism having developed a resistance to the medications used or is it as a result of the fact that birds harbouring viral infections do not respond to treatment very well? Possibly a combination of the two?

6. Hoe waar is dit nie? Sodra 'n ou in 'n pos is, is daar soveel polisiemanne wat hom dophou en sy werk vir hom probeer reël en bestuur dat dit nie die moeite werd is om op so 'n pos te dien nie.

Ek voel dat lede gelde moet verhoog of ons moet 'n ander stelsel inbring.

Ons behou die SASV se UK as

hoof van ons stokperdjie en dan betaal ons 'n fooi aan die SASV. Spesklubs kan 'n groot rol speel in die SASV waar hulle 'n fooi betaal aan die SASV vir elke lid wat hulle het.

Ringe kan via die SASV na Spesklubs gekanaliseer word.

Spesklubs moet hulle eie skoue organiseer, opsit sowel as afslaan, so as ek tydens die Weskaap Streekskou American Showracers wil vertoon moet ek toestemming kry by die ASR klub. Daar sal 200 duive wees, die klub sorg self vir die hokke vir sy 200 duive in die streek of op die SA's. Die Spesklub betaal dan 'n fooi aan die streek vir die gebruik van hulle toerusting en saal.

Dit blyk vir my dat die SASV bang is vir die Spesklubs, want ek het al die storie gehoor dat die stert nie die hond moet swaai nie, maar 'n pak wildehonde weet saamstaan trek maklik 'n buffel plat.

Die SASV het nie 'n plan om die stokperdjie te red nie, nie met lede of finansies nie.

Daar is net een uitweg – **Spesklubs.**

Huidiglik kan geen Spesklub regtig tot sy reg kom nie, want daar moet verslag gedoen word aan die SASV. Ons kan nie 'n prestigeskou hou nie want daar is reëls wat dit verbied.

Kyk mooi, nog 2 streke het saamgesmelt. 9 Provinsies in SA, 13 Sierduifstreke tot onlangs. Wanneer gaan ons wakker word. Ek dink ons kan baie bespaar met minder streke en skoue.

'n Voorbeeld van hoe 'n sterk 'n Spesklub kan word is seker die



"Domestic Show Flight Club" in New York met Sall Gigante as President waar hulle perde resies borg en duive die wêreld oor stuur aan lande verbonde aan sekere voorwaardes.

Feite:

1. Die SASV faal in sy pogings om die stokperdjie te red.
2. Daar moet besluit word om die spesklubs toe te laat om hul eie identiteit op te bou en te sorg dat hulle lede by hulle bly.
3. Daar moet met kundige mense beplan word hoe om spesklubs volmag te gee sodat lede en duive 'n toekoms het.
4. Streke moet saamsmelt, minder skoue moet gehou word om kostes te bespaar.
5. Ledegelde moet drasties aangepas word om te betaal vir ringe en die Sierduif op kwaliteit papier asseblief.
6. Die top 7 kan afgeskaf word, raswenners moet 'n prioriteit word. Sonder rasse is daar nie duive nie, en sonder duive nie lede nie of skoue nie.
7. Daadwerklike opleiding en

toetsing van beoordeelaars moet plaasvind.

8. 'n Kundige persoon wat 'n begroting kan opstel moet aangestel word.

Dit is nou tyd om die wurggreep waarin ons is op een of ander manier te breek, miskien is Chris de Bruin se uitdaging om 'n ander klub te stig nie so 'n slegte idee nie. Kom ons noem dit die Sierduifspesklubs van SA, ten minste sien ek 'n toekoms vir my seuns en hulle duive in so 'n bedeling.

Ek glo dat daar baie spesklubs met hulle telers is wat brand om binne 'n organisasie tot hulle reg te kom om hulle rasse te verbeter en hulle klubs 'n gesonde en florerende stokperdjie te maak.

Glo my asb sonder geld en met boeke wat op tioletpapier gedruk is sal dit nie gebeur nie.

Ons het glad nie die SASV nodig om duive te skou nie, ons kan by die SA Resiesduifvereniging aansluit met al hulle voordele en fondse. Hulle sal ons met ope arms ontvang en ons toelaat om ons duive te

skou. Ringe kan enige iemand goedkoper oorseë koop as plaaslik.

Waarom is die moontlikheid om die SA Sportfederasie aan te sluit nog nie probeer nie? Was daar nie so 'n opdrag om dit op te volg nie?

Seker omdat ons nie ons land verteenwoordig soos ander sporte nie en nie lyk soos ons rugbyspanne nie. Dit is nou tyd om 'n paar Habannas en Chiliboys aan te stel, dan sal dinge begin gebeur. As dit so moet wees om ons stokperdjie te red en vir ons kinders te bewaar dan moet dit.

VIVA MHAHOBE VIVA.

NS. Ek wonder hoekom ons 'n probleem sou hê met 'n internasionale beoordelaar wat regoor die wêreld beoordeel het soos John Hepner. Die man se gelyke as teler en beoordelaar sal uiters moeilik gevind word wêreldwyd, en glo my nie in SA nie. Ek is baie trots op die Weskaap se UK vir hulle insig en sal baie trots wees as John Hepner my duive aan internasionale standarde meet.

Nasionale Ringmeester / National Ringmaster

Banking details/Bank besonderhede

Standard Bank - Tyger Manor

Takkode/Branch Code 05-04-10-41

Rekening nommer /Account Number 272 692 794

"D" Date for all articles will be the last day of the first of the two months that I am busy with/"D" Dag vir alle artikels sal die laaste dag van die eerste van die twee maande wat ek mee besig is.





MEDPET'S



COXIMED

Available size
100 tablets

CONTAINS: Diclazuril 5mg

The ultimate single dose treatment for Coccidiosis in pigeons and raptors

* Diclazuril, the active ingredient in Coximed, is the safest and most effective treatment against Coccidiosis in pigeons and raptors.

- * One tablet dosed to pigeons will cure up to 90% of Coccidiosis cases.
- * It is recommended that "youngsters" be dosed with Coximed after weaning.
- * Alternate with Medicox to prevent resistance build-up.
- * Extremely cost effective. Much more affordable than other single dose tablets.
- * **Double Strength tablet.**

New safe and effective formulation resulting from Medpet's extensive research and development

SAFE Does not affect racing performance



DOXIBIRD

Reg Nr:G1763 Act of 1947 Available size
100 tablets

CONTAINS: Doxycycline 5mg

For the treatment of Ornithosis ("one eye cold") and respiratory conditions caused by Doxycycline sensitive organisms in pigeons, raptors and soft bill birds.

- * One tablet is uniquely coated with the Medpet "sellulose method", which prevents vomiting and preserves the Doxycyclone potency.
- * Easy to dose shape of tablet, makes it the ideal treatment.
- * The ultimate treatment for Chlamydia in single birds.

SAFE Does not affect racing performance



DOXYBIOTIC POWDER

Reg Nr:G1509 Act of 1947 Available size
50g, 200g, 500g, 5kg

CONTAINS: Doxycycline 25000mg/kg Vit B2 250mg/kg Vit K 790 IU/kg
Vit A 200000 IU/kg Vit B6 250mg/kg Lactose 485g/kg
Vit B1 250mg/kg Vit E 660 IU/kg Dextrose 485g/kg

For flock treatment of Psitticosis/Ornithosis and bacterial infections in pigeons and cage-birds.

- * Doxycycline is the golden standard in the treatment and prevention of Psitticosis/Ornithosis.
- * Vitamins included in the formulation to enhance recovery.
- * Can be used in the water or soft food.
- * In confirmed cases of Psitticosis, treatment must be given for forty days and supplemented with Entero-Plus three times a week to replace beneficial gut bacteria.
- * Safe to use. even for extended periods.

SAFE Does not affect racing performance



MEDITRICH

Reg Nr:G1514 Act of 1947 Available size
100 tablets

CONTAINS: Metronidazole 100mg

The ultimate single dose treatment of Trichomoniasis (crop canker) in pigeons and raptors.


- * Metronidazole, the active ingredient in Meditrich, is one of the safest and most effective treatments against Trichomoniasis in pigeons and raptors.
- * Metronidazole is not water-soluble and causes severe regurgitation if dosed in its pure form - the unique "Medpet sellulose coating" of the Metronidazole overcomes both these problems.
- * One tablet doses to pigeons will cure up to 93% of Trichomoniasis cases. It is recommended that "youngsters" be dosed with Meditrich on day of weaning.
- * It is advisable to alternate Meditrich treatment with Medizole and Cankerex Plus to prevent the parasites becoming resistant to treatment.



The English Trumpeter

By Joe Hammons

Submitted by Fadiel Hendricks



its ancestry back to the common Rock Pigeon, however unlike most there are writings on trumpeters as early as 1582 describing its unique features. Nothing is known for a certainty, but Arabia, Egypt and or Russia are possible countries of origin.

From early writings we know that English Trumpeters were found in England from 1700-1860 and from the

1870's there are records of show reports in the U.S. By the 1920's show reports were listing moderate numbers exhibited but we also know that they found their way to Canada as 55 entries were noted at the Canadian National Exposition. The real birth of the breed in America, can be traced to fanciers and shows from the late 1930's.

crested, muffed trumpeter varieties by its short "cobby" low stationed body and relatively narrow tuft supported by side boards. It has a gentle behavior, rich "drumming" voice and is a prolific breeder. The quality specimen of either sex always shows power, bulliness, proudness, style, type and refinement. These distinctive qualities conform to the standard requirements in a harmonious manner producing a well-balanced, powerful and stylish English Trumpeter.

Being a trumpeter the English Trumpeter has a melodic voice and most examples of the breed can perform a drumming, which is to say that it can do an extended coo when compared to other pigeon breeds. Males and females can do this, but the males excel and this coo is best described as sounding like that of a dove imitating a motor boat. The ET is also a tame and very social breed that craves attention. They make wonderful pets as they have individual personalities and shun the flock instinct that lumps all of the other breeds together, and yet provide an extreme challenge for even the

There is a fascination that people experience at the sight of seeing an English Trumpeter, it begins as a feeling of awe and generally ends with the exclamation of "I can't believe it is a pigeon"! However this effect is also felt by fancy Pigeon breeders, when they see these birds at the shows. Through the years I have heard it all as fanciers see and then struggle to understand just what they are looking at. Pigeon fanciers used to seeing rather odd looking birds, but totally unprepared for this one.

Known as the Queen of the fancy The English Trumpeter is without a doubt the most ornamentally featured Pigeon ever created by man. Like all Pigeons the English Trumpeter can trace

1870's there are records of show reports in the U.S. By the 1920's show reports were listing moderate numbers exhibited but we also know that they found their way to Canada as 55 entries were noted at the Canadian National Exposition. The real birth of the breed in America, can be traced to fanciers and shows from the late 1930's.

Excerpt from the 12 page English Trumpeter Standard:

The English Trumpeter is a medium sized (similar to a Show Racer), double-crested (head and beak), muffed trumpeter. It has 28 colors in 4 basic patterns: Self, Splash, Barred and Marked. The breed is distinguished from the other double



most competitive fanciers at the shows.


It will probably surprise most to learn that as difficult as these

lowing.

Currently there are fourteen English Trumpeter breeders in Arizona and a show site is be-

are more than willing to come here to escape the ravages of winter. Add their entries to the 150 or so birds being exhibited and you have the makings for large meets.

To some here in Arizona a show presents a special challenge to the promotion of the breed. While it is the perfect climate for raising pigeons, it is not an ideal climate for having shows. Will this slow the promotion of the breed down? Absolutely not, I say! The breed has flourished in Des Moines Iowa, where the snow storms and freezing weather make travel perilous, so why should sun shine be a detraction. Come join us!




birds look to breed and maintain, there is a following of breeders across the country that actively participate in shows each year where this bird is exhibited by the hundreds. A recent show in Des Moines Iowa had 430 English Trumpeters exhibited. A hot bed of activity is California and the famous Pageant of Pigeons in San Bernardino where the English Trumpeter is King. Each year the breed makes up one fourth of the total show entries and it is not unusual to find 700-800 English Trumpeters on display. Large shows have become common place there. Even as far back as 1977 there were 1,010 English Trumpeters with 48 exhibitors taking part. An all time record for the breed was reached in 1998 at the Pageant with 1,157 English Trumpeters exhibited by 59 exhibitors. No other breed can boast this kind of participation or these numbers exhibited in their breed. An old breed with a modern fol-

lowing sought that could accommodate several hundred English Trumpeters. A young bird and then an all age meet is being considered and almost a certainty as fanciers living in the surrounding cold climates



Teel van die Almond Duitse Skoonheidsposduif.

Seppie Esterhuysen, Griekwaland-Wes.



Wat laat 'n mens die mal perd opklim om 'n kleur van een ras na 'n ander oor te dra? As 'n mens die tyd in ag neem wat dit neem om uit eindelijk by 'n skoubare duif met die korrekte kleur uit te kom, dan is dit werklik vasbyt. Moet jy nie liewers oorsee gaan soek na die regte kleur en dit invoer nie. Dit is seker die makliker uitweg, maar dit kos ook 'n mooi klompie geld. Die ander opsie is kruisteling. Die besluit om dit self te doen is nogal bevredigend.

Ek moet erken dat 'n hok vol eenkleur duiwe, hoenders, skaap, of bees kan nogal vervelig raak. Ek het eendag aan 'n goeie vriend van my die voorstel gemaak om 'n paar van sy Bonsmara koeie met 'n Ngunibul te laat dek om die bontkleur op van sy Bonsmara's oor te dra nie - dink net 'n trop Ngunikleur Bonsmara's. Die kyk en geen kommentaar wat ek gekry het was 'n goeie aanduiding wat hy van my voorstel gedink het.

Onder die Duitse Skoonheidsposduiwe in Suid-Afrika (DSP duiwe) is daar nie 'n wye kleur-verskeidenheid nie. Die ras kan doen met meer kleure. Ek is 'n Modena-verslaafde, dit is seker hier waar die verskeidenheid van kleure my gevang het. Die Magnani Modena vang altyd die oog veral as dit 'n goeie kleur het. Die gogga het my 'n paar jaar gelede gebyt om die Magnani-faktor na die DSP te probeer oor dra. Ek het slegs 'n

paar blou gebalkte DSP'e. Ek het vir Danie Visser gekontak vir 'n geruite DSP wat ek opgepaar het met 'n Magnani Modena-wyfie. Dit is geskiedenis en ek is alreeds by die 5 de nageslag (F5). As ek na die 2 jong 2007 mannetjies kyk wat ek gehou het, is ek seker dat skoutyd vir die Almond DSP duiwe aangebreek het. Ek dink nie hulle sal skoue wen nie, maar gaan definitief 'n paar suiwer duiwe klop.

Hulp van mede-telers is baie belangrik. Ek en Danie Visser het heeltyd saam gewerk aan die projek. Toe ons by die 4 de nageslag kom, het Danie beter DSP materiaal gehad en kon sy "kruisings" met die ingevoerde duiwe paar. Dit het dadelik die kwaliteit van die duiwe verbeter. Hy het van die kruisings (F4) vir my gegee. As jy die nageslag (F5) van die Suid-Afrikaanse duiwe vergelyk met die uit die ingevoerde duiwe is daar 'n beduidende verskil, die foto's wys dit nie so duidelik nie. Dit wys jou net jy kan nie in isolasie met so 'n projek besig wees nie, jy het hulp nodig veral goeie teelmateriaal.

Die Almond-kleur is die resultaat van die almond-faktor in die heterosigotiese toestand, d.w.s. die faktor van slegs een ouer ontvang. Die faktor verander enige kleur deurdat dit vlekke van verskillende kleure in die vere oor die hele duif tot gevolg het. Die ideale kleur is 'n ryk geelbruin of amandelkleur.


Die vlekke varieer in grootte en kleur, maar moet egalig wees. Daar moet minstens 3 kleure op die duif wees. Die egalige rangskikking van die drie of meer kleure op die vere word "breek" genoem. Die klassieke Magnani/Almond is op die blou-familie. Die beste kleur Almond is op 'n geruite (check) of T-patroon duif. Die balk-patroon verminder die kwaliteit van die breek. Vir die ideale kleur Almond word die volgende benodig nl. brons-faktor en resessiewe rooi. 'n Groot probleem is om die regte kleur duiwe in die hande te kry. Waar jy al die kleure onder die DSP duiwe gaan kry weet ek nie. Selfs 'n T-patroon by die DSP duiwe is skaars. Die enigste uitweg is om die Almond-kruisings met geruite DSP te paar. Selfs goeie geruite duiwe is nie orals beskikbaar nie. Ek het soms gebalkte duiwe en met goeie resultate gebruik. Hier is 'n paar foto's van die verskillende geslagte (F1 tot F5).

F1: Almond mannetjie

Die eerste nageslag van 'n Magnani Modena wyfie gepaar met 'n Blou geruite DSP mannetjie. Min eienskappe van




'n DSP is sigbaar. Baie skaafwerk is hier nodig. Die bene is te kort, die stert word te hoog gedra, nek te dik, baie kopfoute. Die kleur is nie te sleg nie, maar te min geelbruin. Hoe ouer die duif egter word hoe beter word die kleur. Ek sal later foto's wys hoe verbeter die kleur oor tyd.



F2: Almond mannetjie


'n Heel aanvaarbare DSP-kruising. Ek dink hier begin 'n mens resultate te sien. Die nek is nog te dik en kort, bene lyk soos die van 'n Modena. Die kop is al baie nader aan 'n DSP. Weereens te min geelbruin.



F3: Almond mannetjie


Die foto is 'n bietjie te lig. Die duif is nog nie klaar verveer nie. Die nek het verbeter, sowel as die kop. Verbetering in die bene is nie moontlik nie, want die Suid-Afrikaanse duive se bene

is te kort.




F4: Almond wyfie (ma ingevoerde duif)

'n Skouduif? Langer bene, langer en dunner nek, goeie kop, houding en dra stert reg – ek dink 'n skouduif. Ongelukkig is die wyfies altyd ligter van kleur as mannetjies.




F5: Almond mannetjie (ouma ingevoerde duif)

'n Baie jong duif en besig om te verveer. Lang nek, lang bene en goeie kop, dalk effens te lank in die lyf. Het die potensiaal vir




'n baie goeie kleur., maar steeds te min geelbruin.

Verandering in kleur oor tyd (F1 na 2 veerseisoene).



A: Foto van F1 as jong kuiken, besig om te verveer.



B: Foto van F1 op 1 jaar ouderdom. Ongelukkig maak ek al die kruisings tot niet aan die einde van die eerste broei-seisoen. Gevolglik het ek geen foto's van hoe donker hulle bv na 2 of 3 jaar sal wees nie. Nie genoeg geelbruin.


Verandering van tipe oor tyd (F1 versus F5)

'n Paar feite wat baie belangrik is met Almond teling by enige ras:

1. Die Almond-faktor is dominant en geslaggekoppel.
2. Moet nooit 2 Almonds met mekaar paar nie, die homosigotiese Almonds is




meestal blind .



3. Indien 'n Almond mannetjie met 'n normale kleur duif (blou) gepaar word sal helfte van die nageslag Almonds wees

waarvan die helfte mannetjies en die ander helfte wyfies sal



wees.

4. Indien die wyfie 'n Almond is en die mannetjie 'n normale (blou) duif sal al die Almond-nageslag mannetjies wees.

5. Hoe ouer die duif word hoe donkerder word die kleur.

6. Onthou wyfies is ligter van kleur as mannetjies.

7. Die mooi Magnani kleur by Modena's sal nie met die DSP duiwe verkry word nie aangesien ons nie oor brons en resessiewe rooi kleur-faktore in die DSP beskik soos in die geval van die Modena nie.

Probeer gerus een of ander kleur vestig in u bestaande ras. Glo my dit sal jou ure se plesier verskaf. Onthou een baie belangrike feit, paar jou beste duiwe met die kruisings, so vorder jy die vinnigste.



Christo, you and Cora are doing a wonderful job of the executive positions you hold. Thank you and also for your comments re my contribution last month. I feel we have to change a few things, to keep our members and give them that feeling of wanting to belong! to a fantastic hobby.

We get to see this beautiful country of ours, make new friends and meet people of many different walks of life with

Ken Garrod Writes....

a common love. I have lost two good friends lately, in Colin Wrench and Corrie van Reenen. My sympathies to both families but their friendship will linger for future years. They both will be remembered for being absolute gentlemen.

What I suggested in my last contribution was to have subscriptions as cheap as possible and the income from the sale of rings to fund our hobby. Don't have less copies of the Fancy Pigeon book but rather more if funds allow for it. Have as many young members as possible as possible but don't have a Junior Section. The Club I feel is not financially strong enough to have a foreign judge at the Championships and have to duplicate medals and awards for a Junior Section.

Why must the President have

to be paid (subsidized) to function?

How much does the area staging the Championships, get subsidized and how much was the subsidy 5 years ago?

I believe the members should know more about the running of our club! How nice it would be, if through the sale of rings, to 1000 members we could subsidize local Judges for officiating - give prize money to the younger members or novice exhibitors - also possibly subsidizing the area substantially to stage the Championships.

We have to do something to encourage more members to boost our membership.

Christo I do agree with you that we are involved in a hobby. Members must enjoy it



Klein hudeblyk aan Corrie van Reenen

Die Munniks

Vergun my asseblief ook die geleentheid om so 'n ietsie te sê oor die Corrie van Reenen wat ek geken het. Ek het vir Corrie vir meer as die helfte van die 31 jaar wat ek lid is van die SASV persoonlik geken. Met daardie glimlag wat op elke foto is het ek hom ontmoet en met daardie selfde glimlag glo ek is hy nou by sy Skepper. Nooit het ek vir Corrie kwaad gesien nie, alhoewel hy ook maar sy af dae moes gehad het. Corrie het na my oordeel die SASV se lede met eerbied en respek gedien soos wat die meeste van die lede wat hom goed geken het ook gedoen het.

Ek het verlede jaar tydens een van die skoue waar ek beoordeel het teen die reëls van die SASV opgetree en 'n duif wat ek beoordeel het se se plasing verander en sodoende myself in onguns geplaas by baie lede maar ek het dit gedoen omdat Corrie dit gevra het as dit enige iemand

anders was sou ek dit tien teen een nie gedoen het nie. Ek en Corrie was oor die kole gehaal tydens die AJV te Stella maar dit het nog steeds nie ons vriedskap gedemp nie. Ek het hierdie jaar op baie skoue beoordeel en seker 500 honderd keer gehoor dat die teenwoordigheid van Corrie vreeslik gemis word. Elke keer as ek vir Les Ewan sien wou ek hom vra waar Corrie dan is.

Corrie het vir Cora met die grootste respek behandel wat seker moontlik is. Male sonder tal het hy met Cora oor die telefoon gepraat oor die een of ander klage wat een van die lede weer teen haar as Nasionale Ringmeester gehad het en elke keer het hulle die probleem maklik opgelos sonder om met iemand te baklei. So was Cora ook onder die eerstes wat deur Corrie geskakel was om te sê dat hy met kanker gediagnoseer was en dat hy seker nie by ons in



Noord-Vrystaat sal kan skou en beoordeel nie. Min het ons geweet dat hy by geen skou hierdie jaar sou wees nie.

Corrie, die Munnik gesin groet jou tewel ons op aandag staan want daar het 'n groot mens by ons verby gegaan.

Wanted: Pigeon Rings

(old & new for racing homers, fancy pigeons & rollers)



Jan Lombard
083-274-1014

P.O. Box 1544, Randburg 2125

Maart 2007



Ek het die twee artikels van niemand ontvang. Ek weet nie eers of dit Koos of Piet Niemand is nie

Ek plaas gewoonweg nie enige artikels wat naamloos by my aankom nie maar het gevoel ek moet die maar plaas. dit was wel in Pretoria gepos.

BEMARKING VAN ONS PRODUK : DIE DUIF

Suksesvolle besighede het elk 'n produk wat hulle bemark. Wat is ons produk in die SASV? Natuurlik die sierduif (nie die boekie nie, die duif self). Maar slaag ons daarin om ons produk te bemark?

Ons werf altyd nuwe lede, maar is onvermoëend om goeie duive aan die nuwe lid te verskaf.

Tot so jaar gelede het daar 'n tydskrif - "Die Wingnut" in winkels op die rakke verskyn. Ek kyk na die advertensie kolom in Die Wingnut en merk op dat ongeveer 50 SASV lede adverteer sierduive in die tydskrif. Enkele lede is selfs vorige UK lede van die SASV. Die vraag wat onmiddellik by my opkom - hoekom adverteer die lede nie in die Sierduif nie? Want ons het nie so fasiliteit in Die Sierduif nie. Ja, ons het 'n telersregister - en dit is wat dit is. "n telersregister"- Dit dui rasse aan waarmee ek teel, maar dit dui nie aan wat se produk is wanneer beskikbaar om te verkoop en teen watter prys nie. Die aanvraag vir duive deur die publiek en mede duive telers het ek al 'n paar jaar bevestig by Pretoria Landbouskou. Ek skou elke jaar

by die Pretoria Landbouskou ongeveer 20 tot 30 duive, al die duive is te koop. Ek verkoop jaarliks 95% van dit wat ek te koop aanbied.

Die Sierduif tydskrif maak wel voorsiening vir jaar advertensies byvoorbeeld volblad (R1200p/jaar), halfblad (R700.00p/jaar) ens. wat dan in al 6 uitgawes verskyn. Die duiweteler het 'n produk - 2 paar duive van ras X wat hy teen R100-00 per paar wat hy in Maart wil verkoop. Maar sy advertensie koste is baie meer as die beplande inkomste.

Die koste van die maandblad het daartoe bygedra dat advertensiekoste een van die groot koste drywers van die tydskrif is. Waar daar 'n gebrek aan advertensies is, betaal die lede daarvoor, deur duurder ledegeld jaarliks. Die argument by die gemiddelde duiweteler is dat hy reeds betaal vir die Sierduif. Hoekom nou nog 'n klomp geld betaal vir 'n advertensie om sy produk te bemark?

Die SASV is gebrekkig in strategie om die lede se produk die duif te bemark. Talle oud lede maak duiwestoete tot niet. Waar lede afsterf, beland hy/ sy se hele duive genepoel van jare se bloedlynteling in

voëlplase. Rasse wat ten duurste ingevoer was het al uitgesterf. Geld om Die Sierduif tydskrif te finansier is belangriker as om ons duive genepoel te beskerm.

Wat ek pleit is 'n advertensie kolom soos in die meeste duive en voeltydskrifte waar lede met 'n enkele klein advertensie, eenmalig geplaas teen minimale koste, bv. R10, sy beskikbare voorraad kan bemark.

Baie gevare lê hierin opgesluit byvoorbeeld dat die koper nie die produk sien nie en nie die kwaliteit kan verifieer nie. (ook by gebrek aan 'n etiese kode van die SASV) Die ander uitdagings soos vervoer en betaling deur die koper aan die verkoper moet prakties opgelos word.

Hoekom is bemarking van die ons produk - die duif dan so kardinaal van belang:

- Eerstens bewaring van genetiese materiaal wat deur telers oor jare opgebou is en wat onvervangbaar is - tensy weer teen duurste ingevoer word. (land die te koopte duif by 'n voëlplaas of by 'n entoesiastiese nuwe teler?)
- Lede teel duive met die doel om die kostes te dek. Indien effektiewe bemarking van duive plaasvind, sal meer telers bekostigbaar die sport kan be-oefen. Dit moet nie gedoen word om winsgewend te wees nie.
- Om koste doeltreffend meer voorraad van kwaliteit op die rak te plaas en aanbied om te verkoop - spesifiek vir beginners.



Advertensies aan die einde van die broeiseisoen kan my in staat stel as lid om "shopping" te doen vir duive om af gelewer te word by skoue wat ek in die daaropvolgende skouseisoen gaan bywoon.

Hierdie voorgestelde "beleid" om ons produk aan ons mede telers te adverteer, gaan waarskynlik uitdagings stel aan die UK en die Redakteur van Die Sierduif. Die UK om 'n beleid te implementeer om ons produk te bemark. Die enigste rede wat implementering verhoed is dat ons onself in ons denke beperk om uitvoering te gee aan een van die fundamentele probleme wat ons stokperdjie benadeel. Soos die BMW advertensie se - dit is net denke wat waar ons vir onself grense definieer/skep.

MENSE VERHOUDINGS IN DIE GROTER SASV

Die lewe gaan oor verhoudings tussen mense, 'n diversiteit van verhoudings byvoorbeeld verhouding tussen man en vrou, verhoudings met jou kinders, verhoudings by die werk, by die kerk en dan verhoudings tussen duive vriende.

Gaan dit hoofsaaklik oor die duif of gaan dit ook oor verhoudings tussen mense - vriendskappe waar die duif die sentrale onderwerp ter sprake is.

Sedert my lidmaatskap van 22 jaar vanaf 1984 as lid van die SASV, is dit 'n aspek wat my opgeval het. Duiwevriende het gekom en gegaan. Wat deurlopend gestaan het is die duif.

Ons soek altyd redes hoekom

duive telers die Sierduif verlaat. Dan soek ons na ekonomiese redes (bekostigbaarheid) en so voorts. Maar niemand is bereid om oor menseverhoudings te praat nie, want dit is 'n taboe onderwerp. Dit is 'n konflik onderwerp - mense skep konflik of is bang vir konflik. Positiewe konflik is goed, maar dan moet dit reg bestuur word.

Nou hoekom is menseverhoudings dan so krities vir die voortbestaan van ons stokperdjie?

Die sierduif kan nie sonder die mens voortbestaan nie. Maar die kern van menswees, van Christenwees, van die huwelik, van jou werk en die groter gemeenskap is *verhoudings*.

Daar is 'n spreekwoord wat sê - *wat jy insit, sal jy uitkry*. Dit is soos 'n rekenaar: "garbage in, garbage out" Dit is ook waar vir 'n glas - as die glas opgevol word met 200ml water sal jy weer 200ml uitkry. (As die 200 ml vuil water ingooi, sal jy weer 200 ml vuil water uitkry). Dit is ook so waar vir verhoudings. Wat jy in 'n verhouding insit, dit kry jy uit. Daar is natuurlik faktore wat hierdie fundamentele beginsel omverwerp, byvoorbeeld SELFSUG, JALOESIE, BLAMERING, MANIPULASIE, GEESTELIKE AANSLAG, ens.

Kom ons ontleed 'n paar van hierdie euwels:

SELSUG - dit gaan net oor my, my duive moet wen, ek moet my sin kry, almal moet by my aanpas. Solank selfsug groter is as die duif, sal die betrokke persoon heeltyd verhoudingsprobleme ervaar. As hy dan nie sy selfsug kruisig nie, beleef

die persoon die SASV negatief.

Soos baie mense opmerk - my kerk is dood - ek gaan 'n ander kerk soek. Die kerk is die mense - as ek dan sê my kerk is dood, dan is ek deel daarvan. Die *dooie* lid verlaat gewoonlik die SASV of hy is 'n frustrerende ergeenis vir die sierduif lede om hom.

JALOESIE - Ek is jaloers oor die prestasie van 'n mede teler en moet nou juis die beoordeelaar gaan boelie en inlig dat hy eintlik 'n fout gemaak het. Jaloesie dui op diepliggende selfbeeldprobleme, dit dui op onderliggende onsekerheid - 'n groot nadeel waar sportmanskap vir gesonde kompetisie ter sprake is. Daar is al gevalle dat duive op skoue gesaboteur is net oor die wen motief, byvoorbeeld gaan gooi luise op my mede vertoner se duif. As ek wen, doen dit my selfbeeld goed, dan voel ek nie meer minderwaardig nie.

BLAMERING - dateer uit die paradys - Adam sê dit is Eva se skuld, Eva sê dit is die slang se skuld, ens. Deur altyd vinger te wys na my medelid, wat dalk baie harder as ek gewerk het by die skou, ontbloom ek onderliggende swakhede. Deur ander te kritiseer probeer ek om my swakhede te verberg/verplaas deur my leemtes en swakhede te verwys na 'n mede lid. Die ander persoon word in die verleentheid gestel ten koste van my eie gebreke in my mondering.

MANIPULASIE - die persoon het verskuilde agendas - hy probeer byvoorbeeld stemme werf vir die AJV om vir 'n spesifieke pos ingestem te word. Hy bel nou verskeie lede en oortuig mense om vir hom te



stem, terwyl sy opposisie verneder word. So kan ek die beoordelaar probeer manipuleer dat my duif moet wen. Die voorbeeld is legio.

GEESTELIKE AANSLAG - Soos ons hierbo gesien het, het die aanslag op verhoudings reeds in die paradys begin. Die Satan gebruik die leuen, vrees en verskeie ander tegnieke om verhoudings tussen mense te vertroebel. Satan se fokus is ook God se sierduif en die mense wat lief is vir die duif, daarom sal hy altyd verdeeldheid saai.

VREES - Ek lees onlangs 'n boekie van Sollie Osrovech - "Oorwin jou Vrees". Ons is almal in sonde gebore met vrese. Soos'n wildsbok vrees

vir 'n mens, het die mens ook baie natuurlike vrese. Vrees word geskep deur die Satan. As ons dan nie ons vrese besweer nie, sal die vrese juis in ons lewe waar word. Net deur geloof in God kan jy vrese oorwin.

Ek dink die oplossing vir ons verhoudings probleme lê juis opgesluit in Galasiërs 5:19 en 5:22. Die vrugte van die vlees vs die vrugte van die Gees. Wat heers in jou lewe? As ons die nog in die vlees lewe soos Galasiërs 5:19 sê, sal ons die vrugte pluk soos onsedelikheid, onreinheid, towery, vyandskap, haat, na-ywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, ens. Daar teenoor, as ons naby God lewe, lewe ons vanuit die

vrugte van die Gees: Gal 5:22 dit is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing, en dan eers sal ons mense verhoudings outomaties regkom.

Ek dink bogenoemde is die kern aspekte ten opsigte van mense verhoudings in ons duive gemeenskap. Waar leef jy - Gal 5:19 of Gal 5:22; of lewe jy die leuen van valsheid, haat en konflik of 'n lewe van geloof, hoop en liefde? Ondersoek jouself en kyk wat belê jy as duiveboer in die groter duive gemeenskap - goeie menseverhoudings of buit ons elke geleentheid uit om te konflik. Elkeen om **SELFONDERSOEK** te doen!!!!

'n Brief van Christie Marais - nuwe lid van Griekwaland-Wes

Nou-ja, die Griekwaland-Wes streekskou is iets van die verlede. Ek het so baie daarna uitgesien aangesien dit my heel eerste duiveskou was waaraan ek deel geneem het.

Ek het die week voor die skou maar baie gestres want ek het nie geweet wat om te verwag nie. "Sal my duive hulle goed gedra in 'n vreemde omgewing met vreemde duive en mense om hulle" dis als goed wat maar deur 'n mens se kop maal so voor 'n skou. Ek het die Saterdag vroeg opgestaan, my duive gelaai en afgesit skou toe.

Daar aangekom het ek en my liewe vrou aan my sy die saal ingestap met ons vier Showracers. Ek het nie geweet

wat om te maak nie maar gelukkig het danie Visser gou die verwardheid in my oë raak gesien en my te hulp gesnel. Hy het my stap vir stap gewys wat ek moet doen totdat al my duive veilig gehok was. Dankie Danie dat jy my so mooi gehelp het. Dankie ook aan tannie Hendriena vir haar hulp met die inskrywing van my duive, die hulp daar ook.

Ek het die skou geweldig geniet en baie geleer. Ek het ook baie nuwe kennisse gemaak en met baie interessante mense gesels. Ek dink nou aan oom Pietie Benadie met wie ek daar sit en gesels het en die raad wat hy my gegee het oor skou duive en skoue. My duive het redelik goed gevaar, in my opinie, vir 'n eerste keer. Die dag was net te

gou verby!!

Ek wil net nou vir almal bedank wat my gehelp het met raad en daad. Dankie Chris vd Berg vir die grizzle wyfie wat ek by jou gekoop het. Oom Wynand Wessels, wat kan ek sê, oom het 'n groot impak op my lewe gemaak en my baie geleer in 'n kort tydjie. Ek wens ons was nader aan mekaar dat oom my leermeester kon wees want oom het 'n geweldige kennis van Show Racers en ook van die ander rasse wat oom mee boer. Oom is nou een mens wat nie dink hy weet wat hy doen nie, oom weet wat oom doen met duive. Dankie vir oom se hulp en vir die twee pragtige wyfies wat ek by oom gekry het.

Oom Basie de Lange wat ons duive beoordeel het. Toe beoordeel oom toe oom se eie Mannetjie sonder dat oom hom erken nê!! Dankie vir die



besondere duif wat oom ook aan my geskenk het, ek sal hom goed gebruik.

Laaste maar nie die minste nie, wil ek graag die man bedank wat my aan sierduiwe bekend gestel het en deur sy stories my vas gevang het in die sierduif sport. Dis nou oom Wessie Wessels van Barkley-

Wes. Hy was jare terug Voorsitter van die Griekwaland-Wes Klub. Toe hy nog geskou het, het hy 26 verskillende sierduiwe aan gehou en op een skou het hy 114 duiwe ingeskryf. Maar dis 'n storie vir 'n ander dag. Ek wil net vir hom en tannie Grietha dankie sê vir wat hulle vir my en my vrou

Tharina, beteken.

Ek moet nou groet uit 'n baie koue Barkley-Wes. Ek kan nie wag vir die volgende jaar se skou nie. Mag ons Hemelse Vader julle almal seën en bewaar sodat ons mekaar weer volgende jaar kan sien en lekker saam skou.


In Memoriam - Gert Bierman

Ben Ricketts

't is said that time and tide waits for no man.
Unfortunately neither does death.

I was shocked when, on my return from Australia, I received a phone call from Warren informing me that Gert had died suddenly from a heart attack on Thursday 17 May.

Gert and I first met early in the nineteen-sixties when we explored thoughts and ideas regarding the future and promotion of the Fancy Pigeon Hobby in South Africa. We later got to



Old friends together from left to right Warren Klopper, the late Gert Bierman, Barnard Steyn and Ben Ricketts



know each other better when we were involved in the negotiations which resulted in the Western Province Club becoming reunited with the South African Fancy Pigeon Club.

Together, over the years, Gert and I attended meetings, Judged at shows around the country, visited each others homes and partied till the sun came up. We became close and trusted mates.

Gert was undoubtedly one of the best Secretaries the SAFPA

has ever had. He was conscientious to a fault and notices of meetings and minutes were always meticulously prepared. He was the well-oiled cog around which the whole of the SAFPA machinery smoothly functioned.

Gert always wrote his correspondence and other documentation in duplicate, in pen-carbon books. A few months back he told me that he had been reading through some of these records again and had decided that he would

compile the more interesting and juicy items into a book form for publication.

Unfortunately, to my knowledge, Gert had not started to work on this project and so another wonderful opportunity to preserve some of the valuable history of the SAFPA has gone to waste.

I will always remember Gert as a solid citizen, a man to rely on and for the good times we shared.

Rest in peace, my friend.

Another Popcorn article

Donald Bland



When I read the article in the March-April 2007 issue "Popcorn", I had a real good laugh because I thought my wife Audrey, which has to have her popcorn once a week. Friday or Saturday night, was the only person in the world that was popcorn mad and she has to have something sweet to eat with it like smarties or the

carmilized popcorn mixed in between not to mention the glass of wine or champagne or two, but thats not all. I have to contend with our dog Lance which is a Rotweiler is blinken popcorn mad as well, he just knows when it's popcorn night.

My wife does not have an ant problem, but a doggy drool problem. Audrey is extremely happy that there is another popcorn mad or freaky person out there. What popcorn stories they can tell should Chris and Audrey ever meet.

Thats scary!!



OPE BRIEF AAN : "BEKOMMERDE TELER"

Ds. Hennie Hattingh Nasionale Sekretaris

As daar nou een ding is wat my siel songelukkig maak, dan is dit 'n naamlose brief gevul met aannames, beskuldigings en dreigemente. Gewoonlik, en gelukkig het dit nog nie dikwels gebeur dat ek so 'n brief kry nie, beland die brief summier in die snippermandjie.

So twee weke gelede beland daar mos so 'n brief in my posbus: geen datum, geen adres van oorsprong en geen naam onderaan die brief nie. Daarby is die posstempel op die koevert so dof dat ek nie kan uitmaak waar die brief gepos is nie. Na ek die brief gelees het, was my eerste reaksie die vasvat van die blaai om die brief middeldeur te skeur en in die asblik te gooi, maar toe bedink ek my.

Nou wat nou? Die inhoud van die brief gaan oor aanklagte teen beoordelaars binne die SASV wat sekere telers se duiwe bevoordeel (veral as die teler 'n **U.K.-lid** sou wees) en ander telers se duiwe benadeel (veral die duiwe van "**gewone lede.**")

Die klagtes in die brief is die volgende soos direk aangehaal:

1) Oneerlikheid en skelmstreke tydens beoordeling.

My vriend, wie jy ookal is, as dit waar is wat jy sê het ons in die SASV 'n probleem. Maar nou, 'n oudkollega van my het altyd gesê: "n Probleem is net 'n probleem as dit nie opgelos word nie." As jy regtig ernstig

is met wat jy beweer en daar nie maar net suur druiwe in jou wynvat is nie omdat jou duif nie gepresteer het soos jy gehoop het die duif sou presteer nie, nooi ek jou uit:

Kom, en sit jou bewyse op skrif: gedateerd, ge-adresseerd en geteken sodat daar langs geordende weë op verantwoordelike wyse daarna gekyk kan word. Maar, asseblief: maak seker dat jou bewerings feitelik van aard is en nie maar net aannames nie. Ek is self 'n gekwalifiseerde beoordelaar in 'n paar rasse, en so staan ek ook moontlik in die beskuldigdebank (hoe sal ek weet, want daar is geen feite voor ons om mee te werk nie), en ek hou nie daarvan om valslik beskuldig te word nie en so sal ook die ander beoordelaars in die SASV nie daarvan hou nie. As ek 'n skrywe van jou binne hierdie voorwaardes ontvang, onderneem ek persoonlik om dit onder die aandag van die Nasionale Beoordelaars-beampte en die Beoordelaars-forum te bring.

2) Toekenning van Top 7 pryse aan duiwe van UK-lede en Streeksbestuurslede.

Jy beweer dat vir die afgelope 20 jaar in die meeste gevalle hierdie toekennings aan UK-lede en Streeksbestuurslede gegaan het. Die feit van die saak is dat meer pryse die afgelope 20 jaar aan "gewone lede" toegeken is as aan UK- en



Streeksbestuurslede, maar weet jy hoe belaglik is jou stelling eintlik. Waarom sê ek so? Het jy, my vriend, al gedink waarom is iemand 'n verkose lid van die UK of dien hy/sy op 'n streeksbestuur? Tog seker omdat hy/sy al bewys gelewer het van 'n erns met die stokperdjie en 'n liefde vir die duif. Gewoonlik gaan so 'n persoon kwaliteit duiwe in sy hok hê en beslis in die ry staan vir toptoekennings, maar toegegee: 'n UK lid sou ook net vir die naam en prestige op die UK kon dien sonder om die belange van die stokperdjie op die hart te dra. Dadelik moet ek egter sê: ek is nie bewus van enige vorm van so 'n gesindheid by enige huidige UK lid nie. Terloops: met skrywe van hierdie artikel is 6 van die 8 streekskoue vir 2007 se uitslae bekend en nie een UK lid se duif het vir so vër ek weet 'n streekskou gewen nie met baie min UK lede se duiwe onder die top 7. Die meeste wenners behoort aan "**gewone lede.**"

3) Beoordelaars wat saam teel en dan so mekaar se duiwe ken en dan laat wen.



Weereens is ek nie bewus van sodanige "saamtelery" nie, maar as dit waar sou wees verdien jou bewering ernstige ondersoek en gaan 'n ongeadresseerde, ongetekende "bewering" niks aan die saak verander nie. Toon asseblief jou manne moed (of dalk vrouemoed, want ek weet nie of jy 'n "hy" of 'n "sy" is nie) en voorsien ons van feite. Die huidige reëling is dat in venootskappe venote nie mekaar se duive mag beoordeel nie en ook dat familieledes nie mekaar se duive mag beoordeel nie. Die beoordelaarsbeamptes van die onderskeie skoue is verantwoordelik om toe te sien dat dit in praktyk so toegepas word, en as dit nie gebeur nie, dan

moet dit op verantwoordelike wyse aangespreek word.

4) Standaard wat verander word om by die duive te pas.

Sal u asseblief so gaaf wees om ons van die nodige bewyse te voorsien. Ek dink u behoort te weet dat standaard-wysigings via die onderskeie spesialiteitsklubs voorgestel word na behoorlike bespreking op klubvergaderings en met inagneming van die standaard uit die betrokke duif se land van oorsprong.

Meneer/Mevrou "Bekommerde teler", neem asseblief kennis dat afskrifte van jou brief sowel as hierdie artikel gestuur is na die Nasionale Beoordelaars-

beampte (Mnr. Lourens Muller), sowel as na die Sekretaris van die Beoordelaarsforum, Mnr. Willie van Zyl.

At last, a special word of thanks to our National Judges Officer, Mr. Lourens Muller, as well as his predecessor, Mr. Christo Munnik, for compiling the different breed standards. I think they did an excellent job. It is always our privilege to honour people for good work being done, but it is also our responsibility to honour the judging rules and the constitution of The South African Fancy Pigeon Association.

Get. Ds. Hennie Hattingh

(En met tong in die kies: Ek is nie bang om my naam hier te teken nie.)

Nog iets van At Nigrini....

WAT MAAK JOU HOENDERTJIE HIER VOOR MY AGTERDEUR, HOEKOM LYK JOU HOENDERTJIE SE HARTJIE DAN SO SEER?

Ou volksliedjie wat my baie laat dink aan ons duiveboere, myself ingesluit. Ons is nooit tevrede nie, ons is nie tevrede met die saal nie of die hokkies is te groot of te klein of met die beoordeeling is daar altyd baie te sê self een van ons beoordeelaars weerhou sy duive aldus sy skrywe, as hy weet dat daar 'n beoordeelaar is wat volgens hom nie die ras goed ken nie. Het hy al na sy eie plasinge in rasse gekyk? Plaas hy week na week dieselfde duive binne 3 plekke, lyk sy grafiek van plasing binne 80 tot 95% of spring dit tussen 60 en 95%?

Wakker word manne, ons

stokperdjie gaan oor die duif en ons vriende en beslis nie oor wen nie. Ons weet al as sekere beoordeelaars finale beoordeling doen of 'n kropper of 'n sponsduif of 'n tumbler sal wen. So as jy die top 7 kan voorspel moet jy mos met 'n oop gemoed gaan skou. Probeer net eers 'n kleurklas wen en dan die ras, sou jy die ras wen wees tevrede en se dankie! Na my mening het ons net 1 of 2 beoordeelaars wat neutral beoordeel in die top 7. Dit is 'n groot probleem want hoë verwagtinge maak swak verloorders. Jaar najaar het ek, Dirk, Nak en Donald met die kombi SA's toe gegaan en jaar



na jaar die top 7 reg voorspel. So my grootste probleem by beoordeling wat die meeste onmin saai is die top 7, bloot deur die feit dat ons nie regverdiging kan gee aan 70 tot 80 rasse nie. Daar word jaarliks hoe kwaliteit duive ingevoer en ons standaard van duive en gene poel verhoog aanmekaar.

'n Ander argument is dat, as daar 280 Mookies, 260 Sjinese



uile, en 250 American Showracers ens. is op 'n skou, moet ons kan redeneer dat die duiwe wat met sulke strawwe kompetisie voor staan beslis 'n beter kans moet hê om bo uit te kom. Met John Hepner van die VSA se beoordeling gaan dit baie interessant wees en beslis die tonge laat klap. Daar sal tevrede en ontevrede manne wees. Ek kan jou 'n lys name gee van bogenoemdes. Die vraag is egter, sou die negatiewe ou se duif wen onder so 'n beoordelaar of hy 'an ook so sou kla? Ek weet nie, want fout vind is baie makliker as om 'n positiewe opmerking te maak.

My seun Tredoux het my gevra, "Pappa gaan ons goed doen op

die skou? Ja was my antwoord, ons gaan onself geniet!!

"Geniet" volgens die verklarende woordeboek is om behae te skep in of om 'n aangename ondervinding te hê. Dit is die groot vraag.

"Positief" - Die bevestigende teenoor negatief.

"Respek" - Is agting of eerbied.

"Respektabel" - Fatsoenlik of geag.

"Respektee" - Hoogag of eerbiedig.

"Maniere" - Wyse van doen of handel.

"Manierlik" - Hoflikheid en

beleeftheid of gekunsteldheid.

"Verdra" - Uithou of ly of duld.

"Verdraagsaam" - Geduldig of toegeeflik.

"Verstaan" - Om te begryp, na rede te luister of die slag te ken.

"Vertrou" - Om staat te maak op.

Dit is die vrae wat ons moet antwoord. Woorde soos opvoeding beteken grootmaak en ontwikkel. Wat het van al hierdie woorde geword? Wat van eerlikheid en opreg. Daar is 'n ou gesegde wat sê dat as jy alles weet van 'n vriend goed of sleg en dan nog steeds lief is vir hom, dan is hy jou ware vriend.

Gauteng Streekskou en Skouprogram

Jan Lombard

Ons het 'n baie suksesvolle streekskou aangebied op 26 Mei te Vereeniging skougronde. 'n Totaal van 807 van 61 verskillende rasse is deur 41 vertoners ingeskryf. Lede vanuit 7 streke het aan die skou deelgeneem. Pierre le Roux het hom uitstekend gekwyt van sy taak as hoofbeoordeelaar. Baie geluk aan Frikkie Butler, van Big Tail Loft, wat met die louere weggestap het met 'n Fantail.

Skouprogram deurstaan sy eerste vuurdoop

Ek het vanjaar aan 6 streekskoue deelgeneem. Die nuwe skouprogram is tydens al 6 die skoue suksesvol gebruik. Soos met enige nuwe ding was daar groeipyne. Ek

het vanaf dag een gese dat ek nie 'n rekenaar fundi is nie, maar tog my beperkte vaardighede wou aanwend tot voordeel van die SASV. Veral die druk van hokkaart-ettikette het 'n paar mense laat kopkrap. In baie gevalle was die "software" se "default settings" te blameer vir die probleme, maar daar was ook heelwat gevalle waar vaardighede onvoldoende was, en ook waar die instruksies beter kon gewees het. Die program vereis wel 'n mate van rekenaar geletterdheid, maar niks onoorkomlik nie. Dit sal gebruikers baie help as hulle beter vertrou is met Excel opdragte soos: 'insert row'; 'insert page break' "copy", "paste", "paste special-values only" ens. Dit sat ook



help as hulle die "mail merge" funksie van hulle spesifieke weergawe van MSWord goed ken. Die instruksies is vir spesifieke sagteware geskryf, en kan verskil waar gebruikers 'n ouer of nuwer weergawe van MSWord en MSExcel gebruik.

Op die Gautengskou het ons 807 inskrywings gehad. Aangesien die N1



Die Sierduif/The Fancy Pigeon

vroegoggend gesluit was weens 'n groot ongeluk en ek met 'n ompad moes ry (en 'n driekwartuur later as beplan by die skou opgedaag het), het beoordeling ietwat later begin as wat ons graag sou wou. Ten spyte daarvan kon ons die skou in totaliteit afhandel, en was ons vertoners teen 14h30 reeds op pad om te sien hoe die Springbokke die tweede rangse Engelse spannetjie pak.

Tydens al die skoue het ek probeer uitvind wat die gebruikers se ervaring met die program was. Ek het

ete kon die manne weer hulle duive pak waarna die prysuitdeling plaasgevind het.

Baie dankie aan almal wat ons skou ondersteun het. Ons sien uit om almal by die SA's van 2007 te sien.

Website

<http://www.safancypigeonassociation.za.org>

Web Master: Kobus Snyman, PO Box 22355,

Exton Road Bloemfontein 9313.

E-mail: kobussnyman@vodamail.co.za



Deutsche Modeneser and other Modena breeds

Jan Lombard - Gauteng Region

During 2006 I had the opportunity to take over Eddie Quick's Old German Modenas. This breed is known as Modenesers in most countries, including the USA. Even the Germans themselves do not like the name "Old German Modena" that was given to this breed in some English literature. As the only local breeder at this point in time, I propose that we use the name Modeneser in South Africa as well. This breed should not be confused with American Modenas, neither with English Modenas, nor Italian Modenas. The three breeds mentioned first all originated from the Italian Modena. Today we can therefore speak of 4 totally different breeds, which should all be judged against their own breed standards. American Modenas are well known in South Africa. The first photograph is a Mealy Gazzi Modena of the American Breed. It is interesting to note how much longer its legs are, compared

to the standard line drawing at the back of its pen. Most of these birds are also standing much

taller than the 9 and a half



inches called for in its standard. The second photo illustrates the difference between the English and the American breeds very well. This English Modena is a Blue Gazzi. The main



difference being its shorter legs and different station (slightly exaggerated in this photograph) – e.g. it carries its head much lower than its tail. English Modenas look like those we had in South Africa some years ago before Kobus Snyman and the late Willie Theunissen imported their first batch from the USA. Other importations of excellent pigeons (by Klasie Botha and other fanciers) followed on to those by Kobus & Willie. English Modenas are still popular in Europe. I have seen many such birds at Doncaster in 2004. I have also seen the American influence in some English birds.

Wanted: Pigeon Rings

(old & new for racing homers, fancy pigeons & rollers)



Jan Lombard
083-274-1014


P.O. Box 1544, Randburg 2125

Maart 2007




I have recently seen photographs of the winners at the German English Modena Club show held somewhere in Germany. These are still pure English Modenas. They looked exactly like the birds we had in South Africa.

The following photograph illustrates the Italian Modena. This breed is the original form, from which all others were developed. It is still very popular in Italy and some other European countries, where it is flown and also shown. It is available in a great variety of colours, more than in any other breed. You will even find black Gazzi with bronze bars, as illustrated in the book: "Bildschöne Taubenrassen". Its length exceeds its height.



My Modenesers originated from the lofts of John Graves from England. The 6 birds consisted of 2 pairs of blue barred Schietti's and 1 pair of Grizzles Schietti's. All six birds have black bars. In this breed you will find blue birds with either black or bronze bars, unlike in American Modenas, where the bars on blues should always be rich bronze with a pencil thin black edge to the bar. This breed is very fertile, and feeds its young without any problems what so ever. I was raised 8 young birds during a short

breeding season. I gave one pair each to Otto Steinhoffel and Raymond Hohls. My birds compare favorable with photographs of the best in Europe. Down below you will see my blue bar that was best of breed at Worcester, and on the photo a Red Check Schietti from Germany.



I have entered my Modenesers at 6 regional shows during the 2007 show season. One senior judged saw his way open to place a German Modena in the top 7. It happened at The KZN-Oos Vrystaat show in Pietermaritzburg. Thanks to

Christo Munnik for bestowing this honor on a deserving entry!

Modenesers is a smallish breed. Their side profile can be divided into three equal parts: 1/3 for legs, 1/3 for body and 1/3 for neck and head. The ratio between height and length is 3:2. Modenesers are very smooth birds that handle well. They do not display any of the coarseness or feather creases that one finds on the American breed. Personally I don't like the English or the Italian breeds. Comparing a Modeneser to an American Modena is however similar to comparing a beautiful slim catwalk model to a strong well built body-builder. Although I can admire quality specimens of both breeds, I prefer the beautiful slim lines of the Modeneser. I have the breed standard and will mail it to anybody that wants a copy. The German standard recognizes 70 different colours - 27 in Gazzi and 43 in Schietti. With all the colour genes available, many more colours can be created, as most of the dilute versions are not recognized by the Germans.


You will find between 1000 and 2000 Modenesers on most of the bigger shows in Germany. I have recently made contact with the breed club in that country, known as Deutsche Modeneser SV. This club has over 800 members. The club is working very hard to promote their breed internationally. They want to ensure that Modenesers take up their rightful place in the pigeon world. They also want to make sure that it is universally judged against a uniform standard. They are so concerned about



their breed that they are willing to make quality birds available free of charge to serious fanciers in other countries, who should be willing to pay importation costs like crates, air freight, blood tests etc. All that is needed is to form a specialist club to affiliate to their club at an annual cost of a mere 15

Euro. Members have a lot of benefits. Interested fanciers are welcome to contact me at 011 793 5445 or 083 274 1014 (after 19h00 please!). I will coordinate the importation of this lovely breed. Just let me know what colors you need. I'll do my best to get you top quality birds. I cannot remember ever hear-

ing of such a good opportunity to get good quality breeding material into South Africa.



Juniors is Kookwater!!

Ruan de Bruin

ook by die seniors geskou en in die betrokke ras, waar daar 250 duive was, die beste jong mannetjie vertoon. Baie geluk Tredoux. Dit wil gedoen wees.

Op die Streekskoue is die Juniors ook darem nog lewendig. Daar was hierdie jaar twee Streekskoue, waarvan ek weet, waar die Junior Kampioen Duif in die Senior Top 7 geïndig het.


Wanneer daar na die statistiek gekyk word, is dit 'n feit - Die Juniors is min. Die wat daar egter is, is ernstig oor hulle stokperdjie. Die ouers speel ook 'n belangrike rol in die Juniors se boerdery. Hulle moet die kos en medisyne koop asook die taxi wees na al die skoue en duiwedae. Baie dankie vir al die pa's wat nog bereid is om dit te doen.

Dit gaan ook maar swaar wanneer die skooldae verby is en die studente lewe begin of hulle begin werk. Die Juniors moet dus die duive opgee as gevolg van sekere omstandighede. Kyk egter mooi, hulle kom wel weer terug nadat hulle, hul voete gevind het in die grootmens lewe.

Ek wil net afsluit deur vir die Juniors te sê: Moenie julle steun aan al die ooms en hulle politiek nie. Hulle sal dit uitsorteer en daar is baie mense wat vir julle sal opkom. Geniet net jou duive.

Baie geluk aan Jannis wat die Kampioen Junior Duif vertoon het en ook aan Daniel wat as die Junior van die Jaar aangewys is.

Aan al die Juniors wat op die SA's geskou het, Jannis, Juan-Marie, Daniel, Lourens, Tredoux, Dylan, Joshua, Samantha, Justin, Celize en Marlize Teel Die Kampioene! Volgende jaar wil ons nog beter duive op die skoue sien.



Holle Kropper van Jannis Esterhuizen


Na 'n baie suksesvolle SA's wil ek net van my kant af vir die hele Wes-Kaapstreek sê geluk en dankie! Ek het die skou regtigwaar geniet!

Ek het ook besluit, na die week van kuier en gesels, wil ek graag skryf oor alles wat die afgelope jaar in die Sierduif verskyn het oor die Juniors.

Hierdie jaar het al die skoue, saam met die SA's ons gewys dat die Juniors nog sterk aan die gang is. Daar was 11 junior vertoners op die SA's wat 226 duive vertoon het. Ek glo die mense wat die moeite gedoen het om na die junior duive te gaan kyk, sou gesien het dat daar regtig goeie duive was. Hou so aan julle almal!

Een van die junior vertoners het





Te koop/For Sale

Top Quality Nguni
skins R2500 -
R2700. Contact
NAK Smit Tel: 021
887 2003 Cell 072
585 0348 E-Mail
naksmi@adept.co.za
36 Patrys street
Stellenbosch

R30 is min
adverteer hier

Kom ons vul hierdie
kolom met ons
advertensies of selfs
hierdie hele bladsy,
dankie NAK jy het darem
'n begin gemaak. Ek nooi
al ons lede om hulle
produkte en/of duiwe wat
te koop is hier te
adverteer



Bankovs, Manie Fourie en Bertie Wessels Trofees / Trophies

RULES

1. The duration of the competitions will be from 1st July to 30th June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 200 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 100 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A report about a match meeting will earn 100 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited.
7. A good idea will earn 50 points.
8. A region which **increases** its membership as explained in 1 above will receive 50 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

NB Any member who obtain a R1200 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.

REËLS

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van 1ste Julie tot 30ste Junie van elke jaar.
 2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors sal 200 punte verdien. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron, wat net deur 'n lid ingestuur is ontvang 150 punte.
 3. 'n Brief van 'n lid sal 150 punte verdien.
 4. Streeknuus sal 200 punte verdien.
 5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag sal 100 punte verdien.
 6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk-Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon, ontvang.
 7. 'n Goeie idee sal 50 punte ontvang.
 8. 'n Streek wat sy ledetal **verhoog** soos in 1 hierbo uiteengesit sal 50 punte ontvang vir elke addisionele lid.
 9. Advertensiegeld wat 'n streek vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke Rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.
- NB** 'n Lid wat R1200 aan 'n advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.

Belangrik / Important

1. Bestel vandag nog 'n eksemplaar van die Gedenkultgawe - Junie 1992 (88 bladsye - A4 - 50 jaar se geskiedenis van die SASV) teen R15 vanaf die Ringmeester, posgeld ingesluit.
2. From Cora Munnik, our Ring Master: Regional Ties and regional honour scrolls.
3. From Rev. Hennie Hattigh, National badges and National Honour scrolls.
4. Bestel vanaf Lourens Muller die volgende:
Boek van Standaarde
Engels en Afrikaans Pryse nie beskikbaar
(Skakel met Lourens Muller - 083 711 1836)
Enkel Standaarde R 20 stuk
'n Lys van Beoordelaars R 16
Metaal ledebalkies R 40
Prov. & Nas. Balkies R 40
Metaal beoordelaars balkies R 40
Bostaande pryse sluit posgeld in.

Score board/Telkaart

BANKOV'S SHIELD/SKILD

1. Wes-kaap:	3400
2. Noord-Transvaal:	1641
3. Gauteng:	1307
4. Griekwaland-Wes:	1279
5. Oos-Transvaal:	1400
6. Noord Vrystaat:	963

Manie Fourie Trophy/Trofee

1. Wes-Transvaal:	1576
2. Kwazulu-Oos-Vr:	1250
3. SW Distrikte:	730
4. Eastern Province:	711
5. Vrystaat:	0

Bertie Wessels Trofee/Trophy

- 1.
- 2.



Telersregister

Breeders register

Oosthuizen Quentin: Plot 6 Kragga Kamma road Theescombe, Port Elizabeth. Tel 041 379 5869 Sel 082 834 9282. Specialist breeders of imported bloodline White Brunners, Amsterdam Balloon Pouters (blue & grizzle) and Show Birmingham Rollers from UK. E-Mail: quentin@heritageinternational.co.za

Peet en Sandra Botha: Posbus 6519, Secunda, 2302. Tel 082 467 0996. Breeders of Fantails, Lahores, Polish Lynx, Muffed Ice Pigeons and Dutch Highflyers. E-Pos: peet.botha@sasol.com

Roodt JJ: Posbus 368 Heidelberg 1438 Tel 016 349 5597 Sel 082 414 8280. Teel met Birmingham Rollers - veral Geel. Nuwe duiwe ingevoer vanaf Engeland. E-Pos: morganroodt@mweb.co.za

Lombard Jan: Posbus 1544 Randburg 2125 Sel 083 274 1014. Teel met Komorner Tuimelaars, Duitse Skoonheidsposduiwe, Ou Duitse Modenas en Kazaner Tuimelaars.

Specialist Clubs affiliated to SAFPA/Spesialiteitsklubs geaffilieer by die SASV

American Showracer Club

President: Chris vd Berg Posbus 11589, Universitas 9321 Tel 051 522 8701 Sel 082 376 3130

Sekretaris: Petra vd Berg, Posbus 11589, Universitas 9321 Tel 051 522 8701 Sel 082 776 1378 E-Pos pvdberg@absamail.co.za

Blaasduifklub

President: Koot Serfontein, Posbus 2681, Honeydew 2040 Tel 011 675 0108 E-Pos serfontein@icon.co.za

Sekretaris: Chris vd Walt, Stantonstraat 1, Fichardtspark 9301 Tel 051 522 3074 Sel 082 378 6447 plakkers@wol.co.za

Bodemtuimelaarklub

President: Wim van Rensburg, Posbus 2105, Bethal 2310 Tel 017 647 5712 Sel 083 980 0113 E-Pos wimvr@vodamail.co.za

Sekretaris: Cora Munnik, Posbus 44, Hennenman 9445 Tel 057 573 1660 Sel 076 955 3266 E-Pos christomun@mweb.co.za

Birmingham Roller Vertonersklub

President: Chris Lamont, Posbus 2536, Piet Retief 2380 Tel 017 826 1446/044 251 6704 Sel 079 183 2463

Sekretaris: Raymond Hohls, Posbus 25271, Langenhovenpark 9330 Tel 083 303 9865 Sel 083 303 9865 E-Pos rhohls@shisas.co.za

English Shortface Tumbler Club

President: Lourens Muller, Roselaan 4D, Wilgehof, Bloemfontein 9301 Tel 051 522 4997 Sel 083 711 1836 E-pos chineseowls@mweb.co.za

Sekretaris: Johan Botha, Posbus 58, Greenbushes 6390 Tel 041 372 1004

Homerklub

President: Christo Munnik, Posbus 44, Hennenman, 9445 Tel 057 573 1660 Sel 076 391 5800 E-Pos christomun@mweb.co.za

Sekretaris: Chris Lamont, Posbus 2536, Piet Retief, 2380 Tel 017 826 1446/044 251 6704 Sel 083 703 6365

The International Modena Club

President: Jim Vines, 8501 East Hwy 10, Greenwood, AR 72936-9259 USA. E-mail: jvmodena@valuelinx.net

Secretary/Treasurer: B. Tim Taylor, 10032 Goodrich Road, Bloomington, MN 55437-2413 USA.

E-mail: srodders@aol.com

Trumpeter and African Toy Club

President: Stewart Patterson, PO Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011 704 2490 E-Mail gillpatt@mweb.co.za

Secretary: Freddie Theron, 332 Parsley Avenue, Annlin, Ext 3. Tel 083 327 4049 E-Pos

FTheron@barlowworldequipment.com

Friil Club

President: Dr. Koot Serfontein, P O Box 2681 Honeydew 2040. Tel 011 675 0108 E - P o s serfontein@icon.co.za

Secretary: Stewart Patterson, PO Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011 704 2490 E-Mail gillpatt@mweb.co.za

Kartelrugklub

President: Julian Fincham, Posbus 83, Kameel 8603 Tel 053 982 2022 Sel 082 682 9781

Sekretaris: Johan Vivier, Posbus 811, Oudtshoorn 6620 Tel 044 251 6704

Kleurduifklub

President: Wim van Rensburg, Posbus 2105, Bethal 2310 Tel 017 647 5712 Sel 083 980 0113 E-Pos wimvr@vodamail.co.za

Sekretaris: Peet Botha, Posbus 6519, Secunda 2302 Tel 017 631 1423 Sel 082 467 0996

Mookeklub

President: Danie Badenhorst, Posbus 1191, Zeerust 2865 Tel 018 642 3867

Sekretaris: Ruben Kitching, Campbellweg 28, Valhalla 0185 Tel 012 654 4816 Sel 082 434 9809

Nasionale Modena Klub

President: Kobus Snyman, Posbus 22355, Extonweg 9313. Tel 051 433 1845 Sel 082 875 0124 E-pos: kobussnyman@absamail.co.za

Sekretaris: Gerhard vd Bank, Posbus 489, Montana Park 0159 Tel 083 331 4525 E-Pos gerhard.vdbank@ediholdings.co.za

Nonklub

President: Wikus van Niekerk, Posbus 50624, Wierdapark 0149 Tel 012 653 7105 Sel 082 449 6879

Sekretaris: Petra vd Berg, Posbus 11589, Universitas 9321 Tel 051 522 8701 Sel 082 776 1378 E-Pos pvdberg@absamail.co.za

Swaarsklub

President: Kobus Swanepoel, Posbus 1250, Hartenbos, 6520 Sel 083 264 2485

Sekretaris: Petra vd Berg, Posbus 11589, Universitas 9321 Tel 051 522 8701 Sel 082 776 1378 E-Pos pvdberg@absamail.co.za

Sijnese Uilklub

President: Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0087 Tel 012 379 3300 Sel 083 235 1702 E-Pos vanzyl5@absamail.co.za

Sekretaris: Hendrina Swanepoel, Conradstraat 18, Kimberley 8301 Tel 053 833 5024

Sponsduifklub

President: Wynand Wessels, Posbus 346, Bothaville Tel 056 515 2769 Sel 083 994 7012

Sekretaris: Theuns Steyn, Posbus 188, Worcester 6849 Tel 023 342 4974 Sel 083 6314683 E-Pos tsteyn@romatex.co.za

TumblerClub

President: Christo Britz, Colignystraat 8, Parkwes Bloemfontein 9301 Tel 051 444 0021 Sel 083 626 6003 E-Pos christo@infiniteafrica.co.za

Sekretaris: Stewart Patterson, PO Box 69184, Bryanston 2021 Tel 011 704 2490 Sel 082 457 2919 E-Mail gillpatt@mweb.co.za

Waaiersterklub

President: Nico vd Westhuizen, Posbus 8323, Western Levels 2501 Tel 018 786 4351 Sel 082 922 0030 E-Pos NvdWesth@AngloGoldAshanti.com

Sekretaris: Peet Botha, Posbus 6519, Secunda 2302 Tel 017 631 1423 Sel 082 467 0996

Old German Owl Klub


President: Johnny Renda, PO Box 39, Klein Dassenberg 7358 Tel 021 572 7777 Cell 083 748 4872 E-Mail giopet@polka.co.za

Sekretaris: Koos Marais, 67 Mahoganyngel, Tygerberg Heuwels, Bellville 7530 Tel 021 913 1419 Sel 083 717 3503 of 082 438 8755 E-Pos kemarais@ourhome.co.za

Jakobyklub

President: Julian Fincham, Posbus 83, Kameel 8603 Tel: 053 982 2022 Sel: 082 682 9781

Sekretaris: Yassiem Khan, 122 Klip road, Grassy Park 7941 Tel: 021 705 1741 Cell: 083 270 6000 E-Mail yassiemkahn@yahoo.com



Join
the




SA Rare Breeds Club SA Skaarsrasklub

President: Chris de Bruin
Posbus 788, Derdepoortpark, 0035.
Tel: 012 808 0463, Faks: 012 430 4539
Sel: 082 426 8703

E-pos: chris.debruin@dcs.gov.za
Sekretaris: Chris vd Walt
Stantonstraat 1, Fichardpark, 9301
Tel: 051 522 3074 Sel: 082 378 6447

Sluit
aan
by




Die Sierduif

The Fancy Pigeon

R10 Vat Incl
R10 BTW Ing

September - October 2007

**American Giant
Homer**



**For the love and care of Fancy Pigeons
Vir die liefde en versorging van Sierduiwe**

**Official Mouthpiece of the South African Fancy Pigeon Association
Amptelike Mondstuk van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging**

**DIE SUID-AFRIKAANSE SIERDUIFVERENIGING
THE SOUTH AFRICAN FANCY PIGEON ASSOCIATION**

Ere-Presidente / Honorary Presidents

Warren Klopper, Posbus 143, Schweizer-Reneke. 2780 Tel: 053 963 1547
Renier Lee, Posbus 76, Ventersdorp. 2710 Tel: 014 544 0008
Clive Druce, 48 Lange Street, Uitenhage. 6230 Tel: 041 992 2684
Stewart Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston. 2021 Tel: 011 704 2490
Wynand Wessels Posbus 346, Bothaville 9660 Tel: 056 515 2769 Sel: 083 994 7012

Uitvoerende Komitee / Executive Committee

Nasionale President / National President - Pierre le Roux

Diazstraat 31, Panorama, 7500. Tel/Faks: 021 939 2572 Sel: 083 567 0226 E-pos: pleroux@webmail.co.za

Nasionale Vise-President / National Vice-President

Vacant

Nasionale Sekretaris / National Secretary - Hennie Hattingh

Posbus 162, Glencoe, 2930. Tel: 034 393 1450 Sel: 082 923 3910 E-pos: jhhattingh@cybertrade.co.za

Nasionale Tesourier / National Treasurer - Chris de Bruin

Posbus 788, Derdepoortpark, 0035. Tel: 012 808 0463 Faks: 012 430 4539 Sel: 082 426 8703

E-pos: chris.debruin@dcs.gov.za

Nasionale Ring Meester / National Ringmaster - Cora Munnik

Posbus 44, Hennenman, 9445. Tel/Faks: 057 573 1660 Sel: 076 955 3266 E-pos: christomun@mweb.co.za

Nasionale Redakteur / National Editor - Christo Munnik

Posbus 44, Hennenman, 9445. Tel/Faks: 057 573 1660 Sel: 076 391 5800 E-pos: christomun@mweb.co.za

Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer - Lourens Muller

Roselaan 4D, Wilgehof, Bfn., 9301. Tel: 051 522 4997 Sel: 076 570 3289 E-pos: chineseowls@webmail.co.za

Streekverteenwoordigers / Regional Representatives

Gauteng - Koot Serfontein

Posbus 2681, Honeydew, 2040. Tel: 011 675 0108 Faks: 011 675 0456 E-pos: kserfontein@vodamail.co.za

Vrystaat - Chris vd Berg

Posbus 11589, Universitas, Bloemfontein, 9321. Tel: 051 522 8701 Sel: 082 376 3130

E-pos: pvdberg@absamail.co.za

Wes Kaap - Fadiel Hendricks

9 Connemara Road, Wynberg, 7800. Tel: 021 797 2992 / 021 761 9207 Faks: 021 761 9293 Sel: 082 827 8099

E-pos: fadiel@jansdownecoach.co.za

Noord-Vrystaat - Bertie Wessels

Posbus 346, Bothaville, 9660. Tel: 056 515 2769 Sel: 083 733 4191 E-pos: chrisv@act.co.za

Oos-Transvaal - Wim van Rensburg

Posbus 2105, Bethal, 2310. Tel: 017 647 5712 Sel: 083 980 0113 E-pos: wimvr@vodamail.co.za

Griekwaland-Wes - Hendriena Swanepoel

Conradstraat 18, Kimberley, 8301. Tel/Faks: 053 833 5024 Sel: 073 245 7993

Eastern Province - Netta Prince

P.O. Box 455, Port Elizabeth, 6000. Tel/Fax: 041 364 3933 Cell: 082 565 9022 E-mail: janetp@xsinet.co.za

Suid-Westelike Distrikte - Kobus Swanepoel

Posbus 1250, Hartenbos, 6520 Tel/Faks: 044 695 2620 Sel: 083 264 2485

Wes-Transvaal - Danie Badenhorst

Posbus 1191, Zeerust, 2865. Tel: 018 642 3867 Sel: 072 903 2975

Noord-Transvaal - Willie v Zyl

Kwintstraat 400, Pretoria Tuine, 0082. Tel: 012 379 3300 Faks: 012 323 4774 Sel: 083 235 1702

E-pos: vanzyl5@absamail.co.za

KwaZulu-Natal-Oos Vrystaat - Rob Lombaard

104 Globe Road, Scottsville, PMB, 3201. Tel: 033 386 9785 Sel: 083 6600 628 E-mail: wings@absamail.co.za

Index

Inhoudsopgawe

Redaksioneel/Editorial	2
Lief en leed van ons duive vriende	3
Beoordeling van duive - my siening - Christo Munnik	4
SASV Algemene Jaarvergadering notule - Hennie Hattingh	6
Beoordelaarsforum Vergadering - Willie van Zyl	8
Trompetter en SA Troeteldui nuus - Freddie Theron	11
Pigeon Pill in Hollywood - Kobus Snyman	12
In the judging pen with John E Nelson - Ruan de Bruin	12
Nasionale Tesourier en SASV begroting	15
Stigting en Geskiedenis van Noord-Transvaal - Chris de Bruin	16
Nuus van die Blaasduifklub - Kobus Swanepoel	24
2007 Championship Show - Yassiem Kahn	24
Sjinese Uilklub Nuus - Hendriena Swanepoel	26
Sponsduifklub Nuus - Wynand Wessels	27
'n Paar aspekte ui die Beoordelaarsforum - Willie van Zyl	28
Gelukwense en 'n paar dankies - Freddie Theron	28
Caushois: Een van die mooiste duiverasse - Chris de Bruin	29
Huldeblyk - GP Bierman - Wikus van Niekerk	32
Nasionale Ringmeester/National Ringmaster	33
Shorty Club news - Clive Druce	34
Nuus vanaf Swaarrasklub - Kobus Swanepoel	35
Internasionale Bemarking - Jan Lombard	36
Wat 'n SA's 2007!! - Seppie Esterhuizen	36
Die nuwe Duitse Skoonheidsposduif - Jan Lombard	37
ANPA Nasionaal Show - Jan Lombard	40
Domestic Flying Flights - John Calitz	41
Oos-Transvaal hou AJV - John Calitz	42
Te Koop / For Sale	43
Reëls en telkaart	44



Gotcha!!!!



Die Sierduif
The Fancy Pigeon


Verkrygbaar vanaf/
Obtainable from
Christo Munnik
Posbus/PO Box 44
Hennenman 9445
Tel/Fax
057 573 1660
Sel/Cell
076 391 5800
Woning/Home
Skoolstraat 11,
Hennenman 9445.

Graphic Design is
done by
The Editor
Printed by
Oranje Drukkers/
Printers
PO Box/Posbus 35
SENEKAL
9600
Tel 058 481 2105/6/7
058 481 2100
Fax/Faks 058 481 4264
E-pos/E-mail
oranje@global.co.za

Inteken geld vir Die
Sierduif aan nie-lede
van die SASV
beloop
R180.00/jaar
Subscription for
The Fancy Pigeon
to non-members of
SAFPA is
R180.00/annum

Die Sierduif The Fancy Pigeon

September Oktober 2007



Christo Munnik
Redakteur / Editor

Wat sê 'n mens in jou redaksionele kolom as daar elke keer as die boekie moet uitgaan een van ons eie mense oorlede is. Ek is al bang om 'n nuwe boekie te begin uit vrees dat my telefoon weer gaan lui met slegte nuus. Hierdie keer is dit een van ons geliefde Namibiese vriende wat oorlede is naamlik Ou Ma Lena Coetzee soos haar kinders haar genoem het. Ek het pas die anderdag van Pierre le Roux verneem dat dit nie so goed gaan met Oom Pikket Coetzee nie. Oom Pikket ek weet dat daar 'n groot leemte in die Coetzee huis en harte gaan wees vir baie jare wat kom en wens ons net vir julle alle sterkte toe.

In hierdie uitgawe het ek weer probeer om iets van alles te plaas nou nie dat ek toegewooi is met artikels nie. Lede moet asseblief vir my so toegooi dat ek nie kan voorbly nie. Ek het natuurlik weer met die oorgaan na die ADSL by Telkom 'n m@#\$se klomp probleme gehad selfs met my fakse ook. As enige iemand iets gestuur het wat nie in die boekie is nie

skakel asseblief my of stuur weer vir my die E-Pos of faks wat jy reken nou weg is want ek sal nie weet wat gestuur is of nie. Ek vra asseblief mooi verskoning vir die ongerief maar dit lyk darem of die probleme nou iets van die verlede is.

Please all members I need more articles, stories and letters. If you send in articles that you extracted from other newsletters and books please let me have permission from the Author or Editor that I can publish the article. I already published articles without permission from these people and as you know this is plagiarism and this can cause massive problems for me and SAFFPA. So, from now on I will not publish any document that I think is taken from a newsletter or book with copyright.

Ek wag nog ook vir 'n klomp Streekverteenwoordigers om my te help om al die lede in die SASV se verjaardag datums te kry. Asseblief tog help my ek kan nie help dat rekenaars die goed weggooi as daar 'n virus op is nie.

The breeding season kicked off with a bang at the Munnik residence but all hopes went to hell with in some cases the first three rounds of eggs being unfertile. That changed again later on when we got good rain 300mm + in Hennenman and surrounding areas. We are now on track again and some good King, Gros Mondain and German Beauty Homer babies weened at this stage. Looks good so far but they must still grow up hey!!

Die Nasionale Ringmeester vra ook dat indien jy gedurende September of Oktober aangesluit het of ringe bestel het en nog nie jou ringe ontvang het of enige iets van haar gehoor het nie, om tog maar te skakel en uit te vind of die faks of e-mail ontvang is.

Onthou om asseblief julle Kersfees en Nuwejaars boodskappe nou in te stuur / Remember to send in your Christmas and New Year wishes now



Verjaarsdae/ Birthdays

Willem Jacobs - 05 Nov
Piet Pretorius - 06 Nov
Viaan Vellems - 06 Nov
Wally Goodall - 07 Nov
At Nigrini - 08 Nov
Frik Butler - 09 Nov
Janus Esterhuyzen - 12 Nov
Bertie Wessels - 12 Nov
Zander Brits - 17 Nov
Marko Britz - 17 Nov
Stacey Armstrong - 25 Nov
Willie van Zyl - 28 Nov
Chris Engelbrecht - 28 Nov
Cobus Snyman - 29 Nov
Simon Jordaan - 30 Nov
Lee Munnik - 10 Des
Arthur Muller - 11 Des
Jennie Swanepoel - 11 Des
Pieter Cloete - 14 Des
Koos Marais - 19 Des
Nico vd Westhuizen - 23 Des
Johnny Rudman - 30 Des
Grant Mitri - 31 Des

Siek lede/ Ill members

Sterkte word aan die lede toegewens wat siek is. Op die stadium weet ek net van Oom Pikket Coetzee van Windhoek.



Sterftes/ Deaths

Tannie Lena Coetzee van Windhoek in Namibië is op Vrydag 14 September 2007 oorlede. Oom Pikkie en die hele Coetzee familie ons sal julle altyd in ons gebede dra. Sterkte vir die toekoms.

Nuwe lede/ New members

NJ Reynolds Posbus 348
Mosselbaai 6500 Tel: 028 135
2299 FC Maritz Posbus
178 Thabazimbi 0380 Tel: 014
772 1573
S Naude Posbus 21071
Noordbrug 2522 Tel: 018 290
9756 CLS Boerdery
26 Haarlem Street Parow
7500 Sel: 083 566 1508

Geboortes/ Births

'n Seun vir Neil en Retha (dogter) van Wim van Rensburg. Baie geluk aan julle met die nuwe kleinding

Klein advertensies / Small advertisements

Plaas 'n klein advertensie en adverteer jou *duiwe en wat ook al jy wil verkoop* teen R30/advertensie. Slegs naam, telefoon/selfoon nommer en 20 woorde. Geen advertensie sal geplaas word wat nie die artikel wat te koop is se prys by het nie of sonder 'n afskrif van 'n bankstrokie nie. Kyk op bladsy 43 vir die advertensies. / Place a small advertisement and advertise your *pigeons or what ever you have for sale* at R30/advertisement. Only your name, telephone/cell phone number and 20 words. No advertisement will be placed without a price of the article for sale and a copy of the deposit slip. See page 43 for these advertisements.



Beoordeling van duive - my siening

Christo Munnik



Ek gaan probeer om in die skrywe te verduidelik hoe te werk gegaan word, of hoe dit behoort te werk om duive te beoordeel tydens 'n skou. Ek beoordeel nou al vir bykans 25 jaar duive en elke keer as ek dit doen leer ek iets nuuts, of ek verbeter myself sodat ek die beste diens waartoe ek in staat is aan die vertoner kan lewer. Baie vertoners doen geen moeite om duive skougereed te kry nie en ander oordoen partymaal ook weer die duif. Wat ookal die geval, die beoordelaar moet te alle tye respek hê vir die vertoner en sy duive.

Ek glo dat die meeste vertoners in elk geval nie met 'n beoordelaar sal verskil oor sy opinie nie, omdat die vertoner of teler van die ras in baie gevalle nie die standaard van die duif so goed ken dat hy met jou sal of kan verskil nie. Dit is natuurlik baie jammer, want daar is standarde beskikbaar vir elke ras en as jy dan met 'n spesifieke ras teel behoort jy die rasstandaard net so goed te ken as die beoordelaar. Hoekom sê ek so. Telers skryf gewoonlik drie of vier duive in 'n klas in want hy/sy is nie seker watter een die beste is nie, nou gee die teler die beoordelaar 'n wyer keuse om van te kies. 'n Ander rede natuurlik is om in elke kleur- en ouderdomklas duive in te skryf en te probeer om die klasse almal te wen. Dit is ook so dat beoordelaars verskil en daarom het ek self al meer duive in 'n klas ingeskryf

sodat die beoordelaar 'n wye verskeidenheid het om van te kies. Hierdie is alles negatiewe dinge aangaande skou en beoordeling en moet, as dit kan, uit die weg geruim word. Genoeg daarvan.

Enige mens kan 'n beoordelaar word of wees. Jy leer dood eenvoudig die standaard van die duif, volg die neergelegde reëls om 'n beoordelaar te word, en siedaar nadat jy tydens die SA Kampioenskappe getoets is, is jy 'n beoordelaar.

Ek gaan hieronder 'n uiteensetting gee van hoe ek te werk gaan as ek 'n ras duive beoordeel. Daar sal verseker beoordelaars wees wat hiervan sal verskil omdat dit menslik is om te verskil van mekaar. Ek weet gewoonlik vooraf watter soorte duive ek gaan beoordeel, omdat ek per brief uitgenooi word deur 'n streek se bestuur. Ek sorg dan dat ek vooraf die duive se standaard/e deurgaans net om seker te maak dat ek nie iets vergeet het van die ras/se nie. Dit is onmoontlik om alle rasse se standarde ten alle tye een honderd persent te onthou omdat die uiterlike kenmerke of tipe van alle duive heeltemal verskil van mekaar. Ek word gewoonlik vir tot tien rasse per skou genooi maar gaan hier net bly by die beoordeling van Brunners.

Omdat Brunners blaasduive is en hulle in aksie beoordeel moet word (aksie bedoelende dat die duif sy krop moet opblaas en

die heel tyd moet rondbeweeg asof die duif met jou gesels) is dit nodig om die duive klas vir klas uit die skouhokkies te haal en in loopringe ('n loopring is gewoonlik so 1.5 meter lank, 0.8 meter diep en 0.8 meter hoog) te beoordeel. Brunners is dan ook aggresiewe duive wat mekaar in die loopring aanval, daarom is dit nodig om twee of drie loopringe te hê vir die beoordeling van die duive. Dit is ook van uiterste belang dat die area goed verlig moet wees of deur (verkiekslik) natuurlike lig of deur elektriese beligting. Dit is ook nodig dat die beoordelaars ruimte van so 'n aard moet wees dat die beoordelaar rondom die loopring/e kan beweeg. Die volgende waarop ek let is dat die loopring net hoog genoeg van die grond af is sodat ek die duive ook van bo af kan besigtig. Dit is makliker om op 'n stoel langs die loopring te sit as daar na die duive van die kant of van voor af gekyk moet word, as om op 'n stoel te staan om die duive van bo af te sien.

Teen die tyd het ek al vir my helper (stewart) aangesit om volgens die beoordelaarslys die hokke se nommers na te gaan en seker te maak dat alle leë hokke en die duive wat wel



daar is se ringnommers op die lys aangeteken word. Indien dit 'n opgeleide persoon is sal hy/sy ook alle verkeerde inskrywings aan my rapporteer sodat die nodige stappe geneem kan word voor die beoordeling begin. Indien die helper 'n nuwe lid is of nie opgelei nie sal ek bogenoemde saam met hom/haar doen wat dan sommer dien as opleiding vir die helper. Goed opgeleide helpers maak die taak soveel makliker vir enige beoordelaar.

Nou kan die beoordeling van die eerste klas begin. Dit maak nie egte saak of dit volgens die lys gedoen word en of dit in 'n ander volgorde gekied nie, so lank elke duif wat ingeskryf is beoordeel word. Die helper/s dra die duife vanaf die skouhokkies na die loopring aan en gee die duife een vir een aan my om te hanteer. Helpers moet geleer word om nie twee en drie duife gelyk te probeer dra nie want dit kan duife beseer of vere breek en dit maak vertoners kwaad as hulle duife, wat reggemaak is vir die skou hardhandig hanteer word.

Ek, die beoordelaar gaan nou die duif versigtig deur om te kyk na die volgende:

1. Het die duif enige gebreke soos krom borsbene, verlore vere in die stert of vlerke.
2. Is daar enige sigbare lewendige luise of gaatjies (pinholes) wat deur luise in die vere gemaak is, teenwoordig.
3. Die duif se algemene kondisie en veer kondisie.
4. Is die oë van die duif lewendig en is albei van dieselfde kleur en die regte

kleur, volgens die standaard.

5. Ek kyk ook somer dan na die vorm van die duif se kop, kleur en vorm van die bek, neusvratte en toonnaels en vergelyk dit met die beskrywing in die standaard.

Nou is ek tevrede dat ek die duif deurgegaan het en indien alles hierbo reg is plaas ek die duif in die loopring. Ek stuur gewoonlik net duife met gebreke en luise summier terug na die skouhokkie sonder om hom/haar verder te beoordeel. In die geval waar 'n duif summier teruggaan hokkie toe maak ek ook 'n aantekening hoekom dit gebeur het. As al die duife in die betrokke klas in die loopring is tel ek hulle en maak dan seker volgens die lys of al die duife daar is.

Nou begin die groot werk om die duife te kry om in 'n vreemde omgewing met 'n vreemde stem te gesels en hulle self aan te bied vir beoordeling. Dit is baie belangrik want blaasduife wat nie blaas en praat met die beoordelaar nie word summier uitgegooi. Terwyl die duife dan voor my paradeer moet ek na die volgende punte kyk en dit vergelyk met die standaard: (Let wel ek sê die standaard en nie met mekaar nie)

1. Die vorm van die krop wat geblaas is.
2. Die kop se vorm uit die hand uit.
3. Die lyf.
4. Die vlerke.
5. Die stert.
6. Die bene.
7. Die tone en toonnaels.
8. Die manier wat die duif loop.
9. Die kleur en gehalte van vere.

Al die bogenoemde punte word

in die standaard van die duif volledig beskryf. Ek gaan dan nou voort om duife uit te haal wat volgens my opinie die meeste foute het, gemeet aan die geskrewe standaard. Daar moet op gelet word dat ek nie die duife met mekaar vergelyk nie. Ek sal die duif wat die minste foute het dan laat wen. Dit word genoem positiewe beoordeling. Die enigste keer wat ek duife met mekaar sal vergelyk is as daar twee duife is wat eenders is met ewe veel goeie of slegte punte, dit word negatiewe beoordeling genoem. Ek probeer ook gewoonlik om eers al die ou mannetjies dan die jong mannetjies en dan na die wyfies te kyk.

Indien al die klasse nou beoordeel is en daar dus 'n wenner in elke klas is, beoordeel ek weer al die wenners om te bepaal wie op die ou einde die beste in die ras is. Ek wil net eers vir die wat nie weet nie verduidelik wat klasse is. Duife van verskillende rasse word in die skouskedule opgedeel in die volgende klasse:

Voorbeeld

Brunner	OC	OH	YC	YH
Swart	17	18	19	20
Wit	21	22	23	24
Rooi/Geel	25	26	27	28

Bostaande voorbeeld is van die verskillende klasse vir die Brunner. Wat nou moet gebeur is, ek moet volgens die reëls die beste ou mannetjie (OC) uithaal tussen klasse 17, 21 en 25 en die duif dan laat deurgaan om te kompeteer teen die beste ou wyfie (OH) om te bepaal watter duif die beste ou duif in die ras is. Dieselfde weg



word gevolg om die beste jong duif te bepaal (YC & YH). Weereens vergelyk ek die duiwe met die standaard wat dan nou makliker is omdat al die duiwe alreeds beoordeel is. Die volgende stap is om die twee finale weners, beste ou duif en beste jong duif te beoordeel om een raswenner deur te stuur vir finale

beoordeling, wat deur 'n Senior beoordelaar gedoen word om die top sewe duiwe van die hele skou te bepaal. Om die beste duif in die ras te kies vergelyk ek die duiwe ook met mekaar net om seker te maak dat ek die beste duif vorentoe stuur vir die Senior beoordelaar om te beoordeel. Dit sal dan gewoonlik die duif met die

minste foute wees en wat ek in my hart oortuig is wat met die Senior beoordelaar sal praat. Dit kan gebeur dat ek dalk 'n duif vorentoe sal stuur wat nie die beste in die ras was nie maar wat 'n beter kans sal hê tydens hoofbeoordeling maar dit is nie die reël nie.

Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging

Algemene Jaarvergadering: 5 Julie 2007 te Worcester

Notule

Hennie Hattingh

1. Opening

Ds. Hennie Hattingh open die vergadering met gebed.

Die Nasionale President heet almal teenwoordig hartlik welkom. Hy spreek sy teleurstelling uit dat weens kwarantynbepelings die lede uit Namibië dalk nie meer by ons sal kan skou nie. Hy spreek sy dank uit teenoor Namibië vir hul volgehoue ondersteuning in die verlede en spreek die wens uit dat omstandighede vorentoe weer sal normaliseer sodat hulle skoue in die Republiek sal kan bywoon.

2. Verskonings en Presensie

Die presensielys sirkuleer vir ondertekening. Verskonings word aangebied vir Lourens Muller, Benard van Zyl, Andre Immelmann, Warren Klopper, Wiekus van Niekerk, Danie Badenhorst, Christo Britz,

Dawid le Roux, Arthur Muller, Johan Potgieter, Pieter Lourens, Pieter Neethling, Johan Vivier, Lappies Labuschagne, Chappies Gertenbach.

3. In Memorium

Die vergadering handhaaf 'n oomblik van stilte ter nagedagtenis aan die volgende lede wat sedert SA's 2006 te Stella oorlede is

Corrie van Reenen
Gert Bierman
Dr. Johan Loots
Colin Wrench
Saag van Wyngaard

4. Vaststelling van Sakelys

Die volgende punte word bygevoeg onder punt 13 van die agenda:

Jan Lombard - Bemarking.
Freddie Theron - Boeke van oorlede oom Gert Bierman.



Freddie Theron - Standaard SA Troetelduif

5. Goedkeuring Notule A.J.V.: 6 Julie 2006 te Stella en soos gepubliseer in "Die Sierduif" van September - Oktober 2006

Goedgekeur

6. Sake voortspruitend uit die Notule.

Geen

7. Verslae

Nasionale President - Mnr.
Pierre le Roux

Die vergadering neem met dank die verslag van die Nasionale President in ontvangs.



Nasionale Tesourier - Mnr. Chris de Bruin

Die vergadering neem die verslag van die Nasionale Tesourier in ontvangs

Die staat van Inkomste en Uitgawe word goedgekeur.

Die begroting soos voorgelê word algemeen goedgekeur met uitwysing van die volgende belangrike verhogings:

Ringelde verhoog na R 3.00 per ring.

Ledegeld verhoog na R 330.00 per lid per jaar.

Nasionale Redakteur - Mnr. Christo Munnik

Die vergadering neem met groot dank die verslag van die Nasionale Redakteur in ontvangs.

Nasionale Beoordelaars-beampte - Mnr. Lourens Muller

In afwesigheid van die Nasionale Beoordelaars-beampte, hou die Nasionale Sekretaris die skriftelike verslag van die Nasionale beoordelaarsbeampte aan die vergadering voor. Die vergadering neem die verslag met dank in ontvangs.

Nasionale Ringmeester - Mv Cora Munnik.

Die vergadering neem met groot dank die verslag van die Nasionale Ringmeester in ontvangs.

Al hierdie verslae word skriftelik ingehandig en op lêer geplaas.

8. Grondwetwysigings

Die voorgestelde Grondwetwysigings soos gepubliseer in

"Die Sierduif" van Maart - April 2007 word aan die vergadering voorgehou.

Besluit: Goedgekeur met wysiging van reël 2.3 wat soos volg moet lui: "n Junior is geregtig om in sowel die junior as die senior klasse te vertoon. Slegs die duive wat in die junior klasse vertoon word, sal in aanmerking kom vir die junior toekennings."

Die vergadering bevestig die reëling dat van voorgestelde grondwetwysigings daarvooraf behoorlik in "Die Sierduif" kennis gegee moet word (artikel 8.3.2), maar dat die "Reëls" - afdeling elke keer ad hoc op 'n AJV verander sou kon word na gelang van omstandighede.

9. Sake voortspruitend uit die UK vergaderings

Datum vir uitstuur van Ringe:

Die datum vir die uitstuur van ringe sal voortaan 1 Desember van die jaar voorafgaande aan die nuwe jaar wees.

Verkoop van Hall of Fame:

Die vergadering keur eenparig goed dat die Hall of Fame vir R 20,000.00 aan die Bloemfonteinse Sentrale Landbougenootskap verkoop word. Gelde sal nie pro-rata aan voormalige bydraers uitbetaal word nie, maar sal binne die SASV bly.

Vakante U.K.-Pos: Nasionale Vise-President

Die vergadering keur algemeen goed dat die pos vir een jaar gevries word en dat nominasies langs die voorgeskrewe weg vanaf streke ingewag word.

S.A.'s 2009:

Die vergadering aanvaar met dank die uitnodiging van Oos-Transvaal vir die aanbieding van S.A.'s in 2009.

Dissipliner:

Die vergadering neem kennis van 'n dissiplinêre ondersoek wat deur 'n aangewese komitee gedoen is en dat die saak wat die UK aanbetref as afgehandel beskou kan word.

10. Sake uit die Beoordelaarsforum.

Die vergadering neem kennis van die volgende by monde van Mnr. Willie van Zyl, Sekretaris van die Nasionale Beoordelaarsforum :

1. Duiwe word nie altyd reg gehanteer op streekskoue deur die helpers nie. Dit bly die beoordelaar se verantwoordelikheid om toe te sien dat duive reg hanteer word.

2. Lede word versoek om seker te maak dat hul inskrywings vir skoue korrek is. Veranderings op die laaste oomblik aan bv. die kleur van die duif of die geslag van die duif bemoeilik die administrasie en sal in die toekoms nie meer toegelaat word nie.

3. Hokkaarte moet die regte kleure wees.

4. Helpers (Stewards) moet deur die beoordelaars opgelei word.

5. Die standaardtyd vir sluiting van inskrywings vir SA's behoort 31 Mei van elke jaar te wees.

11. Bekragtiging van verkose Dagbestuursposte op UK

Nasionale President



Pierre le Roux word onbestrede in die pos aangewys vir 'n volgende termyn van drie jaar.

Nasionale Tesourier

Chris de Bruin word onbestrede in die pos aangewys vir 'n volgende termyn van drie jaar

Nasionale Beoordelaars-beampte

Lourens Muller word deur die Beoordelaarsforum aanbeveel vir die volgende drie jaar en dit word so deur die Algemene Jaarvergadering bekragtig.

12. Kennisgewing van Dagbestuursposte op UK wat in 2008 vakant raak

Die vergadering neem kennis dat streke via hulle algemene jaarvergaderings nominasies kan indien vir die volgende dagbestuursposte vir verkiesing/benoeming met SA's 2008:

Nasionale Vise-President

Nasionale Ringmeester

Nasionale Webmeester

13. Algemeen.

13.1 Bemaking: Jan Lombard.

Die vergadering neem kennis dat Jan advertensies en kalenders beskikbaar het wat by troeteldierwinkels geplaas kan word ten einde bemaking van die SASV te bevorder. Uitgawes van "Die Sierduif" moet ook deur streek-vertegenwoordigers aan troeteldierwinkels voorsien word wat dit teen 'n bedrag kan verkoop.

Die vergadering neem ook kennis van Jan se voorneme om navorsing te doen oor redes waarom lede uit die SASV tree. Dit word besluit dat sodanige navorsing vanuit die UK gekoördineer moet word.

13.2 Boeke van oorlede oom Gert Bierman:

Freddie Theron het 'n lys van boeke beskikbaar vir aankoop gesirkuleer. Gelde so gein gaan terug na die familie van wyle oom Gert en die boeke bly binne die SASV.

13.3 Standaard SA Troetelduif: Freddie Theron

Die vergadering neem kennis dat 'n finale weegawe van die standaard aan die Nasionale Beoordelaarsforum voorgelê sal word.

13.4 Tydsduur van Skoue:

Daar word gevra dat weer gekyk sal word na die tydsduur van skoue.

14 Afsluiting en Verdaging

Die vergadering verdaag om 10.22

Notule van Beoordelaarsforum vergadering gehou te Worcester Julie 2007

A

Dagbestuurvergadering: Dinsdag 3 Julie 2007

Willie van Zyl

1 Opening/Verwelkoming.

Kobus Swanepoel open met gebed waarna die Sekretaris wat ook as Voorsitter waarneem almal welkom heef.

2 Presensie/Verskonings.

Verskoning word aangebied vir

die Voorsitter Lourens Muller wat weens werk verpligtinge nie teenwoordig kan wees nie.

Vier streek beoordelaars-beamptes maak ook verskoning nl.

A van Aswegen; J Calitz; C Britz



en G v/d Bank.

Die volgende persone is teenwoordig:

W van Zyl Sekretaris en N Transvaal



Me H Swanepoel
Griekwaland Wes

K Swanepoel
SWD

C van den Berg
Vrystaat

R Lombaard
Kzn/ O-Vrystaat

JC Munnik
N Vrystaat

Me J Prince
Eastern Province

W van Rensburg
O Transvaal

Ken Garrod
Western Cape

Gauteng en Wes Transvaal is
nie verteenwoordig nie.

3 Werksaamhede

3.1 Terugvoer uit streke

In al die streke het die skoue ordelik verloop. Die volgende aspekte word genoem en moet asseblief in die toekoms aandag kry.

3.1.1 Duiwe in die swaarrasse moet op die regte hoogte vir die beoordelaar geplaas word sodat dit net gehanteer kan word en weer in die skouhok teruggeplaas kan word vir beoordeling.

3.1.2 Daar moet rondings in die hokke wees vir die Holle Cropers.

3.1.3 Helpers moet die duiwe reg hanteer. Die beoordelaar is verantwoordelik om die nodige opleiding te gee indien die helper nie weet hoe nie.

3.1.4 Wanneer skouhokke gestapel word moet die rasse wat in die hokke beoordeel word nie in die onderste laag

geplaas word sodat hulle in die swak lig beoordeel moet word nie. Indien alle duiwe enkellaag staan moet die rasse wat in die skouhok beoordeel word gelig word sodat hulle ooghoogte vir die beoordelaar is.

3.1.5 Streke moet toesien dat hul toerusting bespuit word met 'n ontsmetmiddel teen moontlike peste indien die saal/hokke deur 'n ander instansie gebruik is of vir 'n lang periode ongebruik gestaan het.

3.1.6 Vertoners wat na sluiting of selfs die dag van die skou inskrywings wil wysig moet nie meer toegelaat word om dit te doen nie.

3.1.7 Hokkaart kleure: Streke word weer daaraan herinner dat daar 'n besluit staan dat slegs die volgende kleure papier gebruik mag word vir die klasse soos hieronder genoem:

Ou mannetjies: Wit

Ou wyfies: Groen

Jong mannetjies: Blou

Jong wyfies: Pienk

3.2 Skou Statistiek

'n Totaal van 10,422 duiwe was hierdie jaar ingeskryf na al die skoue onder die vaandel van die SASV teenoor die 9,664 van 2006.

Slegs Vrystaat streek het nie 'n skou gehou nie. Van die 162 rasse in die skouskedule was slegs in 126 duiwe vertoon.

Noord Transvaal is die wenner van die Willie de Bruyn trofee.

3.3 Skou hokke.

'n Skrywe is ontvang vanaf Jan Lombard rakende skouhok groottes en die inwerk daarvan

in die rekenaarsstelsel. Dit word aan die vergadering voorgehou vir kennisname aangesien dit in die volgende vergadering hanteer sal word.

3.4 Take vir Nasionale Beoordelaarsbeampte

3.4.1 Die Beoordelaars-handleiding moet opdateer en aan Streek Beoordelaars-beamptes beskikbaar gestel word.

3.4.2 Die standaard van nuwe rasse in die skouskedule moet opgestel en beskikbaar gestel word. Die standaard word nou op A4 papier gedruk.

3.5 Toetsing van nuwe beoordelaars

Die moontlikheid dat kandidate weer tydens streek skoue getoets mag word is bespreek. Dit sal tydens die volgende vergadering verder aandag geniet.

B

Beoordelaarsforum vergadering: Vrydag 6 Julie 2007

1 Opening/Verwelkoming

Ds Hennie Hattingh open met gebed waarna die visevoorsitter, Dr Koot Serfontein, die lede welkom heet.

2 Verskoning/Presensie

Verskoning word aangebied vir L Muller; B van Zyl; W van Rensburg; C van den Berg; R Holls en B Wessels.

Slegs 15 beoordelaars is teenwoordig.



3 Notule

Die notule van die 2006 vergaderings word voorgehou en as korrek aanvaar.

4 Sake voortspruitend

Standaard SA Troetelduif

Die vergadering besluit dat na alle wysigings aangebring is dit na die Senior Beoordelaarsvergadering verwys moet word voordat dit finaal deur die forum aanvaar kan word. Alle nuwe en gewysigde standaarde moet hierdie weg volg. Sodra 'n standaard beskikbaar is moet dit aan die senior beoordelaars gestuur word sodat hulle nie alles op kort kennisgewing moet deurwerk nie.

5 Korrespondensie

Skouhokgrootte

Die skrywe ontvang vanaf Jan Lombard word in sy afwesigheid aan die vergadering voorgelees.

Die aspekte wat hy noem is al baie bespreek en daar word kennis van geneem. In die praktyk is dit nie altyd moontlik om die hokkaarte in numerise orde te hang soos wat die stelsel dit uitdruk nie. Elke streek stel sy lokaal op soos wat die ruimte dit toelaat.

In hierdie bespreking word die

Die Cauchois word baie maal verkeerdelik as 'n Mondain geklassifiseer terwyl dit egter 'n baie ou Franse duif is, wat sy ontstaan het in Normandië in die omgewing van Caux en vandaar die duif se naam. Vanweë die duif se gekante ("laced") vere het dit oorspronklik eers bekend gestaan as die "Maillé de Caux", maar nadat self kleure en gebalkte duiwe tot die standaard bygevoeg was het



borslappe of klein borslappe in teelprogramme te gebruik, aangesien hulle help om die borslappe van die regte grootte te verkry of om te groot borslappe kleiner te maak. Indien die borslappe te groot word, word die duif wit aan die onderkant van die lyf en begin selfs wit penvere te kry.

Die gekante kleure word in vyf groepe verdeel, te wete Blou-brons gekant, Delute blou-swael gekant, Blou-"rose or peach blossom" gekant, Blou-wit gekant en Blou-silwer wit gekant. Die gebalkte kleure word in sewe groepe verdeel, te wete Blou met brons balke, Blou met wit balke, Blou met "rose or peach blossom" balke, Silwer met swaekleurige balke, Silwer met wit balke, Mealy gebalk en Cream gebalk. Die selfkleure word in drie groepe verdeel, te wete Rooi, Geel en Swart. Die drie-kleur gekante duif met wit borslappe is by verre die gewildste aangesien hulle die mooiste is en die naaste aan die oorspronklike standaard is. Die brons swael gekante duif is die populêrste en dit is 'n uitdaging om die regte gekante patroon, regte kleur en korrekte grootte borslap te teel.

Dit is nie bekend wanneer die ras vir die eerste maal na Suid Afrika ingevoer was nie, maar gedurende die vroeë 1970's het my pa, Flip de Bruin en Bas Sloof Cauchois ingevoer en MR Jardim, Ben Ricketts, Gert Bierman en Yves Brouard het ook in dieselfde tyd met Cauchois geteel. Gedurende die 1980's het persone soos Fourie Cronje, JJF Joubert en NJR Kemp ook met Cauchois geteel.

Gerhard van der Bank het my "gewerf" om weer lid van die SASV te word, maar ek het een voorwaarde gehad, ek sou slegs aansluit indien ek Cauchois kon kry om mee te begin. Kan julle glo, die groot Modena legende het my werklik gehelp om Cauchois te bekom deur my op Fourie Cronje se spoor te plaas. Ek het in 1994 my eerste paar Cauchois vanaf Fourie geruil vir vier wit "Paal Fantails", wat na sy broer toe moes gegaan het. Die paar was 'n brons mannetjie en 'n swael wyfie, wat te veel wit gehad het. Dankie dat jy bereid was om my te help oom Fourie.

Gedurende 1995 kom ek toe op 'n stoet van 14 duif in Randburg af. Die duif was verwaarloos en sommige was selfs gebreklik, maar die eienaar wou nie net los pare verkoop nie. Ek het die stoet gekoop en die swakker duif tot niet gemaak. Hierdie stoet was nie op standaard nie, maar ek het 'n sagte plekkie vir die ras en het maar die swak skou-uitslae aanvaar en elke keer net harder probeer deur strenger seleksie. Die skou-uitslae het al gaande verbeter en gedurende Oos-Transaal se streekskou van 1999 eindig ek toe vir die eerste maal in die Top Sewe met 'n jong brons drie-kleur mannetjie, r i n g n o m m e r 722/98 as Reserwe Kampioen Jong Duif.

Jan Hepburn, van Pretoria het gedurende 1999 twee paar Cauchois vanaf België ingevoer. Hy was egter nie baie lank lid van die SASV nie en die duif, met die uitsondering van een brons mannetjie, het op die einde verlore gegaan vir die stokperdjie. Die mannetjie was redelik klein maar het 'n goeie brons kleur gehad en die duif was by my stoet ingebring. Ek is ook lid van die Nasionale Cauchoisklub van België en uit hul korrespondensie en bulletins kan mens duidelik sien dat ons duif nie afsteek by hulle kampioene nie.

Deur die jare het ek die duif redelik goed versprei en word die getalle jaar na jaar meer op ons skoue. Gedurende 2006 se Kampioenskapskou te Stella het Hennie Hattingh my gewen met 'n swael wyfie wat hy in 2004 vanaf my bekom het. My stoet duif bestaan tans uit 34 duif waaruit ek slegs tien paar gaan hou. Die "ongewildheid" van die ras kan moontlik daaraan toegeskryf word dat dit 'n groot duif is wat baie hokspasie vereis en moeilik is om netjies en in skou kondisie te hou. Die duif het egter 'n



**Die 2004
Kampioen duif
van Chris de
Bruin**



Die 2006 Kampioen Cauchois van



die wat op die internet ten toon gestel word en indien ons gaan kyk na die afmetings en gewig wat deur die standaard vereis word. Die opofferings was weereens die moeite werd indien ons kyk wat tydens die 2007 Kampioenskapskou te Worcester gesê was van

sagte plekkie in my hart en sal ek van hulle aanhou solank as dit moontlik is. Al die opofferings van die afgelope jare was die moeite werd en was die beloning 'n brons driekleur mannetjie, ring nommer 462/04, wat as Kampioen Duif en Kampioen Jong Duif aangewys was tydens die 2004 Kampioenskapskou te Port Elizabeth.

ons duiwe. Roger Guillemont van Frankryk was beïndruk met die gehalte van ons Cauchois wat hy op die skou gesien het en John Nelson, wat die ras beoordeel het, het gesê dat hy ons nie kan help met beter duiwe vanuit Amerika nie. Tydens die

afsluitingsfunksie van die Kampioenskapskou het beide John Nelson, (rasbeoordelaar) en John Heppner, (hoofbeoordelaar) van Amerika spesiale melding gemaak van die Cauchois en daarop gewys dat ons nie hoef terug te staan vir die gehalte van ons duiwe nie. Hierdie siening was ook deur oorlede Corrie van Reenen gehuldig toe hy tydens die 2004 Kampioenskapskou te Port Elizabeth my brons gekante mannetjie Kampioen Duif sowel as Kampioen Jong Duif op skou

gemaak het.

Buiten al die kritiek het die Cauchois tog nie te sleg gevaar op die verskillende Kampioenskapskoue nie, te wete op die 1981 Kampioenskapskou het NJR Kemp die beste ope en beste medium swaarras vertoon met 'n Cauchois en op die 1999 en 2000 Kampioenskapskoue het ekself die beste duif, met Cauchois in seksie 30 vertoon.

Die Skaarsrasklub het 'n stelsel waarvolgens vertoners Meesterteler status kan behaal in 'n spesifieke ras. Volgens die stelsel is die minimum tydperk waarin die status behaal kan

Swael Gekant sonder borslap van België



Blou gebakte duif van België



Op vele skoue moes ek male sonder tal hoor dat die duiwe nie op standaard is nie en dat hulle te klein is. Dit was maar 'n moeilike pil om te sluk, veral as die duiwe vergelyk word met

word nege jaar. Ek het die voorreg gehad om tydens die pas afgelope Kampioenskapskou Meesterteler status te behaal met my Cauchois en dit het my presies dertien jaar en twaalf Kampioenskapskoue geneem om dit te kon bereik. Ironies genoeg het dit op dieselfde plek gebeur waar ek twaalf jaar gelede my eerste Kampioenskapskou te Worcester bygewoon het.

Groete tot volgende keer.



HULDEBLYK: GP BIERMAN

J.L. VAN NIEKERK (WIERDAPARK)



Hiermee wens ek graag om eer te bring aan een van die SASV se pioniers. Dit was met leedwese wat ons vemeem het van Oom Gert Bierman se skielike dood op 16 Mei 2007. Ek wil graag vermeld dat ek onvermoeënd is om in 'n kort berig hulde te bring aan een van die SASV se grotes van sy tyd. Hy het saam met die destydse Voorsitter, Oom Warren Klopper, Bas Sloof en ander diep spore getrap in die SASV.

Oom Gert was vir jare die Sekretaris van die SASV. Sy puntenerigheid en akkuraatheid met vergaderings, prosedures, notules en kennis was alom bekend. Hoe sal ek Oom Gert onthou: Vir my was hy 'n man van statur, formeel, altyd deftig gekleed, das en baadjie gedra by die skoue, maar ook 'n man wat vas gestaan het in sy geloof in sy Skepper. By die vergaderings was hy reguit, hy het sake direk aangespreek. Hy was veral trots op sy groen

baadjie, Nasionale kleure vir administrasie en beoordeling. Hy was Oos-Transvaal se enigste senior beoordeelaar.

Oom Gert, gebore op 26 April 1928, was sedert 1960 lid van die SASV. In 2007 is die balkie by die SA's vir 40 jaar lidmaatskap aan hom toegeken. In 1996 ontvang hy die "Fancy Pigeon Scroll of Fame" toekenning. Oom Gert het saam met Bas Sloof die Hollandse Kroppers ingevoer en geteel. Hy het ook oorsee gereis en ander rasse soos die Scanderons, Maltese en Hungarians ingevoer. Hy het in die vroeë jare met Modenas geteel; ten tye van sy dood was daar so 300 Mookees op sy plaas. Ek lees deur sy toekennings: Beste Vinkduif, Beste Saksiese Kropper, Beste Brunner, Beste Waaierstert, Best Variety Breed, Special award - Modena Klub, ens. Twee rasse staan uit onder die trofee: Waaiersterte en Kroppers.

Oom Gert het nog steeds aktief op sy plaas Concordia te Standerton geboer. Hy het 'n groot verskeidenheid boeke oor Sierduiwe, hoenders en voëls gehad. Hy het saam met sy vrou Joey ook teelepels en kandelare versamel. Hy het

hom in sy laaste jare besig gehou met die hoender slagpale vanwaar hy volle sig gehad het op sy Mookee Hoekie.

Ek onthou veral die kuier en oornag by Oom Gert en Tant Joey 'n paar jaar gelede. Ons het laat-aand gekuier, dit was ou nag toe ons eers geëet het. Ons het 'n bietjie whisky gedrink en diep duiwe dinge gesels. Hy het my vertel van sy Bybe versameling waarvan baie by die Kaapse mark gekoop is.

Hy het ook met groot toewydig meegehelp met die skoue wat op Standerton gehou is. Sedert die afstigting van Oos-Transvaal 22 jaar gelede, het hy by Oos-Transvaal streek gestaan en altyd al sy ondersteuning gegee. Sy passie vir die Sierduif is bevestig deurdat hy feitlik elke jaar die SA's bygewoon het, al het hy in die laaste jare nie geskou nie.

Hiermee ons meegevoel met die familie, die kinders, Gerhard, Nati, Siegfried, Susan en Ronel, skoonkinders en kleinkinders. Julle het saam met die SASV 'n groot lewensvennoot verloor.

Naskrif: Lede wat belangstel om Gert se boeke te koop kan my kontak by 083 501 4667.

"D" Date for all articles will be the last day of the first of the two months that I am busy with/"D" Dag vir alle artikels sal die laaste dag van die eerste van die twee maande wat ek mee besig is.



Nasionale Ringmeester / National Ringmaster

Banking details/Bank besonderhede

Standard Bank - Tyger Manor

Takkode/Branch Code 05-04-10-41

Rekening nommer /Account Number 272 692 794

Net weer 'n herinnering dat ek en Christo voor 08:30 in die oggend en na 18:00 in die aand op die landlyn beskikbaar is. Ons is deur die dag wel op ons selfone beskikbaar sou u graag deur die dag met ons wil praat/Just a reminder that myself and Christo will be available on the before 08:30 in the morning and after 18:00 in the evenings. We can however be reached on our cell phones during the day should you want to speak to us during the day. Gedurende die dag sal die SASV faksmasjien op outomaties gestel wees. Skakel u faksmasjien aan sodra u die spookstem van Telkom hoor en u faks sal deurkom/During the day the SAFPA fax machine will be set on automatic. Start your fax machine as soon as you hear the voice of the Telkom service provider.

Let asseblief daarop dat ringe voortaan slegs 1 keer per week op Vrydae gepos sal word. Sorg dus dat jou bestelling, op die laatste Woensdagaand, by my is om seker te wees dat jou bestelling dieselfde week afgehandel sal word./Please note that rings to will be posted once a week on a Friday. Make sure that your ring order reaches me at the latest Wednesday evening to ensure that your order will be completed the same week.

Indien jy ledegeld hernu, vul asseblief 'n vorm in, en maak seker dat dit die regte vorm is, dit is baie maklik om te bepaal aangesien die betrokke jaartal ook op die vorm gedruk is. Vorms vir 2008 word saam met hierdie uitgawe van die Sierduif gestuur, skakel my as jy nie een ontvang het nie. Maak sommer vir jou 'n afskrif of twee as jy dalk weer ringe wil bestel. Dit maak dit baie moeilik as jy net die inbetaalstrokie faks en sê alles bly dieselfde, want nou moet ek eers al jou besonderhede opsoek om ringe te versend/When you renew your subs please complete an entry form and ensure that it is the correct form, it is easy because the forms will have the year printed on it. The entry forms for 2008 is inside this issue of the Fancy Pigeon. Please phone me if you did not receive an entry form Make a few copies of the form so that you have them when you order more rings. It makes it very difficult for me when you only fax the deposit slip and say that all your other info stays the same because now I must look up your adress to post rings.

Vul asb. jou lidnommer of naam in die spasie vir deponeerder/verwysing. Hierdie besonderhede sal op die bankstaat verskyn en Chris sal betalings makliker kan nagaan/ Please put your membership number or name in the space for depositer/reference. These details will appear on the statement and It will be easier for Chris to check on payments.



The SA English Short Face Club Newsletter for July 2007

Clive Druce

From the Desk of the English Shortface "shorty" club notes writer

Hello member, well the SA and classic shows have come and gone. Thank you to Chris vd Walt and Barnard Steyn who did us the honors at Port Elizabeth and Worcester respectively, Arthur Muller, had best shorty on show both at Port Elizabeth and at Worcester, Rassie Erasmus and Gerhard Swarts and Ruan de Bruin, these were your two first real big shows, we all enjoyed your company and look forward to future shows. I won the old hen, and both young bird classes at the S.A.'s. I feel there is a great future in breeding shorties and a very good one at that. Johan Botha had the worst set back when his birds were stolen. Johan we will make up for lost-time. I will give you all the help possible. Netta Prince was elected next president at the SA's you have no idea how much this will be for the Shorty Club, just give a little bit of time. I will be only to pleased to supply Netta with stock.

As I look at the members I feel the Shorty Club is made up of very capable members.

At the SA's it was decided that all members in rotation will send in articles for publication as Shorty Notes in the magazine.

The picture of the shorty displayed at the SA's dates from the Sixteenth Century and has no connection or bearing with the SA English Short Face Club.


So I appeal to members not to be influenced in any way, the SA bird has a rounded head, and a good stop is wanted, with the highest point on the head approximately 3mm in front of the eye, a good cobby bird with a flared tail, short tail and a pronounced rump, remember an African owl has a round head. The less back skull shown the better the back skull falls away drastically, so therefore the head cannot be round, round and rounded are two different meanings. I appeal to members to give these descriptive suggestions strict and top priority. Arthur Muller will be judging at the SA's next year, if the Prestige show is not held in Bloemfontein then it will be held in Kimberley, failing this then at Oudtshoorn the judge for this show has not been decided as yet. Members will be advised at earliest date.

Young shorty chicks often develop crooked beaks, this must be watched very closely from a few days age, gently grip the beak, top or bottom as the case may be and gently bend the



offending section a few times daily in the direction required, this operation can be done a few times daily, be very gentle as the top beak covering can be removed.

Remember the time taken for some young birds to develop is much longer than others, the longer you allow the more thorough you will be. In ending I would like to close with the remarks, I was most impressed with the wonderful show put on at the SA's. I received a number of E-mail photos from our Secretary, Johan Botha of a top breeder in the USA, there is a slight variation with ours, mainly head properties. SA members can be happy with our birds. There will be birds available soon.





Nuus vanaf die Swaarras Spes. Klub

Kobus Swanepoel - President

Die lede van die Swaarras klub wil net weer ons opregte dank itspreek teenoor die Wes-Kaap streek vir 'n baie aangename SA's by julle. Dankie dat al die swaarras duive in lekker groot hokke kon wees wat die beoordeling baie gemaklik het.

Tydens ons Algemene Jaarvergadering was ons bevoorreg om een van die oorsese beoordelaars naamlik Roger Guillemo in ons midde te hê wat die lede een en ander van swaarrasse vertel het.

Die bestuur van die Swaarras Klub bly net so, 'n nuwe bestuur sal tydens die SA's van 2008 gekies word. Pryse in die klub was as volg toegeken:

King - G&G Boerdery.
Gros Mondain - Edu le Roux
Runt - Rialco Boerdery
American Giant Runt - Rialco Boerdery

Baie geluk ook aan Edu le Roux wat die wissel trofee vir die

kampioen swaarras duif naamlik Gros Mondain ontvang het. Rialco Boerdery het die wissel trofee vir die Reserwe Kampioen duif ontvang met 'n Runt. Ook ons junior lede was bekroon met 'n trofee en dit het gegaan aan Tweeling Boerdery.

Ek is nog in besit van 20 swaarras spesiale ringe. Die eerste vier lede wat nog by die klub wil aansluit kan hulle ledegeld inbetaal. Ledegeld beloop R50 wat die vyf spesiale ringe insluit. Die rekening besonderhede is as volg:
GJ Swanepoel Swaarras Vereniging
Absa Bank - Spaarrekening Rekeningno. 9083082725.

Telers van swaarrasse het die voorreg gehad dat twee oorsese beoordelaars die Kings en Gros Mondains tydens die 2007 SA's beoordeel het naamlik Roger Guillemo wat die Gros Mondains en John Graves wat die Kings gedoen het.

Ek en Edu le Roux het met die oorsese manne gesels oor die beoordeling van swaarrasse oorsee, op watter wyse dit daar gedoen word. Hulle het dit baie duidelik gestel dat geen swaarras in 'n loophok geplaas word vir beoordeling nie. Die duif kan uit die skouhokke uitgehaal word, deurgekyk

word, maar dan word dit terug geplaas en dan beoordeel. Dit is ook die wyse waarop dit by ons gedoen, moet word. Ek doen dus 'n beroep op beoordelaars om dit streng toe te pas wanneer hulle swaarrasse beoordeel. Daar is uitsonderings wanneer die beoordelaar nie die duiwe goed kan sien nie, dit moet uithaal en in ander hokkies moet sit, daar dan dink ek moet die telers in die saak geken word.

Nog iets wat onder my aandag gekom het, is dat lede of dan telers op streek skoue nie die betrokke beoordelaar wat die streek aan gewys het om 'n betrokke ras te beoordeel wil aanvaar nie. Mense elkeen van ons moet besef dat streke net 'n sekere hoeveelheid beoordelaars kan kry. Die beoordelaar vir ons ras moet ons aanvaar en nie vir die persoon sê dat jy die ander beoordelaar gevra het om jou ras te beoordeel nie. Dit werk nie so nie! Streke moet op sulke dinge let en as die teler nie tevrede is nie, moet so 'n persoon liefis nie skou nie.

Ek dink ek het genoeg gesê. Aan al die lede van die SASV word 'n voorspoedige broei seisoen toegewens.

I make an issue of it to tell the people closest to me that I love them everyday because I am too scared that tomorrow might not be there for me to do it.



Internasionale bemarking

Jan Lombard - Gauteng

Ek het onlangs twee artikels oor die afgelope SA Kampioenskap-skou geskryf. Ek het dit, tesame met foto's, versend na die volgende tydskrifte: Pigeon Fanciers' Gazette in Australië, "Feather Fancier" in Kanada, "Purebred Pigeon" in die VSA, "Avicultura" - 'n veeltalige Internet tydskrif wat vanuit Holland bedryf word, sowel as na Martin Zerna in Duitsland, wat die redakteur van 'n duive-tydskrif in Duitsland is. Op hierdie beskeie manier probeer ek die sierduifsport in Suid Afrika op die wêreldkaart plaas. Voordele van sulke internasionale kontak is velerlei. Die onlangse besoek van internasionale beoordelaars aan ons Kampioenskapskou is maar een daarvan. Die hulp wat hulle aanbied met die seleksie in invoer van top duive teen realistiese pryse is van onskatbare waarde. So het John Nelson onlangs laat weet

dat hy verskeie goeie duive vir plaaslike telers in die VSA gekry het teen US\$100 stuk. Alhoewel die wisselkoers en lugfrag dit steeds 'n duur transaksie maak, is dit baie minder as die heersende pryse aldaar. So kry ek byvoorbeeld duive vanaf Kanada in teen 'n baie billike prys - bloot omdat ek die Kanadees sowel as John Nelson ken en hulle mekaar ken. Hierdie teler is nie bereid om die een mannetjie wat ek kry aan enige iemand in die VSA of Kanada te verkoop vir enige geld nie. Die feit dat hy nie vir homself kompetisie wil skep nie, spreek boekdele van die duif en die geslote familie waaruit hy kom. So 'n geluk kom nie outomaties oor jou pad nie. Soos die ou gesegde sê: "Dis nie wat jy weet nie, maar wie jy ken". Martin Zerna is byvoorbeeld ook besig om ons te help om goeie Modenesers gratis in Duitsland te bekom.



Hy het ook reeds vir my 'n gratis paar blou gebalkte German Beauty Homers gereël uit die hokke van die teler wat verlede jaar die Europese kampioen GBH op Leipzig vertoon het. Vanaf 'n ander top teler kom 'n paar pikswart GHB's teen slegs Euro 150 - omdat hy 'n goeie vriend is van 'n goeie Duitse vriend van 'n goeie duivevriend in Amerika, wat miskien volgende jaar by ons kom beoordeel. Dis maar weer net 'n verdere bewys dat bemarking werk - vir die individu, maar ook vir ons almal.



WAT 'n SA'S 2007 !!

Seppe Esterhuysen

Worcester was 'n belewenis. Vir Fadiel en sy span net een

groot handeklap. Dit is die eerste keer dat ek 'n SA'S in die Kaap bygewoon het en definitief nie die laaste keer nie. Interessant hoe dinge gebeur. Die dag toe ek en Danie Visser oppad was na Kimberley vir ons streek-skou, sê hy dat hy die vorige aand vir die SA's ingeskryf het. Net daar oorreed hy my om ook in te skryf. Die

Kapenaars was so vriendelik om tog laat inskrywings te aanvaar.

In 'n konvooi is ons af Kaap toe. Sesuur die oggend het ons en Johan Nel mekaar by Danie op Kenhardt gekry. Op Klawer het die laaste motor, Thys Meyer, aangesluit. Op pad selfs van die Kaap se wyn gekoop. Die



wêreld was so mooi groen in vergelyking met ons Noordkaap se vaal wêreld die tyd van die jaar. Net jammer 'n mens is so haastig om daar te kom en die duiwe uit die houers te kry dat daar nie tyd is vir meer stilhou en die wêreld bekyk nie.

Daar aangekom is dit die gewone groot en gesels. As die duiwe seker kon gepraat het sou daar definitief 'n paar lelike woorde uit die houers gekom het. Ek moet erken die ouens het ons verras met die mooi saal en die uitleg, die ruimte, aparte eetplek. Wondelik om te dink dat jy vriende oor die hele land het en selfs meer vriende maak met elke skou. Selfs daardie ou wat soms so nors lyk omdat jy hom nie ken nie of net so skrams met 'n steekskou sien word op die ou end 'n kennis. Wat 'n skou so interessant maak is die verskillende klomp mense met verskillende geaardhede, uit verskillende dele van die land en samelewing. Gelukkig almal verskillend, dink net as almal soos jy sou gewees het, wat 'n ou saai wêreld.

So 'n koshuisbed is ook 'n aardige ding, lekker hol, maar 'n moeg lyf, na 'n dag se skou, soek net 'n lêplek. 'n Groot dankie aan die koshuis-personeel vir daardie lekker ontbyt elke oggend. Vir die snoekbraaispan,

'n groot pluimpie - dit was nou lekker.

Vir ons Griekwalanders was dit ook 'n goeie oes. Danie Visser het ons naam daar hoog gehou met sy Duitse Skoonheidsposduif wat onder die Top 7 geëindig het. Die beoordelaar, Mnr. John Hepner, was baie beïndruk. Netso het sy Blou Barless Modena's baie positiewe kommentaar van Willi Richert ontvang, volgens hom van die bestes wat hy nog gesien het. Danie het ook die beste jaaroud Brunner vertoon. Ons sekretaresse, Hendriena Swanepoel het die beste jaaroud Sjinese uil gehad, 'n baie groot prestasie as jy ingedagte hou dat daar 262 Uile op die skou was. Netso het Johan Nel met sy wit Indiëse Waaierstert klaswenner ook bygedra tot die sukses van die Griekwalanders. Oom Pietie Benade van De Aar het die beste Silician Swallow en die beste jaaroud Jakobyn vertoon terwyl Rudie Viviers van Kimberley die beste jaaroud Archangel vertoon het. Vyf van die agt vertoners het of die beste jaaroud of beste duif in sy klas vertoon. Van ons ander lede het nou wel nie die beste oop of jaaroud in die verkillende rasse gewen nie,

maar as jy die skou-uitslae bestudeer sal jy baie eerste of tweede plekke sien in die verskillende kleurklasse.

Ek glo vir elke deelnemer is 'n klaswenner seker die sukses op 'n jaar se oes. 'n Mens moet net oppas dat dit nie die hele lekkerte van skou oorheers nie. As jy na elke skou met 'n lang gesig rondloop omdat jy nie gewen het nie moet jy diep gaan nadink en vra waaroor gaan skou. Wen bly lekker, maar as jy nie gewen het nie wees dan bly saam met jou mede-boer as hy die jaar die wenner vertoon het.

Die prysuitdelings-funksie was baie lekker. As julle my sou toelaat om wel kritiek te lewer is dat die prysuitdeling net te lank was. Lewers moet volgende jaar se span gaan sit en 'n dinkskrum hou hoe om reg te laat geskied aan elke wenner, maar ook aan die gaste dink wat graag die aand op 'n meer vrolike manier wil geniet. Dit kan net bydra tot 'n meer genotvolle aand. Netta ons kyk uit watter haas jy en jou span volgende jaar uit die hoed gaan pluk.

Dankie Kapenaars vir julle moeite, vriendelikheid en gasvryheid wat ons op Worcester kon geniet het.

Die "nuwe" Duitse Skoonheidsposduif - 'n vertaling van 'n Nederlandse artikel.

Jan Lombard, Gauteng

Van ons telers en beoordelaars leef dalk nog in die verlede sover dit die Duitse Skoonheidsposduif

betref. Die tipe wat deesdae in Duitsland en elders wen, is beslis nie meer dit waaraan

ons oor jare gewoon geraak het nie. In die lig hiervan het ek besluit om die volgende artikel vanuit Nederlands te vertaal, aangesien daar reeds heelwat van die nuwe tipe in die land is, en uitstekendes op pad is vanuit die VSA en Duitsland. Ek het probeer om so na as moontlik aan die Nederlandse teks te bly, maar soms laat taalverskille nie



Die Sierduif/The Fancy Pigeon

'n 100% woordelike vertaling toe nie.

Dit is immers al meer as 20 jaar gelede (1984) dat die nuwe standaard lyntekening van die Duitse Skoonheidsposduif in Duitsland gepubliseer is. Veral vanuit geleedere van die Suid-Duitse telers was daar groot aandrang vir die "nuwe" tipe. In Duitsland was daar aanvanklik baie teenstand onder telers teen die nuwe standard afbeelding. Hulle het die nuwe tipe (te lang nekke en bene) te ekstreem gevind, en die gewenste kophouding te veel afgeboë. Tans kan 'n mens jou nie indink dat die voorgestelde tipe soveel teenstand ondervind het nie. Selfs die felste teenstanders het gou agter gekom dat die elegante duive met die langer bene, die was wat met die louere weggestap het. In die voormalige Oos-Duitsland was daar egter telers wat vasgehou het aan die ou tipe. Hierdie was duive met korter bene, asook korter en dikker nekke. Hulle telers het geselekteer vir vorm en struktuur van neusvatte, en het hoë eise gestel aan die vulling en volume van die kop en snawel. Na die val van die Berlynse muur en die samesmelting van die twee spesies het die Oos Duitsers ook hulle duive vertoon op die "Haupt-Sonderschauen". Dit is verbasend hoe vinnig hulle daarin geslaag het om die tipe van hulle duive aan te pas.

Tipe en kopbelyning is egter onlosmaaklik aan mekaar verbind. Laaggestelde kompakte duive met kort dik nekke het haas sonder uitsondering ook kort koppe met baie breedte en vulling in die

voorkop. In die lengte van die voorkop skiet hulle egter te kort. Sulke koppe is egter in teling onmisbaar. Deur alleen te selekteer vir elegansie van tipe en lengte in die voorkop kan die ras binne enkele generasies degenerere tot 'n tipe tuimelaar.

Seleksie moet dus steeds gerig word op behoud van volume in die bek en voorkop. Die Duitse ideaalbeeld is in realiteit natuurlik nooit heeltemal te verwesentlik nie. Lengte in die nek, bene en voorkop met 'n kort stert, gaan bloot geneties nie saam nie. Noodgedwonge moet die teler 'n kompromie aanvaar. Om die verhoudings met spesifieke afmetings te bepaal is bloot nie moontlik nie. Die geoefende oog van die teler en beoordelaars sal op die ou end moet bepaal of die geheel bekoor.

Wanneer die ou Duitse ideaalbeeld (uit 1966) vergelyk word met die nuwe van 1984 kom die volgende verskille te voorskyn. Die nek is slanker, word vertikaal gedra, en vertoon gevolglik langer. Die keelinsnyding is mooi skerp. Die bors kom effens voor die vlerkboë uit. Daar is meer lengte in die voorkop - gemeet tussen die oog en die mondhoek. Veral die belyning van die bekspleet is ingrypend verander. Voorheen was die lyn tussen die onder- en bobek reguit, nou loop dit geboë, in lyn met die bokop. Die manier waarop die duif sy kop in die ou tekening gedra het, was feitlik horisontaal - nou is dit duidelik afwaarts gerig. Die oogrand is smaller geteken. Omdat die vlerke effens hoër gedra word, lyk die bene langer. Dit maak geen sin om die Duitse standaard woordeliks te

vertaal nie. Dit gaan eerder oor interpretasie. In beide Duitsland en Nederland is tipe en houding tydens beoordeling belangriker as kop en bek. Dit wil beslis nie sê dat kopbelyning minder belangrik is as tipe en houding nie. By beoordeling van tipe behoort die uitgangspunt harmonie van die geheel te wees. Op 'n sterk mannetjie kan jy tog nie 'n super slanke nekkie verwag nie!

Duive met 'n effens bogemiddelde grootte maak die beste skouduive uit. Bene met redelik lank wees met 'n effense buiging (royaal middenlang en heel licht gehoekt); die bors moet effens voor die vlerkboë uitstaan; die nek moet van middellengte wees (m.a.w. nie te kort nie) en slank. 'n Skerp keelinsnyding is baie belangrik vir die korrekte kopbelyning. Met 'n slanke nek word bedoel 'n nek wat mooi vol uit die bors vloei en vinnig dunner word na die kop. Digte vere kan baie bydrae om 'n slanke indruk te skep. Vir tipe is dit baie belangrik dat die nek regop vertikaal gedra word. Eene neiging tot "hengstennek", 'n vol keel of 'n keelvel ("dewlap") moet swaar gepenaliseer word. Die vlerke moet mooi hoog gedra word, om die rug goed te bedek.

Die effens wegstaande vlerkboë wat 'n aantal jare gelede verlang is, wil 'n mens liefs nie meer sien nie. By duive met baie digte vere is die vlerkboë se voorkante wel sigbaar, en mag dit nie bestraf word nie, maar vlerkboë wat deur die borsvere bedek word, behoort voorkeur te geniet. Die stert moet so kort as moontlik wees, maar omdat dit harmonie



beïnvloed, kan geen eksakte afmetings verskaf word nie. 'n Duimbreedte (25mm) langer as die vlekpunte is 'n goeie uitgangspunt, maar is by vele duiwes 'n onverwesentlike ideal. Duiwe met 'n te lae houding, lyk altyd te lank.

Wat houding betref, kan van geen enkele duif verwag word om 24 uur per dag ons gewenste horisontale houding in te neem nie. Duiwe wat egter slegs met behulp van 'n beoordelingsstokkie in die regte houding gedwing kan word, hoort nie op 'n skou nie.

Die beskrywing van kopbelyning in die standard het nie verander nie. Tog het super-breë voorkoppe van die skoue verdwyn. Vir goed gevormde lang neusvratte moet daar voldoende lengte in die voorkop wees, wat baie maal ontbreek by ekstra breë koppe. Ons verlang koppe met 'n behoorlike lengte in die voorkop, goed afgeboë met die hoogste punt van die skedel bokant die oog, met 'n agterkop wat mooi oorgaan in die nek. Vanaf die kant gesien vorm die bobelyning 'n duidelike ononderbroke boog tussen die snawelpunt en die skedel. Die oog moet so geplaas wees, dat daar voldoende spasie bokant dit is. 'n Sterk bek is veral by teelduiwe 'n absolute vereiste. Swak onderbekke is ook by skouduiwe onaanvaarbaar.

Die manier waarop 'n DSP sy kop dra is baie belangrik. Alhoewel 'n mens nie meer duiwes sien met 'n te groot

kromming nie, moet daar steeds teen gewaak word om nie duiwes met Scandaroon bekke te teel nie.

Die oog moet rond wees, met 'n baie smal oograndjie (hoe smaller, hoe beter). Die kleur van die oogrand moet aanpas by die veerleur. By swart en donker ("dunkel" is 'n Duitse term vir dit wat ons as "velvet" ken - 'n close t-pattern) duiwes is die gewense oogrand grys. Dit is egter nie ter verwesentlik nie. Ons sal dus 'n witterige oogrand moet aanvaar by hierdie kleure. Rooi of geel oogrande (en wat die Hollanders "aangelopen" noem) moet swaar gepenaliseer word. By veral wit duiwes sluit die veergroei meestal nie by die onderkant van die oogrand aan nie, wat swaar gepenaliseer moet word. Sulke kaal dele onderaan die oogrand word as 'n groot euwel beskou.

'n Kersierooi of kastaingrooi oog word verlang, behalwe by bont duiwes met wit aan die kop, waar 'n swart "bull eye" oog vereis word. Veral by geel duiwes word die vereiste rooi kleur moeilik bereik. Te donkergeel of pêrelou behoort as 'n ernstige fout gesien te word.

Alleen aan neusvratte sou 'n mens boekdele kon wy. Hier gaan dit oor vorm en struktuur. Die vratstruktuur moet so glad as moontlik wees. Enige vorm van grofheid of riffels moet swaar bestraf word. Die afwesigheid van poeier by die snawelpunt is 'n groot fout. Wat

vorm betref moet die vratte so lank as moontlik wees - dus feitlik by die snawelpunt begin en deurloop tot by die begin van die bekopening. Die bokant van die vratte moet hartvormig wees waar dit by die vere aansluit, dus lig ingesny. Die kopbelyning mag op geen wyse deur die vratte onderbreek word nie. Daar is geen ander ras waarby daar hoër eise op dié punt gestel word nie. Die ideaal is vratte sonder 'n middelskeiding, alhoewel 'n aanduiding van 'n skeiding aanvaarbaar is. Mits aan alle ander eise voldoen word, kan so 'n duif steed 'n F predikaat behaal. 'n Growwe middelskeiding, waar die snawelrug sigbaar is, lei egter tot 'n onvoldoende predikaat. 'n Diep ingesnede vrat; 'n opgestulpte vrat (wat by die veeraansluiting 'n verhoogte rand vertoon); 'n blaserige vrat (wat die syaansig van die kopbelyning versteur), of die aanwesigheid van 'n derde vrat ('n klein driehoekige vratjie by die snawelpunt) veroorsaak almal 'n hoogste predikaat van G.

Hoewel kleur en patroon by beoordeling van DSP laaste kom, word daar steeds hoër eise hieraan gestel. Duiwe met brons in die vlerkbande, of gekleurde duiwes met wit rûe verdien selde 'n beter predikaat as G, maar duiwes met 'n effense oop ruitpatroon kan steeds top punte behaal. 'n Gekleurde nael of bek is 'n groot fout by 'n wit DSP. Een of meer wit naels by 'n gekleurde duif is ook ontoelaatbaar.

Moenie ooit enige iets uitstel na môre nie want môre was al in baie gevalle te laat gewees



ANPA National Show

Brad Turner, Brisbane, Australia

Submitted by Jan Lombard

The 25th anniversary Silver Jubilee ANPA National Show held in Melbourne, Australia, on July 20-22 was the biggest and, by popular acclaim the best, national ever held.

(122 birds, champion Roy Gurdler); Fantails (114 birds, champion Fanfactory) and Crested Helmet (113 birds, champion Phil Bachner).



made the three day event all the more enjoyable.

John Heppner, Bill Harrison and Brad Child came from the USA to judge and were joined by Gary Parsons and Jerry Sindelar (Canada), Karl Zausinger, Manfred Bartl and Hansjoachim Gerber (Germany) and Josif Svozil (Czech Republic).

John judged the Bokhara and English Trumpeters, Nuns, African Owls, Barbs, Carriers, Dragoons, Scanderons and Domestic Show Flights; Bill the Kings; Brad the German Beauty Homers and the Show Pen Homers; and Gary the Frillbacks, Modenas, Helmets and Komorner Tumblers.



Lacetail Fantail at the same show




The entry of 3701 birds was the largest of any ANPA National since the inception of the show in 1982, eclipsing the previous record set the previous year in Ipswich by more than 400.

The largest entries were in the Showpen Homer (255 birds, champion Greg Kelleher); Jacobins (212 birds, champion Bryan Frost); Brunner Pouter (133 birds, champion Morris/Cosgrove); English Dragoon

The anniversary gathering was a major triumph for the organizers, the Victorian Show Pigeon Federation, who came together from the Melbourne, Victoria and Dandenong clubs to take on the running of the event.

The facilities for birds, exhibitors and visitors at two halls on the La Trobe University campus, and the host hotel Rydges on the Bell Preston, were absolutely first class and





Group of Carneau at the ANPA Nationals

Karl ran an experienced eye over the Norwich Croppers, Pigmy Pouters and Voorburg Shield Croppers; Manfred the English Pouters, Holle Crop-

pers, Pomeranian Pouters, Reversewing Pouters and Hanna Pouters; and Hansjoachim the Chinese

Owls and German Owls.

That left the Brunner Pouters in white, blue, tiger and a few other colours to keep Josif busy.

Unfortunately, another visiting judge, Drew Lobenstein (USA), who was to judge the Jacobins, became ill during the flight to Australia and spent the show in hospital in Sydney, and was still unwell some weeks later.

Fanciers are now looking forward to the 26th ANPA National in 2008, which returns to the Sunshine State of Australia, Queensland, and will be hosted by the Ipswich Pigeon Specialist Club.



DOMESTIC FLYING FLIGHTS

John Calitz - Oos Transvaal

Daar is min lede van die SASV wat werklik die pragtige klein duif ken, Die ou gesegde, as jy nie met die ras teel nie sal jy nooit werklik die ras ken nie, en dit is waar met Domestic Show Flights, soos dit ook die geval is met ander rasse.

Ek wil graag so met die begin vra en Stewart Patterson uitnooi om meer te vertel van

die klein duif se betrokkenheid met die New York Gangsters, ja selfs die "God Father" het die finale sê gehad het oor wie die duife mag besit. Maar dit is 'n ander storie. Ek wil graag die standaard van die Domestic Flying Flight bespreek soos dit voorkom in die American Standard, die land van herkoms van die skaars soort duif.

Die Domestic Flying Flight is 'n wakker en lewendige duif, maar nie wild teenoor sy baas nie. My duife ken my en gee nie pad nie. Op aankoms was my nuwe ingevoerde bloedlyn wild, maar nie lank nie toe eet hulle uit my hand. Elke middag maak ek hokke oop en hulle vlieg lekker rond, so paar draaie saam met die posduife dan raak hulle moeg vir die storie

en kom sit en pronk die erf vol. Ja, as dit kom by vlieg is daar net een, die posduif.

Dit standaard, word soos volg beskryf.

Metropolitan Pigeon Association. 1936.

[Showed from 1928, under leadership of RW Donnady.]

The 1937 Standard, is still in use.

Head: (10 pts)

Head should be slender, starting at the nostril, climb to approximately 30 degree angle and starting to round out directly over the center of the eye and run slightly oblong.



Beak: (15 pts)

Long, thin, and straight as possible, horn, light flesh in color. A reddish tint when wet, as when feeding young.

Eye: (15 pts)

Pearl white with small pupil. (vis oog)

Eye Cere: (5 pts)

Red and thin.

Breast: (3 pts)

Round and full.

Neck: (3 pts)

Thin and gracefull, and in proportion to the body.

Wings: (2 pts)

Held close to the body and above the tail.

Legs: (4 pts)

Slightly bent and 2 inches high measured from the ball of the foot to the lower point of the keel, and Red in color.

Color: (18 pts)

Deep, uniform and free from blemishes. Mottle Teagers to count additional 15 points in their class, above Solid Colors.

Shape: (5 pts)

Slender, sleek and compact. Wings. Min 6 to 6 white primary flights. Max 10 to 10 white primary flights.

Carriage: (5pts)

Leaning forward slightly, maintaining an up and vigorous appearance.

Condition: (4pts)

Clean and alert.

Height: (3pts)

Top of head to tail. 25cm (10")

Length: (3pts)

Beak to tail 25cm (10") the same size as a Birminging Roller.

Caps to count 10 additional points class..

Solid Colors:

Red, Black, Yellow, Dun, blue, (White separate class)

Teager/Mottled:

Black, Red, Yellow, Dun. (All with solid color tail).

Disqualifications

1. Min 6\6 primary white tip flights or Max 10\10 on solid color birds.
2. Mottled birds are excluded, in mottled birds White frock feathers are allowed.
3. A tendency today is that in solid color birds, birds with no white flights are awarded as winners e.g. Bluebars and Checkers. Where there should have been a disqualification. Mottled birds are excluded. As stated in above point.
4. Large birds, above the standard size.
5. Any other eye, than white, (vis oog).
6. Black beaks.
7. Sick and poor condition.

I trust that the above will help all who breed the Domestic Flying Flight/Ek vertrou dat hierdie inligting nuttig sal wees..

Ek kan met trots sê dat ek tans sit met 'n ingevoerde bloedlyn. Pagtige duiwe wat net kan help om die ras te verbeter. En weer wenners sal lewer. Daar is reeds 'n paar jong duiwe wat reg sit om die ou champ 'n ding of twee in 2008 te wys. Hoe sê die ou spreekwoord, ja is net so goed soos gister se geveg, môre is dit 'n ander storie.

Ek wil graag die volgende met julle deel. So in die Augustus winde maak ek my duiwe oop. 'n Indiese waaiertert probeer om dak toe te vlieg, so half pad skep die Weste wind hom en sit hom ongeveer 300m verder op die skool se rugbyveld neer, ek is seker dit moet 'n wêreld rekord afstand wees vir die vlieg van die ras. Toe ek die duif gaan optel was die arme duif skoon deur die wind.

Groete uit my Loft.



Oos-Transvaal Hou AJV

25 Augustus 2007

John Calitz

Verkiesing van Bestuur
vir 2008/2009/2010

President/
Streekverteenwoordiger:

Jan Labuschagne

Vise President:

At van Jaarsveld

Sekretaris/Tesourier:

John Calitz

Skoubestuurder:

Phillip Welken

Beoordelaarsbeampste:

Pieter Lourens

Reklamebeampste:


Wikus van Niekerk

Addisionele lede:

Hennie Visagie

CC Botma





Op die fotos bo sien ons die raswenners van Chris en Ruan de Bruin van Pretoria. Chris het die Carneau (1), Caushois (2), Crested Sultz (3) en die Strasser (5) vertoon terwyl Ruan die Dutch Highflyer (4) en die Old German Owl (6) vertoon het.

Te koop/For Sale

Top Quality Nguni skins R2500 - R2700. Contact NAK Smit
Tel: 021 887 2003 Cell 072 585 0348 E-Mail
naksmi@adept.co.za 36 Patrys street Stellenbosch

Totale uitverkoop van top Komorner stoet:
7 Pare Komorner Tuimelaars - R 2000 om almal te neem.
Ingeslote die beste ou sowel as beste jongduif tydens die
2007 Kampioenskapskou te Worcester.
Lees artikel elders - skakel Jan Lombard by 083 274 1014



Bankovs, Manie Fourie en Bertie Wessels Trofees / Trophies

RULES

1. The duration of the competitions will be from 1st July to 30th June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 200 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 100 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A report about a match meeting will earn 100 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited.
7. A good idea will earn 50 points.
8. A region which **increases** its membership as explained in 1 above will receive 50 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

NB Any member who obtain a R1200 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.

REËLS

1. Die tydperk van die Kompetisies streek van 1ste Julie tot 30ste Junie van elke jaar.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors sal 200 punte verdien. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is ontvang 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid sal 150 punte verdien.
4. Streeknuus sal 200 punte verdien.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag sal 100 punte verdien.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk-Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon, ontvang.
7. 'n Goeie idee sal 50 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal **verhoog** soos in 1 hierbo uiteengesit sal 50 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke Rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

NB 'n Lid wat R1200 aan 'n advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.

Belangrik / Important

1. Bestel vandag nog 'n eksemplaar van die Gedenkuitgawe - Junie 1992 (88 bladsye - A4 - 50 jaar se geskiedenis van die SASV) teen R15 vanaf die Ringmeester, posgeld ingesluit.
2. From Cora Munnik, our Ring Master: Regional Ties and regional honour scrolls.
3. From Rev. Hennie Hattigh, National badges and National Honour scrolls.
4. Bestel vanaf Lourens Muller die volgende:
Boek van Standaarde
Engels en Afrikaans Pryse nie beskikbaar
(Skakel met Lourens Muller - 083 711 1836)
Enkel Standaarde R 20 stuk
'n Lys van Beoordelaars R 16
Metaal ledebalkies R 40
Prov. & Nas. Balkies R 40
Metaal beoordelaars balkies R 40
Bostaande pryse sluit posgeld in.

Score board/Telkaart

BANKOV'S SHIELD/SKILD

1. Wes-kaap:	3550
2. Noord-Transvaal:	2201
3. Gauteng:	1757
4. Griekwaland-Wes:	1429
5. Oos-Transvaal:	1850
6. Noord Vrystaat:	1113

Manie Fourie Trophy/Trofee

1. Wes-Transvaal:	1576
2. Kwazulu-Oos-Vr:	1250
3. SW Distrikte:	730
4. Eastern Province:	711
5. Vrystaat:	150

Bertie Wessels Trofee/Trophy

- 1.
- 2.



Telersregister

Breeders register

Oosthuyzen Quentin: Plot 6 Kragga Kamma road Theescombe, Port Elizabeth. Tel 041 379 5869 Sel 082 834 9282. Specialist breeders of imported bloodline White Brunners, Amsterdam Balloon Pouters (blue & grizzle) and Show Birmingham Rollers from UK. E-Mail: quentin@heritageinternational.co.za

Peet en Sandra Botha: Posbus 6519, Secunda, 2302. Tel 082 467 0996. Breeders of Fantails, Lahores, Polish Lynx, Muffed Ice Pigeons and Dutch Highflyers. E-Pos: peet.botha@sasol.com

Roodt JJ: Posbus 368 Heidelberg 1438 Tel 016 349 5597 Sel 082 414 8280. Teel met Birmingham Rollers - veral Geel. Nuwe duiwe ingevoer vanaf Engeland. E-Pos: morganroodt@mweb.co.za

Lombard Jan: Posbus 1544 Randburg 2125 Sel 083 274 1014. Teel met Komorner Tuimelaars, Duitse Skoonheidsposduiwe, Ou Duitse Modenas en Kazaner Tuimelaars.

**Specialist Clubs affiliated to SAFPA/
Spesialiteitsklubs geaffilieer by die SASV**

American Showracer Club

President: Chris vd Berg Posbus 11589, Universitas 9321 Tel 051 522 8701 Sel 082 376 3130

Sekretaris: Petra vd Berg, Posbus 11589, Universitas 9321 Tel 051 522 8701 Sel 082 776 1378 E-Pos pvdberg@absamail.co.za

Blaasduifklub

President: Kobus Swanepoel, Posbus 1250, Hartenbos, 6520 Sel 083 264 2485

Sekretaris: Chris vd Walt, Stantonstraat 1, Fichardtspark 9301 Tel 051 522 3074 Sel 082 378 6447 plakkers@wol.co.za

Bodentuiimelaarklub

President: Wim van Rensburg, Posbus 2105, Bethal 2310 Tel 017 647 5712 Sel 083 980 0113 E-Pos wimvr@vodamail.co.za

Sekretaris: Chris vd Walt, Stantonstraat 1, Fichardtspark 9301 Tel 051 522 3074 Sel 082 378 6447 plakkers@wol.co.za

Birmingham Roller Vertonersklub

President: Chris Lamont, Posbus 2536, Piet Retief 2380 Tel 017 826 1446/044 251 6704 Sel 079 183 2463

Sekretaris: Raymond Hohls, Posbus 25271, Langenhovenpark 9330 Tel 083 303 9865 Sel 083 303 9865 E-Pos rhohls@shisas.co.za

English Shortface Tumbler Club

President: Lourens Muller, Roselaan 4D, Wilgehof, Bloemfontein 9301 Tel 051 522 4997 Sel 083 711 1836 E-pos chineseowls@mweb.co.za

Sekretaris: Johan Botha, Posbus 58, Greenbushes 6390 Tel 041 372 1004

Homerklub

President: Christo Munnik, Posbus 44, Hennenman, 9445 Tel 057 573 1660 Sel 076 391 5800 E-Pos christomun@mweb.co.za

Sekretaris: Chris Lamont, Posbus 2536, Piet Retief, 2380 Tel 017 826 1446/044 251 6704 Sel 083 703 6365

Trumpeter and South African Toy Club

President: Stewart Patterson, PO Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011 704 2490 E-Mail gillpatt@mweb.co.za

Secretary: Freddie Theron, 332 Parsley Avenue, Annlin, Ext 3. Tel 083 327 4049 E-Pos FTheron@barlowworldequipment.com

Frill Club

President: Dr. Koot Serfontein, P O Box 2681 Honeydew 2040. Tel 011 675 0108 E-Pos serfontein@icon.co.za

Secretary: Stewart Patterson, PO Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011 704 2490 E-Mail gillpatt@mweb.co.za

Kartelrugklub

President: Julian Fincham, Posbus 83, Kameel 8603 Tel 053 989 0010 Sel 082 682 9781

Sekretaris: Johan Vivier, Posbus 811, Oudtshoorn
6620 Tel 044 251 6704

Kleurduifklub

President: Wim van Rensburg, Posbus 2105,
Bethal 2310 Tel 017 647 5712 Sel 083 980 0113 E-
Pos wimvr@vodamail.co.za

Sekretaris: Peet Botha, Posbus 6519, Secunda
2302 Tel 017 631 1423 Sel 082 467 0996

Mookeeklub

President: Attie van Aswegen, Peeterstraat 9,
Môrewag, Kroonstad 9499 Tel 056 213 3498 Sel
082 411 8483

Sekretaris: Ruben Kitching, Campbellweg 28,
Valhalla 0185 Tel 012 654 4816 Sel 082 434 9808

Nasionale Modena Klub

President: Ken Garrod, PO Box 385, Franchhoek
7690. Tel/Fax 021 876 2201 Cell 083 270 5293

Sekretaris: Jean Rogers, PO Box 686,
Brackenfell 7561 Tel 021 988 1861 Cell 082 411
6112 E-Mail fuchsiafarm@iafrica.com

Swaarsklub

President: Kobus Swanepoel, Posbus 1250,
Hartenbos, 6520 Sel 083 264 2485

Secretary: Petra vd Berg, Posbus 11589,
Universitas 9321 Tel 051 522 8701 Sel 082 776
1378 E-Pos pvdberg@absamail.co.za

Sjinese Uilklub

President: Willie van Zyl, Kwintstraat 400,
Pretoria Tuine 0087 Tel 012 379 3300 Sel 083 235
1702 E-Pos vanzyl5@absamail.co.za

Secretary: Hendrina Swanepoel, Conradstraat 18,
Kimberley 8301 Tel 053 833 5024

Sponsduifklub

President: Wynand Wessels, Posbus 346, Bothaville Tel
056 515 2769 Sel 083 994 7012

Secretary: Vakant

TumblerClub

President: Faadil Hendricks, 9 Connemara Road, Golf
Links, Wynberg 7800 Tel 021 797 2992 Cell 082 827 8099
E-Pos fadiel@lansdownecoach.co.za

Secretary: Stewart Patterson, PO Box 69184, Bryanston
2021 Tel 011 704 2490 Sel 082 457 2919 E-Mail
gillpatt@mweb.co.za

Waaiersterklub

President: Nico vd Westhuizen, Posbus 8323, Western
Levels 2501 Tel 018 786 4351 Sel 082 922 0030 E-Pos
NvdWesth@AngloGoldAshanti.com

Sekretaris: Peet Botha, Posbus 6519, Secunda 2302
Tel 017 631 1423 Sel 082 467 0996

Old German Owl Klub

President: Johnny Renda, PO Box 39, Klein Dassenberg
7358 Tel 021 572 7777 Cell 083 748 4872 E-Mail
giopet@polka.co.za


Secretary: Koos Marais, 67 Mahoganysingel, Tygerberg
Heuwels, Bellville 7530 Tel 021 913 1419 Sel 083 717
3503 of 082 438 8755 E-Pos kumarais@ourhome.co.za

Jakobynklub

President: Julian Fincham, Posbus 83, Kameel 8603
Tel: 053 989 0010 Sel: 082 682 9781

Secretary: Yassiem Khan, 122 Klip road, Grassy Park
7941 Tel: 021 705 1741 Cell: 083 270 6000 E-Mail
yassiemkahn@yahoo.com

Join
the



SA Rare Breeds Club
SA Skaarsrasklub

President: Chris de Bruin
Posbus 788, Derdepoortpark, 0035.
Tel: 012 808 0463, Faks: 012 430 4539
Sel: 082 426 8703

E-pos: chris.debruin@dcs.gov.za
Secretary: Chris vd Walt

Stantonstraat 1, Fichardpark, 9301
Tel: 051 522 3074 Sel: 082 378 6447



Sluit
aan
by



**Domestic
Showflight**

For the love and care of Fancy Pigeons
Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

**DIE SUID-AFRIKAANSE SIERDUIFVERENIGING
THE SOUTH AFRICAN FANCY PIGEON ASSOCIATION**

Ere-Presidente / Honorary Presidents

Warren Klopper, Posbus 143, Schweizer-Reneke. 2780 Tel: 053 963 1547
Renier Lee, Posbus 76, Ventersdorp. 2710 Tel: 014 544 0008
Clive Druce, 48 Lange Street, Uitenhage. 6230 Tel: 041 992 2684
Stewart Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston. 2021 Tel: 011 704 2490
Wynand Wessels Posbus 346, Bothaville 9660 Tel: 056 515 2769 Sel: 083 994 7012

Uitvoerende Komitee / Executive Committee

Nasionale President / National President - Pierre le Roux

Diazstraat 31, Panorama, 7500. Tel/Faks: 021 939 2572 Sel: 083 567 0226 E-pos: pleroux@webmail.co.za

Nasionale Vise-President / National Vice-President

Vacant

Nasionale Sekretaris / National Secretary - Hennie Hattingh

Posbus 162, Glencoe, 2930. Tel: 034 393 1450 Sel: 082 923 3910 E-pos: jhhattingh@cybertrade.co.za

Nasionale Tesourier / National Treasurer - Chris de Bruin

Posbus 788, Derdepootpark, 0035. Tel: 012 808 0463 Faks: 012 430 4539 Sel: 082 426 8703

E-pos: chris.debruin@dcs.gov.za

Nasionale Ring Meester / National Ringmaster - Cora Munnik

Posbus 44, Hennenman, 9445. Tel/Faks: 057 573 1660 Sel: 076 955 3266 E-pos: christomun@mweb.co.za

Nasionale Redakteur / National Editor - Christo Munnik

Posbus 44, Hennenman, 9445. Tel/Faks: 057 573 1660 Sel: 076 391 5800 E-pos: christomun@mweb.co.za

Nasionale Beoordelaarsbeampste / National Judges Officer - Lourens Muller

Roselaan 4D, Wilgehof, Bfn., 9301. Tel: 051 522 4997 Sel: 076 570 3289 E-pos: chineseowls@webmail.co.za

Streekverteenwoordigers / Regional Representatives

Gauteng - Koot Serfontein

Posbus 2681, Honeydew, 2040. Tel: 011 675 0108 Faks: 011 675 0456 E-pos: kserfontein@vodamail.co.za

Vrystaat - Chris vd Berg

Posbus 11589, Universitas, Bloemfontein, 9321. Tel: 051 522 8701 Sel: 082 376 3130

E-pos: pvdberg@absamail.co.za

Wes Kaap - Ken Garrod

PO Box 385, Franschoek, 7690. Tel: 021 876 2201 Cell 083 270 3293 E-Mail: kenmodena@kingsleymail.co.za

Noord-Vrystaat - Bertie Wessels

Posbus 346, Bothaville, 9660. Tel: 056 515 2769 Sel: 083 733 4191 E-pos: chrsv@act.co.za

Oos-Transvaal - Jan Labuschagne

Posbus 14001, Nelspruit, 1200. Tel: 083 491 2919 E-pos: mylpaal@gmail.com

Griekwaland-Wes - Hendriena Swanepoel

Conradstraat 18, Kimberley, 8301. Tel/Faks: 053 833 5024 Sel: 073 245 7993

Eastern Province - Netta Prince

P.O. Box 455, Port Elizabeth, 6000. Tel: 041 365 7737 Fax: 041 364 3933 Cell: 082 565 9022

E-mail: janetp@xsinet.co.za

Suid-Westelike Distrikte - Kobus Swanepoel

Posbus 1250, Hartenbos, 6520 Tel/Faks: 044 695 2620 Sel: 083 264 2485

Wes-Transvaal - Danie Badenhorst

Posbus 1191, Zeerust, 2865. Tel: 018 642 3867 Sel: 072 903 2975

Noord-Transvaal - Willie v Zyl

Kwintstraat 400, Pretoria Tuine, 0082. Tel: 012 379 3300 Faks: 012 323 4774 Sel: 083 235 1702

E-pos: vanzyl5@absamail.co.za

KwaZulu-Natal-Oos Vrystaat - Rob Lombaard

104 Globe Road, Scottsville, PMB, 3201. Tel: 033 386 9785 Sel: 083 6600 628 E-mail: wings@absamail.co.za

Index

Inhoudsopgawe

Redaksioneel/Editorial	2
Lief en leed van ons duive vriende	3
Kerswense - Pierre en Antoinette le Roux	4
Kers- en Nuwejaarswense - Chris de Bruin	4
Kerswense - Cora Munnik	5
Homerdag te Virginia - Seppie Esterhuysen	6
Shortfaced Tumbler Club notes - Clive Druce	8
Kom ons gesels 'n bietjie Lahores - Johan Nel	9
Penny Rich - Jan Lombard	11
Success story with English Trumpeters - Freddie Theron	12
'n 50/50 storie - Seppie Esterhuysen	16
Hulde aan 'n Dogter - Kobus Swanepoel	18
Duifkleure - Danie Visser	18
Griekwaland-Wes hou AJV - Seppie Esterhuisen	19
Groei van ons ledetal by die SASV - Johan Nel	24
KZN Eastern Freestate Family weekend - Rob Lombaard	25
Die geskiedenis herhaal homself - Seppie Esterhuisen	26
Feite versus persepsies - Jan Lombard	28
Judging by the points system - Freddie Theron	30
Noord Vrystaat AJV - Cora Munnik	32
Johan Nel sê die volgende oor ledegelde	32
Alle Sponsduif Klublede en telers - Wynand Wessels	33
Korrupsie van die sogenaamde top 7 - At Nigrini	34
Vision mision and strategy - Jan Lombard	36
EP Hosts of SA Champs - Netta Prince	38
Huldeblyk aan Tobie Bothma	39
Is the WC plagued by rickets	40
Voorstelle aangaande die Sierduif - Johan Nel	41
Report from Jean Rogers	42
WC Regional news	42
Te Koop / For Sale	43
Reëls en telkaart	44

Die Sierduif The Fancy Pigeon

Verkrygbaar vanaf/
Obtainable from
Christo Munnik
Posbus/PO Box 44
Hennenman 9445
Tel/Fax
057 573 1660
Sel/Cell
076 391 5800
Woning/Home
Skoolstraat 11,
Hennenman 9445.


Graphic Design is
done by
The Editor
Printed by
Oranje Drukkers/
Printers
PO Box/Posbus 35
SENEKAL
9600
Tel 058 481 2105/6/7
058 481 2100
Fax/Faks 058 481 4264
E-pos/E-mail
oranje@global.co.za

Inteken geld vir Die
Sierduif aan nie-lede
van die SASV
beloop
R180.00/jaar
Subscription for
The Fancy Pigeon
to non-members of
SAFPA is
R180.00/annum



Die Sierduif The Fancy Pigeon

November Desember 2007



Christo Munnik
Redakteur / Editor

Soos verlede jaar het die jaar 2007 weereens heeltemal te vinnig verby gegaan. Gaan die tyd al vinniger of voel dit maar net so? Ek is seker dit is ons eie skuld dat alles so vinnig verby gaan. Ons sê almal in die tyd toe ons jonk was het die tyd stadig verby gegaan maar as jy gaan sit en nadink het jou eie twaalf jaar op skool en die res van jou lewe ook maar redelik vinnig gegaan omdat ons dit omgewens het. Ons sê nou nog ek wens die broeiseisoen, skousei-soen of verveerseisoen wil nou aankom of wil nou verby gaan. Is dit nie maar die rede dat alles so gejaag is nie.

I am nowadays scared to start with the new magazine because that might mean that I will have to place someones name in the death column and so it was no different this time around. This year I had to place at least one name of one of our

loved ones in every edition of the Fancy Pigeon. To all those families and friends that lost loved ones this year, remember you are still in our prayers and we will not forget you.

Ek het in hierdie uitgawe bietjie veranderinge gemaak veral met die grootte van die skrif. Ek vra asseblief terugvoering van die lede se kant af oor veral die skrif grootte.

Iets anders wat my pla is dat daar soos dit seker maar altyd was net 'n handjie vol lede is wat artikels instuur en kan ek ook altyd op hulle knoppies druk om vir my iets in te stuur as ek nie genoeg leesstof het nie. Wat kan ons doen om lede meer betrokke te kry by die boekie? As iemand 'n oplossing het laat weet asseblief.

Ek het begin met die klein advertensie kolom agter in die boekie sodat lede kan adverteer. Ek het al klaar een

belangrike advertensie nie geplaas nie en vra weer verskoning aan Kobus Swanepoel vir die blaps maar wil ook lede aanmoedig om tog die kolom te gebruik anders gaan ek dit maar weer staak. Ek wil graag 'n sukses maak van die boekie, en ek glo lede is nog gelukkig want ek kry goeie terugvoer, maar ook net van sommige lede. Dit lyk so of lede nie betrokke wil raak nie. Kobus Snyman het my gewaarsku dat dit sal gebeur en ek kon hom nog die heel tyd min of meer verkeerd bewys maar nou word ek bang. Daar is 'n paar berigte wat nog nie geplaas is nie maar ek het nie nou plek nie wees maar geduldig.

Klein advertensies / Small advertisements

Plaas 'n klein advertensie en adverteer jou *duiwe* en wat ook al jy wil verkoop teen R30/advertensie. Slegs naam, telefoon/selfoon nommer en 20 woorde. Geen advertensie sal geplaas word wat nie die artikelwat te koop is se prys by het nie of sonder 'n afskrif van 'n bankstrokie nie. Kyk op bladsy 43 vir die advertensies. / Place a small advertisement and advertise your *pigeons* or *what ever you have for sale* at R30/advertisement. Only your name, telephone/cell phone number and 20 words. No advertisement will be placed without a price of the article for sale and a copy of the deposit slip. See page 43 for these advertisements.



Verjaarsdae/ Birthdays

CD Kruger - 12 Jan
David Malan - 13 Jan
Marius Wilken - 16 Jan
Mornè Bekker - 18 Jan
Annatjie vd Walt - 19 Jan
Johan Hattigh - 21 Jan
Awie Esterhuizen - 26 Jan
Shay-lyn Armstrong - 31 Jan
Dick Nortje - 31 Jan
Andrè Hattigh - 31 Jan
Fanie Myburgh - 01 Feb
Karel Reynecke - 04 Feb
Estie Munnik - 05 Feb
Bill Rodgers - 08 Feb
Michelle Beckley - 08 Feb
Robin Prince - 24 Feb
Zaieed Abrahams - 27 Feb
Rassie Erasmus - 27 Feb

Nuwe lede/ New members

Geen

Geboortes/ Births

Geen

Siek lede/ Ill members

Sterkte word aan die lede toegewens wat siek is. Op die stadium weet ek net van Oom Pikket Coetzee van Windhoek.


Sterftes/ Deaths



**Oom Tobie
Bothma (77)
Lewenslange
SASV lid en lid van
Oos-Transvaal,
van Greylingstad
wat op 18 Oktober
oorlede is.**



**Oom Jan Lategan
(82) voorheen lid
van die SASV en
lid van Noord-
Vrystaat is op
Woensdag 14
November oorlede.**



**Marchenero
Pouter**

Die Sierduif/The Fancy Pigeon





KERSWENSE

Pierre en Antoinette le Roux

Soos sy altyd gesê het as ons bel: "En wat sê jy, Meneer?" Wat kan ons sê?

Daar was ook ander. Dit is voorwaar toegewyde lede, en besondere mense, wat gemis sal word in die stokperdjie. Dit is veral in dié tyd wat geliefdes die leemte wat gelaat is, sal ervaar. Ons vertrou dat God se liefde en teenwoordigheid u in hierdie feestyd sal onderskraag.

I had the privilege of visiting and judging Gauteng, Eastern Transvaal and South Western Districts shows. Especially noticeable was the wonderful spirit that prevailed at all these shows. And then there was the Championship Show at Worcester. What a wonderful experience that was! One of the highlights of this show was

the presence of six overseas judges, namely John Heppner, newly elected President of the NPA, Willi Rickert, John Graves, John Nelson, Roger Guillemot and Peter Voskamp. I am sure we have all learnt something from them.

Vergun my die geleentheid om die UK te bedank vir hul harde werk en opoffering van persoonlike tyd om die ratte van die SASV aan die gang te hou, en vir die wonderlike gees waarin ons skakel en vergaderings hou. Ons sien uit na die nuwe jaar met sy uitdagings.

Antoinette and I would like to wish you all a wonderful festive season and a prosperous 2008. May God bless you with His love and richest blessings during this time.

Nog 'n jaar het verbygesnel en 2007 is amper iets van die verlede. Hierdie jaar sal onthou word as een waarin die SASV van sy grootste geeste verloor het. Ons dink veral aan Corrie van Reenen, Gert Bierman, Johan Loots en, hier op ons eie voorstoep, Colin Wrench en Theuns Steyn. Dan was daar ook die onverwagse heengaan van Lena Coetzee van Windhoek. Ek en Antoinette het hier 'n groot vriendin verloor.



KERS- EN NUWEJAARSWENSE

Chris de Bruin

die SASV baie dankie sê vir 'n aangename jaar wat besig is om verby te snel. Die duiwe wêreld het my geweldig verryk en baie nuwe vriende, wat vandag soos eie familie voel, laat ontmoet. Dankie vir die lekker kuier op skoue en sommer net lekker geselsies oor die telefoon. Vir my gaan die skoue lankal nie meer net oor wen nie, maar die kans om my vriende weer te kan sien en lekker te kan kuier.

Aan die junior lede, moet

asseblief nie moedeloos raak en ophou met julle duiwe nie. Hou aan om die duiwe te geniet en probeer volgende jaar net harder. Onthou ons kan nie almal wen nie en dit is goed dat mens ook moet leer om te kan verloor, alles in die lewe is nie altyd maklik nie. Tans het ons 'n groep junior lede waarop enige organisasie trots sal wees. As ek myself nie misgis nie, dink ek dit is die meeste junior lede wat die SASV op enige bepaalde tydstip nog gehad het. Julle moet leer om mekaar

Met hierdie kort boodskap wil ek aan my gesin en vriende in



te aanvaar, te help en saam te werk. Ek het al persoonlik gesien dat julle kan saamstaan en die gees onder julle is beslis 'n voorbeeld vir ons senior lede. Onthou julle is die lewensaar van die SASV en die duiwe-boere van die toekoms. Sonder julle kan daar nie meer 'n SASV wees nie.

Ek wil ook net dankie sê aan die SASV se lede vir die vertrou wat julle in my het om my weer vir 'n termyn van drie jaar as die Nasionale Tesourier te benoem het. Dit is nie altyd 'n maklike taak om te verrig nie, maar wees verseker dat ek my beste sal gee vir die stokperdjie en sy lede. Die voortbestaan van die SASV is vir my net so belangrik as vir julle en weet

dat ek enige iets in my vermoë sal doen om dit te verseker.

Vir my persoonlik was die tydperk na die Worcester SA's een van die onaangenaamste tydperke in twaalf jaar, wat geweldig baie skade aan ons stokperdjie aangerig het. Daar is individue wat lankal nie meer die bal speel nie maar die persoon en die "eie ek" het groter geword as ons stokperdjie. Onthou die saambindende faktor in ons stokperdjie, "Vir die liefde en versorging van Sierduiwe".

Dankie aan Willie van Zyl vir die leiding wat hy aan Noord-Transvaal se lede gee en die manier waarop hy ons sake hanteer en terugvoering gee vanaf UK en AJV vergaderings.

Dankie ook aan die Noord-Transvalers vir die gees waarmee julle jul stokperdjie beoefen en die verdraagsaamheid wat julle teenoor mekaar bewys, dit is woorwaar 'n plesier om deel van so 'n span te wees. DANKIE!

Hiermee wil ek al my duiwe vriende en familie 'n rustige laaste deel van 2007 toewens. Mag die Kerstyd wat voorlê geseënd wees en mag elkeen van julle 'n voorspoedige 2008 tegemoet gaan. Vir die wat weggaan oor die Kers- en Nuwejaars tyd, ry versigtig en kom veilig terug.

Chris, Theresa, Ruan en Marzanne de Bruin

KERSWENSE

Christo, Cora en Harry Munnik

Vir my het hierdie jaar net te vinnig verbygegaan, die skoue het nog skaars begin, toe is die SA's alweer verby.

Vir baie mense het hierdie jaar baie hartseer gebring en vir ander was daar weer baie vreugde volle tye. Vir die wat hartseer beleef het, onthou daar is ander mense wat aan julle dink en jul aan die Here opdra en vir julle sal daar ook weer dae kom wat die son helderder skyn.

Ek hoop dat dit baie goed gegaan het met ons juniors en

seniors wat nog studeer. Ek hoop die uitslae was van so 'n aard dat julle nou kan uitspan.

Desember is tyd vir vakansie en rus na die jaar se gewoel, geniet dit terdeë.

Ons as gesin hoop dat u in hierdie vreugdevolle tyd van Kersfees wanneer ons weer die geboorte van Jesus herdenk net vrede en geluk sal ondervind.

Mag u ook die nuwe jaar ingaan met 'n vreugde in u hart en 'n huppel in u stap om die jaar te




geniet. Mag u ook aangespoor word tot nuwe hoogtes in wat u ookal mag doen.

'n Geseende Kersfees en 'n Voorspoedige nuwejaar vir al die Sierduiwe-telers.
Van: Noord-Kaap Sierduifvereniging (Griekwaland Wes Sierduifvereniging)
Van: Seppie en Gloudina Esterhuysen

Dankie



Die Sierduif/The Fancy Pigeon



Homer dag te Virginia

Seppie Esterhuysen

Vrydag-oggend, douvoordag opgestaan en met die bakkie se neus in die rigting van Bloemfontein is die groot tog aangepak na die Homer-dag op Virginia. Op Groblershoop het ons vir Danie en Elbie Visser opgetel. Nou-ja, soos mans maar doen, dit was rugby, duive, skaap, finansies en skoue voor in die bakkie en agter het die vrouens gebak, kinders, modes en daardie dinge waaroor net vrouens so lekker kan praat. So tussenin is daar geëet uit twee verskillende padkosmandjies.

Die spoor van die reën was orals vanaf Upington tot in Bloemfontein sigbaar. Die geel Kortdoringgranaat was vol in die blom vanaf Upington tot in Bloemfontein. Ek was verras om te sien dat die bos oor so 'n groot area voorkom. Dit was nou werklik 'n lus vir die oog.

Saterdag-oggend het ons vroeg opgestaan en sewe-uur was ons in die pad. Die wêreld was al mooi groen van al die reën. Ons hier in die Noordkaap kyk ons altyd met 'n reën-oog na die omgewing, seker omdat reën hier in ons geweste so skaars is.

Tog interessant dat iewers in

jou brein 'n klompie inligting gestoor lê wat normaalweg nie gebruik word nie. As jy dan iewers iets hoor, ruik of sien wat verband hou met daardie gestoorde inligting word daar onbewustelik diep in die brein na daardie spesifieke inligting gesoek en skielik kom iets bekend na vore. Toe ons Virginia inry sien ek die bord Merriespruit en dadelik onthou ek die modder-storting 'n klomp jaar gelede. Beelde van modderwater, huise wat meegesleur word, mense wat vlug, flits deur jou brein. Frik het ons vertel waar dit gebeur het.

Dit was 'n heerlike koel somersdag daar in Virginia, die wêreld is groen, die lig blou, die mense vriendelik en almal gesond - wat kan jy meer van

skouhokkies opgeslaan en die manne het 3 verskillende rasse voorgesit, naamlik Duitse Skoonheidsposduiwe (DSP), Working Homers en Engelse Skou Homers. Ons was 'n mooi klompie lede bymekaar, sou graag meer wou gehad het.

Christo Munnik was ons voorvatter. Eerste het ons die DSP behandel. Die standaard is bespreek aan die hand van die duive wat uitgestal is. Jan Lombard het vir ons 'n klomp inligting asook foto's van die "nuwe" DSP gebring. Interessant dat een van die artikels wat Jan ingesluit het was een van John Hepner, 'n DSP-teler van Amerika wat ook op ons SA's te Worcester 2007 beoordeel het ivm die ou en die nuwe DSP. Daar het definitief 'n verandering plaasgevind tov



die lewe vra. Ek neem aan dat Frik al die plaaslike reëlings getref het. Daar was 'n paar

die DSP. 'n Paar growwe foute wat by ons plaaslike duive voorkom is te kort bene, te lang




Die "nuwe" Duitse Skoonheidsposduif



duiwe, die lyf wat nie horisontaal gedra word nie gevolglik is die rug nie horisontaal nie asook te kort nekke en dan die grootste sondaar die kop. Die koppe is te spits na voor en te min onderbek. Sommige ouens het gesê hy sal van vooraf moet begin. Daar is selfs gespot en gesê dat die DSP se getalle sal nou so daal dat dit deel van die Skaarsrsklub moet word. Die nuwe duiwe is net meer elegant as ons plaaslike duiwe. Dieselfde tendens is destyds met die ingevoerde Modena's ondervind. Daar was sterk teenkanting teen die nuwe duiwe. Ek dink dit was meer 'n geval van al my jare se harde werk vernietig ek nou binne sekondes. Duiwe wat waarde gehad het word skielik waardeloos en dan is daar altyd 'n element van sentiment. Ek dink elke ernstige DSP-boer sal

teruggaan en sy duiwe gaan evalueer. 'n Groot deel sal moet uitgeskot word, want met die meeste van ons plaaslike duiwe sal ons nie kan kompeteer met die oorsees duiwe nie. Invoere



bly die antwoord, jy sal moet toegang kry tot die "nuwe"

duiwe. Ek plaas 'n paar foto's van algemene foute wat by ons plaaslike duiwe voorkom. Daar is voorgestel dat Danie Visser en Jan Lombard vir ons 'n vorm sal ontwerp sodat elke lid 'n paar metings op sy DSP gaan doen. Dit gaan veral hier oor die lengte van die kop. Ons hoop om hieruit 'n klompie inligting te kry wat ons sal help in die toekoms.

Die bespreking van die Working Homer asook die Engelse Skou Homer was ook baie interessant. Daar is groot werk aan die Engelse Skou Homer dringend nodig. Ons plaaslike duiwe is nie op standaard nie. Of kruisings met ander rasse soos deur Christo Munnik probeer word die antwoord is weet ek nie. Dit wat ek waargeneem het is dat invoere ons enigste uitweg is. 'n Mens moet aanvaar dat waar daar bv slegs 3 of 4 lede met 'n ras boer, kan jy nie kompeteer met ander lande waar daar maklik 20 en selfs meer telers is nie. Een of ander tyd moet daar

duiwe ingevoer word om die plaaslike tipe se standaard te



verbeter. Die sleg hiervan is die klomp geld wat dit kos om die duiwe in te bring. Dankie aan die lede wat wel duiwe invoer en van die nageslag aan ander beskikbaar stel. So versprei die teelmateriaal op die ou end na elke lid en die gemiddelde van die ras word verbeter.

Wat my net bekommerd maak is dat die bespreking nie deur genoeg beoordelaars bygewoon was nie. Daar sal 'n ernstige poging aangewend moet word om die inligting aan

die beoordelaars oor te dra. Die foto wat in die Standaardboek voorkom is verouderd, dit sal moet verander. Ek glo as almal wat belange by die DSP het meer vertrouwd met die nuwe duif raak, sal hulle net so verlief op die mooi en elegante duif word soos die wat dit alreeds aanvaar het.

Ons het die dag soos gewoonlik met 'n ligte ete afgesluit. Toe was dit huistoegaantyd, want die Bokke se stryd het voorgelê. Was dit

nou spanningsvol. Dit was nie met soveel flair soos ons dit wou gehad het nie, maar dit is op die ou end die "score board" wat tel, en het hy getel. Nou lê die stryd van die Cheetha's en die Leeus voor.

Dankie vir julle daar van die Vrystaat se vlaktes vir die lekker dag. Ek glo elkeen het iets geleer en daar sal met nuwe oë na die DSP gekyk word en kragte ingooi om die gehalte van die ras te verbeter.



Dear Members,

I am starting my notes with a general appeal to all members of the Association: the membership is not as robust as it was a few years ago. Many activities have declined, and so has enthusiasm. The atmosphere is strained and not the same as it used to be. Please let's treat each other as friends – if we don't we will land up as STRANGERS to everyone = disadvantage. Come on fellows! I will close the subject by saying it's nice to be with nice people.

The start of the breeding season is the usual old complaint =

The S.A. English Short Face Tumbler Club Notes

Clive Druce

fertility is very poor. One must realize that a number of your pairs will have at least one young bird. Just persevere and don't milk the hens. Remember, "Shorty" hens go barren if exploited too much. Remember, shorties can feed their own youngsters for approximately the first six days. You will find that some shorties can manage the feeding for up to eight days. I usually move over to the foster parents about the fourth day.

An item of importance to the shorty members for next year is – who is judging the shorties, and where! In general, the arrangements are as follows: The Shorty Prestige Show will be held at the Oudtshoorn Show, and of course, we all know the SA's are at Port Elizabeth. The Judge for both Shows will be Arthur Muller from Oudtshoorn. Arthur has been a very active member of

the Shorty Club since its inception. There was no certainty about the Prestige Show being held in Bloemfontein, hence Oudtshoorn is now the venue. I have attended some very LEKKER shows at Oudtshoorn in the past – nice town, nice people. The same applies to Bloemfontein – nice town, nice people. Let's hope that the following year will be at Bloem.

We are experiencing the worst weather I have ever known – normal winter conditions then absolutely freezing cold at night. We are not used to these here in the Cape; the Vrystaters can handle it a darn side better than we can. I suggest a suitable sized cardboard box, closed up using tape and only a small round entrance hole cut open, and stuffed with teff grass, not straw – straw slides around and does not hold formation. Then also a suitable wooden square filled with teff. The birds



then have a choice in winter. The box nest stays very much warmer.

Fanciers will note that the young shorty takes about two years to develop. The tail should flare to approximately chest width, the rump must be well pronounced. If not, the bird displays a long hollow back, and the side view is long and hollow. Don't forget the eyes must be carried over the ball of the foot. And don't forget the word "COBBY" – if a shorty is not cobby, it is a failure. Standards are available so please see that you obtain one from the secretary and consult it very often.

I have had a terrible breeding

season so far - not a single pair has had both chickens raised yet this season. It is still early, so let's hope. It's not that I have not had a double clutch, but the bitterly cold weather is a real drawback.

Use a mist spray on the eggs during incubation. This is a great help when the eggs are being pecked. If you find a pecking chick is struggling to clear the egg, by all means assist the hatching by very gently cracking the egg inward with your fingernail. Note, INWARD is the direction – do not try and pull the shell outwards. You can assist by also wetting the egg very carefully during the operation. This will eliminate

any portion of the egg sticking to another portion and causing a hindrance. Have an abundance of inverted V-shaped nests spread around the loft. Try and avoid a communal area – this is where pecking takes place. Shorties grow very short pointed beaks – this costs eyes.

This is an URGENT APPEAL to ANYONE who can assist: I most urgently need 1 bag of SA100 Boesman mealies, and ask that you contact me as soon as possible.

From all of us in the SHORTY CLUB, to all of you not in the Shorty Club – season's greetings and all good wishes possible.



Kom ons gesels bietjie Lahores

Johan Nel

welverdiende vakansie by die see my weer vasgeloop in Lahores. Wou hul sommer eers vir die mooi en net as "feeders" gebruik, maar nie lank gewees of hul neem die plek in van baie ander duiwe in my hokke. Die vrugbaarheid en feit dat hul so mooi kuikens grootmaak het my vinnig bederf en verder het die kleure, merke en houding van die ras my baie geïnterepeer. Van 8 rasse het ek net die Kartelruggies en die Lahores gehou.

Die Lahore is 'n ras wat maklik teel, maar om daai reggemerkte een te teel.....is sommer klaar 'n

perd van 'n ander kleur. Dit is 'n kleurduif met unieke merke en behalwe dit, soek jy nog tipe/houding ook. Ek sien die Lahore as 'n 1/3, 1/3, 1/3 duif. Wat ek daarmee bedoel is: Vat jy (1)kleur weg of (2)merke weg of (3) houding weg het jy nie 'n Lahore nie. Jy het al drie daai "hoof indelings", as ek dit nou so kan beskryf, nodig en dis maar net die begin!

Dit vat my nou na ons Lahore standaard toe. As ek met 'n ras teel wil ek 'n behoorlike "prentjie" van die ras in my kop he. Dan kan mens mos sukses behaal, anders waarna teel / streef

Sedert ek lid is van die SASV is daar maar min geskryf in Die Sierduif oor Lahores. Nou wil ek iets skryf in die hoop ander manne sal reageer.

Soos 'n hele paar ander rasse in my verlede het ek met Lahores ook geboer en het laasjaar tydens 'n





Skets 1: Toon die Lahore prentjie wat huidiglik gebruik word in ons Lahore Standaard.

Verder is dit vir my snaaks om in die groen skou skedule te sien dat Dun en Bruin onder dieselfde klas ingeskryf word. Ons het nog nie bruin Lahores in Suid-Afrika nie en verder is dit twee hemelsbreë verskillende kleure!

Ons het mooi kleure in gebalk en geruit (met en sonder milky faktor) en word gereeld op ons skoue gesien, kan ons nie dalk daaraan dink om eerder 'n klas te maak vir ANY STANDARD COLOUR BARRED en ANY STANDARD COLOUR CHECK nie? Dis 'n kleurduif en sal dan meer tot sy reg kom tydens skoue. Net so 'n paar gedagtes om mee te begin.

ky? Dis waarmee ek bietjie worstel huidiglik, want as jy ons standaard lees en jy hou die skets daarby in gedagte, weerspreek die twee mekaar. Die skets is soos die Amerikaanse Lahore behoort te lyk, maar die beskrywing is soos ons Duitse Lahores.

met die meer bypassende Lahore skets soos op skets 2 aangedui nie?

In ons standaard word daar onder grootte en houding genoem: die duif moet so staan dat die ruglyn horisontaal met die grond is. Onder bors en rug word daar weer genoem die rug is breed met 'n egalige lyn en byna horisontaal saam met die stert. Die skets loop die onder rand van die vlerk eerder horisontaal met die grond. Net 'n voorstel: hoekom vervang ons nie eerder die bestaande skets



Skets 2: Toon die meer gepaste Lahore prentjie vir ons standaard.



Penny Rich

Forwarded by Jan Lombard

You always hear the usual stories of pennies on the sidewalk being good luck, gifts from angels, etc. This is the first time I've ever heard this twist on the story. Gives you something to think about...

Several years ago, a friend of mine and her husband were invited to spend the weekend at the husband's employer's home. My friend, Arlene, was nervous about the weekend. The boss was very wealthy, with a fine home on the waterway, and cars costing more than her house.

The first day and evening went well, and Arlene was delighted to have this rare glimpse into how the very wealthy live. The husband's employer was quite generous as a host, and took them to the finest restaurants. Arlene knew she would never have the opportunity to indulge in this kind of extravagance again, so was enjoying herself immensely.

As the three of them were about to enter an exclusive restaurant that evening, the boss was walking slightly ahead of Arlene and her husband. He stopped suddenly, looking down on the pavement for a long, silent moment.

Arlene wondered if she was supposed to pass him. There was nothing on the ground except a single darkened penny

that someone had dropped, and a few cigarette butts. Still silent, the man reached down and picked up the penny.

He held it up and smiled, then put it in his pocket as if he had found a great treasure. How absurd! What need did this man have for a single penny? Why would he even take the time to stop and pick it up?

Throughout dinner, the entire scene nagged at her. Finally, she could stand it no longer. She casually mentioned that her daughter once had a coin collection, and asked if the penny he had found had been of some value.

A smile crept across the man's face as he reached into his pocket for the penny and held it out for her to see. She had seen many pennies before! What was the point of this?

"Look at it." He said. "Read what it says." She read the words "United States of America." "No, not that; read further." "One cent?" "No, keep reading." "In God we Trust?" "Yes!" "And?" "And if I trust in God, the name of God is holy, even on a coin. Whenever I find a coin I see that inscription. It is written on every single United States coin, but we never seem to notice it! God drops a message right in front of me telling me to trust Him? Who am I to pass it by?"



When I see a coin, I pray, I stop to see if my trust IS in God at that moment. I pick the coin up as a response to God; that I do trust in Him. For a short time, at least, I cherish it as if it were gold. I think it is God's way of starting a conversation with me. Lucky for me, God is patient and pennies are plentiful! When I was out shopping today, I found a penny on the sidewalk. I stopped and picked it up, and realized that I had been worrying and fretting in my mind about things I cannot change. I read the words, "In God We Trust," and had to laugh. Yes, God, I get the message.

It seems that I have been finding an inordinate number of pennies in the last few months, but then, pennies are plentiful! And, God is patient...

The best mathematical equation I have ever seen:

**1 cross
+ 3 nails
4 given**



Die Sierduif/The Fancy Pigeon



Success Story with English Trumpeters

Freddie Theron

My first English Trumpeter experience!

At a regional show held in Nelspruit in May 2001, I saw English Trumpeters for the first time! They were imported from Neil Pratt by Bertie Laubcher: a red mottle old cock and a red mottle yearling cock bred from the imported cock. The young cock was awarded best Trumpeter on show. My first reaction was: "wow!" I could not forget the sight of these magnificent birds and made plans to obtain some.

I soon heard of another breeder, Chris de Beer in the Northern Free State Region with English Trumpeters that were imported by Pierre Le Roux from America. He willingly helped me with a couple of pairs. Unfortunately he later decided to get rid of his pi-

geons and offer them to me on the condition that I have to select and collect them myself.

I just could not manage it and lost the opportunity to get good breeding stock. Luckily he later had to visit our region and he brought me four pairs of which I still have a red mottle hen in my loft. I bred a white hen from her which later turned out to be the foundation hen on which I build my current stock.



Young white hen 308/03

Stewart Patterson also helped me with a young "cock" that turned out to be a hen! What a bonus - a red bald head hen! I raised quite a number of bald heads from her.

During 2002 I managed to purchase the two red mottle Trumpeters that I first saw at the show in

Mpumalanga. The old cock later died but the young cock is still in my loft.



Young red mottle cock 185/00

Imports that improved my stock


In March 2004 some more English Trumpeters were imported by Eddie Quick: 2 whites and a black baldhead from John Heppner and two andalusians from Bob Nolan. He gave a white hen to Stewart Patterson and a white cock to me. A true friend: did not even ask anything in return! He kept the baldhead cock and two andalusians for himself. Unfortunately the white hen died but the white cock turned out to be a knock out!





**White imported cock
4132/03**

again!)



Cock 187/05



**Black Bald Head from John
Heppner 4105/03**

I mated the white imported cock to the white hen 308/03 and in the first season bred 6 babies from them. All were better than our "local" trumpeters and I knew that I was on the right track. I realized that without the help of the real Trumpeter Breeders in America and with the type of pigeons they sent us, we would not succeed in going forward. Thanks to all of them and every other person that contributed towards importing these Trumpeters.



Hen 184 /05

During November 2006 Fadiel Hendricks did another import from various breeders: Bob Nolan, Art Pamplona and Sharon Holmberg. I received two from Art Pamplona: a red and a dun hen and already bred 6 from the red hen.

Daniel Bierman, a Junior from the Western Cape Region, received a nice yellow mottle hen from Sharon Holmberg but she never laid any fertile eggs - 3 sets but no luck. He sent her to me with the hope that I might be successful with her. At the time of writing this article, she now has one fertile egg: 1 from 4 sets. (Unfortunately it did not hatch - will have to try

Following are some pictures of my young birds that were bred from the white imported cock and the white hen 308/03.



Cock 185/05 (ring had to be cut off) (Champion Eng Trumpeter at our National Championship Show 2005)



Hen 269/04

Show Results

During the first years, 2001 and 2002 I had mixed results. Stewart Patterson had a lovely yellow mottle hen in the same class as my red



mottle hen that I started with and I frequently lost against him.

But from 2003 onwards my English Trumpeters improved dramatically. The heads, muffs and bodies became stronger, longer and fuller.

Since 2004 my English Trumpeters never were beaten at any show that we participated in.

2006 and 2007 were my best show seasons ever!

2006

At our regional show in Pretoria, I won First Reserve Champion with the white imported cock, judged by Dr. Koot Serfontein. Later that year, the same bird was Second Reserve Champion at our National Championship show in Stella, judged by Stewart Patterson.



White old cock 4132/03

2007

At the regional show in Mpumalanga, I won Grand Champion and Best Young

Bird on show with a white cock bred from white hen 308/03 and a mating with her son, 185/05 - ring number 42/06, judged by Pierre le Roux.

The same young cock was First Reserve Champion and Best Young Bird on the next regional show held in Pretoria, judged by Stewart Patterson. It was also the Best Young Trumpeter at the National Championship show in Worcester.




Young Cock 42/06

At our recent National Championship show held in July at Worcester, my white old hen 308/03 won Champion English Trumpeter on show, judged by Pierre le Roux. (He was complimented by John Heppner for selecting her as the Best Trumpeter). She then was selected by John Heppner as the Fifth Reserve Champion bird on show.



Old Hen 308/03



Old Hen 308/03

Trumpeter Breeders in South Africa

The interest in this magnificent breed has grown over the past couple of years and a number of new breeders could be helped with breeding stock by Stewart, Fadiel, Eddie and me.

The following members had Trumpeters for years and some have started recently and already entered their Trumpeters at a number of shows with some good results:

Christo Munnik, Lourens Muller (in top 7 awards on two Regional shows), Boekie Meyer, Lotie Geyer,



Gert Venter, Gert Kotze, Julian Fincham, Daniël Bierman (Junior member - best Junior Trumpeter on Championship show), Buks Kruger, Gert Holtzhausen, Wikus van Niekerk and maybe some that I am not aware of.

Trumpeter Club

We started our own Club some years ago and last year decided to change the name to The Trumpeter and African Toy Club as it represents all the Trumpeter breeds in our country and also our local breed: the South African Toy. The committee members are:

President: Stewart Patterson

Secretary: Freddie Theron

Additional members: Faadil Hendricks, Wikus van Niekerk and Gert Venter.

We believe that with the exposure that the English Trumpeter had over the last year or two, that our club will go from strength to strength.

Visit from America by John Heppner

When it was suggested that John Heppner should be invited to be the Senior Judge at our National Championship Show at Worcester in July 2007, a great expectation was created: for his International experience and



Freddie Theron and John Heppner

also his knowledge on different breeds.

To meet one of the great English Trumpeter breeders in the world was a great honour. One could see and hear that he knows the breed. His overall comment on the quality of the Trumpeters was an eye opener and highly appreciated.

He highlighted the good and bad points on most of our Trumpeters. We realized that some of our birds lack the bullishness, hard feather in the mane, the high crest and shortness of body. He however was really impressed with a number of birds and the praise that he gave to us as breeders was highly appreciated.

My white hen 308/03 caught his eye and he told us that this is one of the better English Trumpeters that he has seen outside of America. When he did the final judging for the top 7 awards, he selected her to be the 5th Reserve Cham-

pion bird on show. A great honour from a great English Trumpeter Breeder!

After the final judging, he willingly agreed to have a discussion and presentation on how to trim and prepare an English Trumpeter for a show. There was a lot of interest in this and a lot of questions were asked. He patiently answered them all.

He also randomly selected some birds to discuss and elaborate on the various requirements of a good English Trumpeter. One could actually visualize the Standard as the discussion progressed. He also suggested which birds to mate with whom to enable us to improve on certain aspects.

He agreed that we definitely can do with some good English Trumpeters from America to enhance our own stock and promised that he will do his best to help us in this regard.

After the show we had the



opportunity to socialize around a braai at our President Pierre le Roux's house. Everybody present enjoyed talking and listening to John. He is an easy going, non stuck-up gentleman. He showed his appreciation of our good wine and


tjops!

Thanks John, we enjoyed having you with us and looking forward to our breeding season to implement what you suggested. Maybe we meet again!

For all our English Trum-

peter breeders: let's work together in the next breeding season, help one another and strive to make our breed as popular as the Show Racer, Modena, etc.

See you at next year's shows!



'n 50/50 Storie!!

Seppie Esterhuysen

begin broei. Ek het die eiers vervang met 4 Venda eiers. Laas Saterdag het 3 kuikens uitgebroei. Die trotse haan en hen met hulle nuwe bont kroos was saam in 'n hok. Drie dae later lê die hennetjie die oggend dood, sonder enige

tekens van 'n siekte. Die kuikens was verward en so alleen en ek glo so ook die haantjie as jy menslike emosies aan 'n hoender kan koppel. Stadig het die dag verby gegaan terwyl die kuikens oënskynlik rustig geëet het soos hulle

Ek wonder soms hoe kry die ouens dit reg om 'n 50/50 foto of video te maak. Is hulle regtig waar op die regte tyd op die regte plek.! My storie is dalk nie so tydgebonde as wat dit plek gebonde is nie.

Dit wil vir my voorkom of 'n duiweboer 'n vereboer is. By die meeste duiweboere wat ek al besoek het was daar altyd 'n paar hoenders of kapokkies in die agterplaas. Soms wissel dit van sommer net hoenders tot werklike pedigree geveerdes. Ekself het 'n paar Venda hoenders asook 2 wit Veghoender kapokkies. So 'n rukkie gelede het die hennetjie



Foto 1: Die kuikens kan duidelik gesien word onder die haan.






Foto 2: Toon die haan wat sy môre kraaie kraai.

ma hulle in die 3 kort dae geleer het. Of die nag met sy koue en donkerte in daardie klein breintjies geregistreer het weet ek nie, maar so begin die aand al nader kom en ek wonder hoe gemaak met die 3 wesies. Dit is mos baie makliker om 20 kuikens groot te maak as 2 of 3, hulle is net oral in die pad. Op daardie stadium het ek gewens dat daar iemand kom om die 3 wesies te vat. Gelukkig het niemand opgedaag nie anders was my 50/50 storie daarmee heen. Soos 'n vervolgsverhaal volg ons die storie. Dag 1: Groot was ons verbasing toe die haantjie soos 'n regte broeis ma-hen op die grond gaan sit en die kuikens ewe ongeërg onder hom gaan inkruip. Ek hardloop

huistoe en roep my seun, Nicolaas, om die kamera te bring. Ons neem net foto's, want gaan ons weer so iets sien. Was ons teleurgesteld toe die haan later opstaan en opvlieg na sy gewone sitplek. Ek glo dit was 'n gewetensaak by hom, totaal gestroop van sy waardigheid. Ek jaag die ou af en hoop hy gaan sit weer op die kuikens. Ons was verstom, want hy gaan klim in die plastiekkas waarin die hennetjie gebroei het met die kuikens agterna. So elf-uur se kant, net voor ons gaan slaap gaan loer ek gou weer en wraggies daar sit die pa nog steeds op die kuikens. Die groot toets was nou die volgende aand.

Dag 2: Die aand vlieg die ou oudergewoonte weer op

na sy sitplek, ek jaag hom af en sowaar daar klim hy weer saam met die kuikens in die plastiekkas.

Dag 3: Saterdag-oggend vroeg is ek op want die hele dag lê voor om die storie te volg.

Daar kraai die haantjie en uit is ek. 'n Foto en video-opname kan bevestig wat ek toe waarneem. Die haantjie is uit die plastiekkas en sit ewe tuis langs die kas met die kuikens onder hom, maar met die verskil hy sit en kraai sy môre kraaie. Steeds waardig, maar met die nodige aanpassings vir sy nuwe taak. Selfs die kloekgeluid om die kuikens nader te roep vir 'n sappige happie is daar, dalk nie so moederlik en dringend nie, maar tog op 'n waardige wyse. Is dit nie 'n les vir baie van ons pa's nie.

Nou vra ek, "Is dit instink of besef die haan hy moet nou die pligte oorneem?." Is daar iemand anders wat dieselfde al waar geneem het, laat weet asseblief.



Hulde aan 'n dogter:

Kobus Swanepoel

Ek wil vandag iets skryf oor 'n Junior lid van Wes-Transvaal Sierduifstreek, 'n dogter. Ek ken haar van haar geboorte af. Die enigste kind van twee wonderlike ouers. Die Pa groot en dik en die ma klein en baie vroulik. Ek praat van Juan-Marie Fincham daar van Kameel se wêreld. Van kleins af was sy saam met Pa Julian baie betrokke met sierduiwe. Dié liefde kom ook van oupa Fincham af. Sy het as Junior by die SASV aangesluit en met hulp van Pa haar eie rasse aangehou en begin skou.

Sy is ook een van die min Juniors wat self haar duiwe

versorg. Elke dag na skool word daar kos gegee, water bakke hersien, duiwe word hanteer en waar nodig medikasie toegedien. Een keer per week maak sy self die hokke skoon, dit is iets wat ek self gesien het. Tydens die SA's te Stella was sy die steunpilaar van die bestuur. Dit het die President van die streek self gesê. Deur die jare het sy stofgeskop in baie Juniors se oë met top prestasies op streek sowel as SA Kampioenskap skoue.

Die afgelope jaar het sy ook op skool gebied die volgende prestasies



behaal naamlik ere-kleure in akademies sowel as sport. Die skool het ook aan haar Meriete ere-kleure vir haar duiwe sport toegeken.

Baie geluk Juan-Marie en hou so aan, jou groen baadjie in duiwe sport is om die draai.

DUIFKLEURE

Danie Visser

mate op my Duitse Skoonheids Posduiwe.

Dis maar baie keer 'n redelike moeilike taak wat baie vasbyt verg, maar as jy eers 'n duif geteel het na 4 of 5 geslagte met die regte kleur en bouvorm is dit beloning genoeg vir my. Wat ook baie help is om 'n mede-teler naby aan jou te hê wat jou belangstelling deel.

Kom ons kyk wat het ek nou al geteel en waarmee werk ek nog. Ek het begin om 'n homosigotiese indigo reduced Modena wyfie te paar met 'n swart Homer mannetjie. Al die

hoë woorde beteken dat die wyfie eintlik swart was met 'n dubbele dosis indigo en dan het sy nog die reduced faktor ook gehad. Uit die paring het ek net swart indigos geteel, maar die mannetjies het ook reduced gedra. Van hulle het ek weer met swart homer wyfies gepaar en dan was die moontlikheid daar dat helfte van die wyfie kuikens reduced kan wees. Dit was nou ongelukkig nie altyd die geval nie, maar ek is darem nou daar waar ek baie mooi swart reduced homer wyfies het. Reduced is dus 'n geslagsgekoppelde resessie-



Soos die meeste van julle reeds weet is my stokperdjie in my stokperdjie om skaars of nuwe kleure te skep. Ek doen dit meestal op my working homers wat ek ook as voerders gebruik en dan in 'n mindere



we faktor. Vanjaar is my doel om swart reduced mannetjies te teel en om ook reduced indigo op swart te teel. Dan wil ek ook nog reduced op blou gebalk en geruit teel.

Net 'n bietjie meer oor indigo. Meeste van ons het darem al seker 'n swart indigo duif gesien aangesien dit redelik algemeen is op baie duifrasse. Baie mooi voorbeelde kan ook geteel word op die blou familie. 'n Blou gebalkte duif is normaal blou met bronsagtige balke. Net so is die geruite en t-patroon baie mooi met brons op die vlerke. Indigo is 'n onvolledige dominante faktor, maw wanneer jy 'n indigo met 'n swart duif paar sal helfte van die nageslag indigo wees en helfte sal gewoon swart wees.

Die volgende kleur wat ek probeer het was almond. Ek het 'n Magnani Modena kruising met 'n Duits Skoonheidsposduif by Seppie Esterhuisen gekry en dit met 'n Homer gepaar. My tipe is nou al reg, maar ek sukkel met die klassieke almond kleur. Ek doen nou proewe om


verduunning, bruin, ressessiewe rooi en indigo saam met almond te kombineer om by die regte kleur uit te kom. Almond is 'n dominante geslagsgekoppelde faktor. As jy dus 'n almond wyfie met 'n gewone mannetjie paar sal alle mannetjie kuikens almond wees en die wyfies sal normaal wees. 'n Almond mannetjie met 'n normale wyfie sal almond en normale mannetjies en wyfies teel.

Nog 'n kleur wat ek suksesvol mee was is dominante opal. Ek het 'n dominante opal Modena met 'n homer gekruis en het nou reeds baie mooi Homers met die regte kleur en bouvorm. Dominante opal op blou verander net die balkkleur van swart na 'n uitgewaste witterige kleur en die stertbalk word ook in 'n mate uitgewas na 'n witterige kleur. Op geruit is dit net so mooi. Ek werk op die oomblik nou daaraan om dit oor te dra na bruin. Ek het dit al op as-rooi geteel en dis veral op mealy baie mooi. Dominante opal is ook 'n onvolledige

dominante faktor.

Kleure waaraan ek nog werk is milky en toy stencil. Milky is redelik algemeen by Mookees en Waaiersterte. 'n Poeier blou Waaistert is 'n mooi voorbeeld van hoe dit op blou lyk. Dit kan op alle kleure en ook verduunning oorgedra word. Dis ongelukkig 'n lang pad, want beide ouers moet milky dra om dit op hul nageslag oor te dra. Toy stencil se beste voorbeeld is 'n argent Modena. Dit verander dus 'n blou duif se balke na spierwit. Ek het onlangs eers hiermee begin, maar die pad lyk ook maar vir my baie opdraande.

Ek het ook al probeer om ice oor te dra maar het maar die handdoek vroeg ingegooi, want 'n mens se hokke raak net te vol van alle kruisings. Ander kleure waarmee ek ook doenig is, is barless, verduunning en ressessiewe rooi. Dit bly vir my 'n lekker uitdaging, my ander kuikens word goed gevoer en ek het 'n ware reënboog nasie in my hokke.



Interessant hoe 'n mens altyd sekere dae sal onthou - ons jaarvergadering het saam met

Griekwaland-Wes hou Jaarvergadering

Seppie Esterhuisen

die Bokke en Tonga se rillerwedstryd geval. Laasjaar was dit saam met finaal van die Currie beker, daardie gelykewedstryd, ai !!!!!

Nege van ons lede het die vergadering bygewoon. Johan Nel het aangebied om dit by sy huis te hou. Die arme Kimberliete en Vioolsdrippers moes maar die 400 km ry. Ons

het so 'n ongeskrewe reel dat die skou in Kimberley sal wees, maar die jaarvergadering in Uppington. Almal blyk tevrede te wees.

Om nege-uur het ons met die vergadering begin.

Slegs enkele hoogtepunte:

- Ons beveel aan dat die streek se naam moet verander na





Noordkaap Sierduifvereniging.

- Ons skou volgende jaar saam met Vrystaat in Bloemfontein en nie in Kimberley nie (samesamewerking-ooreenkoms tussen die 2 streke)

- 'n Nuwe briefhoof moet ontwerp word

- In die afgelope 7 Nuusbriewe wat verskyn het, was daar gemiddeld 2 artikels per nuusbriewe vanaf ons lede

- 5 uit die 8 lede wat die SA's gaan bywoon het, het die beste jaaroud of beste duif in die ras vertoon.

- 8 uit 12 aktiewe lede het die

Danie Visser, Hendriena Swanepoel en Thys Meyer Besig met die AJV terwyl Johan Nel in die hoekie moet staan



Op die foto is die Noord Kapenaars in gesellige luim na die AJV waar hulle sommer hulle naam ook verander het



SA's bygewoon

- Een van ons lede se duiwe was onder die Top 7 gewees
- Bestuursverkieping:

President:

Danie Visser

Visie-president:

Andrè Bruwer

Sekretaris:

Hendriena Swanepoel

Reklame-beampte:

Seppie Esterhuysen

Addisionele:

Chris Jacobs
Dawie van den Heever

Soos met enige vergadering was daar 'n heerlike bring-en braai na die tyd. Daar is heerlik duiwe gekyk en gesels. Almal wou graag Johan Nel se Lahores en Kartelruggies sien. Daar is geredeneer oor die verskillende kleure in die Lahores. Ek het altyd gedink ook 'n makklike ras om mee te boer. Daar het ek toe uitgevind gemerkte duiwe is nie enige ou

se speelmaat nie. So boere pasop om altyd na ander ouens se rasse te verwys en te sê dit is darem baie makliker om daarmee te teel as myne.

As ons na ons streek se lede kyk in terme van samewerking wat daar is, ondersteuning van skoue en vergaderings dan kan ons net die Hemelse Vader hiervoor dank. Mag daar nog baie jare se lekker saam-werk wees.

What's with the pigeon fancy?" I ask the question... "what's with the pigeon fanciers?" "There is nothing wrong with our hobby that cannot be resolved if we wisely use our time, talent, and treasure. Pigeons have been a blessing to all our lives and as the caretakers of the hobby it is our responsibility to ensure that our children, grandchildren, and future generations have the same opportunity we had to enjoy this passion called pigeons.

Fadiel Hendricks

Prag DVD oor die Julie 2007 SA Kampioenskapskou nou beskikbaar (1 uur 14 minute)



Hierdie DVD is in opdrag van die Internasionale Modena Club vervaardig en bevat die volledige toespraak van Willi J. Richert van Kansas asook grepe uit die beoordeling van Modenas.

Volgens verslae uit die VSA is die DVD van hoogstaande gehalte en die beste wat nog deur die IMC vervaardig is, danksy Chris Oberholser van J'Chiannie TV & CD Productions, 13 Glanville Rd, Tygerhof, 7441, Cape Town.

Die kostes saam met posgeld beloop R150:00

Kontak Kobus Snyman vir verdere inligting by 082 875 0124





MEDPET'S



COXIMED

Available size
100 tablets

CONTAINS: Diclazuril 5mg

The ultimate single dose treatment for Coccidiosis in pigeons and raptors

* Diclazuril, the active ingredient in Coximed, is the safest and most effective treatment against Coccidiosis in pigeons and raptors.

- * One tablet dosed to pigeons will cure up to 90% of Coccidiosis cases.
- * It is recommended that "youngsters" be dosed with Coximed after weaning.
- * Alternate with Medicox to prevent resistance build-up.
- * Extremely cost effective. Much more affordable than other single dose tablets.
- * **Double Strenght tablet.**

New safe and effective formulation resulting from Medpet's extensive research and development

SAFE Does not affect racing performance



DOXIBIRD

Reg Nr:G1763 Act of 1947

Available size
100 tablets

CONTAINS: Doxycycline 5mg

For the treatment of Ornithosis ("one eye cold") and respiratory conditions caused by Doxycycline sensitive organisms in pigeons, raptors and soft bill birds.

- * One tablet is uniquely coated with the Medpet "sellulose method", which prevents vomiting and preserves the Doxycyclone potency.
- * Easy to dose shape of tablet, makes it the ideal treatment.
- * The ultimate treatment for Chlamydia in single birds.

SAFE Does not affect racing performance



DOXYBIOTIC POWDER

Reg Nr:G1509 Act of 1947

Available size
50g, 200g, 500g, 5kg

CONTAINS: Doxycycline 25000mg/kg Vit B2 250mg/kg Vit K 790 IU/kg
Vit A 200000 IU/kg Vit B6 250mg/kg Lactose 485g/kg
Vit B1 250mg/kg Vit E 660 IU/kg Dextrose 485g/kg

For flock treatment of Psitticosis/Ornithosis and bacterial infections in pigeons and cage-birds.

- * Doxycycline is the golden standard in the treatment and prevention of Psitticosis/Ornithosis.
- * Vitamins included in the formulation to enhance recovery.
- * Can be used in the water or soft food.
- * In confirmed cases of Psitticosis, treatment must be given for forty days and supplemented with Entero-Plus three times a week to replace beneficial gut bacteria.
- * Safe to use, even for extended periods.

SAFE Does not affect racing performance



MEDITRICH

Reg Nr:G1514 Act of 1947

Available size
100 tablets

CONTAINS: Metronidazole 100mg

The ultimate single dose treatment of Trichomoniasis (crop canker) in pigeons and raptors.

- * Metronidazole, the active ingredient in Meditrich, is one of the safest and most effective treatments against Trichomoniasis in pigeons and raptors.
- * Metronidazole is not water-soluble and causes severe regurgitation if dosed in its pure form - the unique "Medpet sellulose coating" of the Metronidazole overcomes both these problems.
- * One tablet doses to pigeons will cure up to 93% of Trichominiasis cases. It is recommended that "youngsters" be dosed with Meditrich on day of weaning.
- * It is advisable to alternate Meditrich treatment with Medizole and Cankerex Plus to prevent the parasites becoming resistant to treatment.



CHAMPIONS

PO Box 27239, Benrose, 2011, South Africa.
Tel. No: +27 (11) 614 8915 Fax No: (11) 614 8916

MEDPET



MEDIWORM TABLETS

Reg Nr:G2559 Act of 1947

Available size
100 tablets

CONTAINS: Pyrantel Pamoate 20mg
Praziquantel 5mg

A broad-spectrum deworming tablet for pigeons, raptors and galliforms.

- * Mediworm is currently the only broad-spectrum single dose combination tablet known of in the world that does not affect feather growth.
- * Highly effective against Roundworm, Hairworm and Tape-worm.
- * Extremely safe, causes no regurgitation and is very economical.
- * The small size of the tablet makes it very easy to dose.
- * May be used in breeding and racing season.
- * Mediworm is the golden standard in routine deworming.



MEDIZOLE

Reg Nr:G2862 Act of 1947

Available size
100g, 250g

CONTAINS: Ronidazole B.P. Vet 10% m/m

For the treatment of, Trichomoniasis, Hexamitosis, Cochlostomiasis and Giardia in pigeons and cage-birds.

- * Highly effective and very safe.
- * Easy to dose, well acceptable water-soluble powder.
- * Safe to use in the breeding season.
- * Prime grade Ronidazole used in formulation



MEDIPRIM

Reg Nr:G2861 Act of 1947

Available size
100 g

5g CONTAINS: Trimethoprim 400mg

For the treatment of bacterial infections including Salmonella and E-Coli in pigeons and cage-birds.

- * High potency, high concentration water-soluble Trimethoprim powder.
 - * Eliminates the Salmonella carriers if used correctly.
 - * Combines well with other Sulphonamides.
- Extremely safe, cost effective, broad spectrum antibiotic.
- * Synergistic action with Medicox increases spectrum of activity to include treatment of Coccidiosis.



RONSEC

Available size
50 tablets

CONTAINS: Ronidazole 25mg
Secnidazole 25mg

New safe and effective
formulation resulting from
Medpet's extensive research
and development

The ultimate single dose treatment for hyper-resistant Trichomoniasis (Crop Canker) in pigeons and raptors.

- * Contains a combination of two extremely safe and effective active ingredients that work synergistically in a special slow release tablet formulation.
- * This unique tablet has been proven to cure 98% of Trichomoniasis cases, even those caused by hyper-resistant strains.
- * Extremely safe - does not cause regurgitation.
- * To prevent resistance, it is recommended that Ronsec only be used in cases where other routine Crop Canker treatments have failed.



Die Sierduif/The Fancy Pigeon



Groei van ons Ledetal by die SASV

Johan Nel

boekies.

Dit is beter om nie-lede wat ook 'n liefde vir duiwe het persoonlik te besoek en sommer meer te vertel van die SASV. Sodoende betaal hul 'n baie billike prys, want om R50 te betaal vir die jaar se uitgawes tot nou plus 'n spesiale skou uitgawe is regtig baie min. Die reaksie van hulle is positief en sommige oorweeg dit sterk om volgende jaar aan te sluit by die SASV. November - Desember lyk my is die regte tyd om so iets te doen. Dit sal goed werk om sommer 'n Soeklig saam beskikbaar te stel. Daar waar ek duiwe ook aan die hande kry versprei ek dit verder weer tussen nie-lede in ons streek.

Dit wat ek nou al gehoor het kan mens nie anders as

om die afleiding te maak dat Nie-Lede afgesit word deur soms belaglike pryse wat hul moet betaal vir duiwe. Agterna besef hul met ontsteltenis dat die duiwe nie so goed is nie, of onvrugbaar is, of die wyfie wil nie eiers lê nie. As mens weet die duif se tyd vir broei is verby, "cull" dit eerder of stel die duif gratis beskikbaar en deel die persoon dan net ten minste mee wat die storie rondom die duif is. Hy kan dan vir homself besluit en sal die eerlikheid waardeer! Duiwe is ons produk en as ieder en elk van ons 'n positiewe bydrae lewer tot die bemerking van ons stokperdjie, hoe gering ookal, dit tog sal help vir die voortbestaan en groei van die SASV.

Groete tot volgende keer

Ek het 'n tydjie gelede 'n klompie ekstra 2007 boekies by ons Streekverteenwoordiger, Hendriena Swanepoel, in Kimberley gevat, net om Die Sierduif ook bietjie te promoveer in die Kalahari gedeelte van die Noord-Kaap.

My ondervinding was dat dit nie veel beteken om die boekies net te drop by 'n Petshop nie. Hulle is ook nie baie gretig om dit te koop nie, want hulle wil wins maak op die boekies en daar is 'n prys van R10 reeds geprint op van die

"When you can think, believe & visualise a positive outcome, your chances of it happening are greatly increased."

Website

<http://www.safancypigeonassociation.za.org>

Web Master: Kobus Snyman, PO Box 22355,
Exton Road Bloemfontein 9313.

E-mail: kobussnyman@vodamail.co.za





KwaZulu-Natal-Eastern Freestate AGM Weekend

Rob Lombaard

ming with our junior members, else he might have missed out on the silver mug. Personally I think I deserve a gold medal for maintaining the pace with "Young" Justin Dent in a fast flowing Umkomaas River.

Although we set a weekend aside for our AGM, "Croc" Stevens informed us that he had in the last two years experienced the quickest two AGM's he ever attended.

Today, 11/11/2007, we had our family-Day, hosted by Gary and Sonia Schulz, did not see much of Kevin though (Respect gained for his elders in a "very friendly" rugby match or what?)

After an early round of golf by Chantal and myself it was a short drive to the Schulz household. The day was well attended by twelve members and their Families. The countless pairs of Gros Mondains were a pleasure to study in their individual breeding pens. I was pleased to see that a young Dutch Cropper or two made their appearance, as I had to give Gary the two pairs of Dutch Croppers (4 males) to cross out with a Pomeranian, other than that the breed would not survive!!

As the day came to a close the members put their golfing skills to a test. The kid's on the dam wall survived an attack of golf balls and "Croc" came out on top for the most accurate shot, aimed at the windmill! Thanks to Jono Dent who kindly donated "instant turf" to replace what ever was demolished during the process.

A Parlor Roller-Lawn display was put on the cards by Lionel Phillips and Leon Craig. Truly great entertainment for all the children and adults alike. Thanks to Rodney for classing and pairing the birds and also thank you Leon for making pairs of birds available to other members.

Last but not least, Thank you Sonia and Gary for your hospitality and thank you Gary for introducing us to your "German-Garlic Potjie", truly a great dish!!

After our early round of golf I received a document from the club manager. Chantal pointed out the small print to me after reading. I congratulate you, NEIL RAW, on behalf of KZN-Eastern Freestate region for being elected President of

Hier in KZN doen ons 'n ding behoorlik: This year we had a Quiet, relaxed "AGM-weekend. We had no visiting guests from other regions as we left our organizing to the latest. The fourteen members and families who attended the weekend at "Umko-Lodge", thank You!

An even greater thank you to Neil and Angie for making the Lodge available for the exclusive use by the KZN-Eastern Free State Region. Game viewing was highly commended on Saturday, unfortunately for those who waited till Sunday to go on a game drive; just about every animal on the farm had disappeared into thin air. To our new pigeon enthusiast Dwayne, congrats on winning the trophy for biggest fish caught during the weekend (thanks to a good tutor). Fortunately for Dwayne I spent most of the weekend swim-




Noodsburg Country Club. We believe that you would lead the club to great heights, as you are doing with our region at present.

(Don't know how you gonna cope with your Polo-X chairman, as he suffers from fishing fever, just another Lombaard).

Pigeon greetings and a prosperous festive season to all.

Rob Lombaard



In 1998 vertoon Oom Kotie Visser die beste Duitse Skoonheidsposduif te Welkom se SA's. En glo



Wyle Oom Kotie Visser

my, 18 jaar later herhaal die geskiedenis homself en vertoon Danie Visser, sy

Die geskiedenis herhaal homself


Seppie Esterhuysen

seun, op die SA's van 2007 te Worcester ook die beste DSP en ook met 'n jaaroud Blou gebalkte mannetjie. Ek glo as oom Kotie vandag nog gelewe het sou dit vir hom 'n groot oomblik gewees het.

Hoe baie van ons probeer ons bes om die kinders positief te beïnvloed om ook op die geveerdes verlief te word. Baie slaag daarin,

maar baie soos ek het nie daarin geslaag nie. As ek sien hoe baie pa's hulle beste doen om die kleintjies lief te maak vir die ou geveerde volkie - dit is eie duiwe, help met die kosgee, skoue bywoon ens.

Oom Kotie het in 1980 begin met DSP wat hy by Kerneels Kriel van Kenhardt gekoop het.



Die Beste Duitse Skoonheidsposduif van die 1999 Welkom SA's wat geteel is deur Wyle Oom Kotie Visser





**Die Duitse
Skoonheidsposduif van
Danie Visser wat tydens
die 2007 SA's as Beste
in die ras aangewys is**



Danie Visser

Barless (eerste een gebroei) en Almonds. Danie se duife toon duidelik die invloed van die onlangse invoere naamlik die langer bene, langer en dunner nekke asook korter lywe. Dit is net 'n meer elegante duif in vergelyking met die ou Suid-Afrikaanse duife. As ons na die 2 foto's, weners van 1989 en 2007 kyk, dan is die verskille baie duidelik. Die duife van die verlede (wenner van 1989) was groter duife, goeie koppe, dikker nekke, maar korter bene. In die verlede was daar nie so baie klem gelê op die lengte van die bene soos vandag nie. Die wenner van 2007 het langer bene en 'n dunner nek. Die onderbek is ook sterker. As ons die twee foto's met mekaar vergelyk dan is die wenner van 2007 net 'n meer elegante duif.

Nog 'n veer in Danie se

Volgens Danie was daar een spesifieke duif wat baie goed geteel het en uit sy nageslag het daar baie goeie duife gekom. Die meeste was Blou gebalkte duife, maar ook enkele Barless duife. Oom Kotie het ook met Gross Mondains, Magpies, Jakobyne en Waaiersterte geboer. Die DSP was sy gunsteling. Met hulle het hy verskeie streeksweners geteel.

Danie self het eers in std. 8 (1976) met duife begin boer. Hy het Modena's by John Loubser van Kenhardt gekoop. Later het hy Gross Mondains en DSP by sy pa gekry en in 2001 Brunners en Vliegduife toegevoeg

tot sy hele boerderij.

Om op hulle plaas, Edenville, te kom moet jy 'n grondpad van 50 km vanaf Kenhardt na Marydale aandurf. Die ouens met motorkarre moet liefes van sy vriend se bakkie gebruik maak. Danie is 'n bekende in die Damara en Meatmaster kringe (skaap). Verskeie nasionale kampioene Damara's asook verskeie streeksweners kom van sy plaas af.

Die DSP lê Danie na aan die hart. Verskeie streek weners kom uit sy hokke. Hy is tans ook besig om meer kleure toe te voeg tot die ras. Hier dink ek aan sy Blou gebalkte Indigo's, Swart Indigo's, Silwer



hoed is dat hy voor die onlangse invoere die vader van die Silwer DSP in Suid-Afrika was. Die silwer geen (verduin) het hy by die Silwer Modena gaan haal en dit oorgedra na die DSP. Van die suiwer sowel as die gekruisde Silwer DSP met silwer invoere was al wenners op verskeie

streeksskoue en selfs die beste jaaroud DSP op Stella se SA's in 2006. As ons na die DSP op die afgelope skoue kyk, is daar duidelike aanduidings van die meer elegante duif. Daar sal moet egter gewaak word teen te ligte onderbekke en te lang duiwe.

Ek dink enige pa smag daarna dat sy kinders sy belangstellings deel. Indien nie so nie dan pas jy daarby aan en deel in hulle belangstellings. Om egter dieselfde belangstelling te hê en jare na mekaar daarin te presteer sal elke vader- of moederhart laat warm klop.

Feite v/s persepsies

Jan Lombard, Gauteng

Ek lees onlangs in "Die Sierduif" dat lede uitgedaag word om feite voor te lê oor oneerlikheid en "skelmstreek" tydens beoordeling. Dis nie so maklik nie. Hoe bewys jy dit as ek my vriend se duif eerste plaas op 'n onregverdige wyse. As jy 5 tot 6 keer per jaar beoordeel, leer jy vinnig die duiwe ken, asook hulle vertoners se handskrif op die hokkaarte. Ons het 'n skoureël wat sê die beoordelaar se beslising is finaal, en dit hoort so. Dit beteken dat jy as vertoner nie eens met die beoordelaar mag argumenteer oor sy plasing nie. Al het hy die grootste flater begaan, sou so 'n argument as swak sportmanskap beskou kon word. (Tog is hierdie reël op die laaste SA's verbreek, toe 'n senior beoordelaar nie die korrekte beslising wou aanvaar dat sy vriend se duiwe

gediskwalifiseer is nie, en teen dié reël in gereël het vir 'n herbeoordeling, maar dis 'n storie vir 'n ander dag.) Om die lidmaatskap so uit te daag en dan later te sê: "Julle het 'n geleentheid gehad om feite voor te lê", gaan in hierdie geval bloot net nie werk nie. Hoekom sê ek so? Lees gerus verder.

Kom ons kom terug na die opskrif van my artikel. Nege uit tien keer word die mens se besluite en optrede bepaal deur persepsies, wat nie noodwendig op feite gebaseer is nie. Ons is nou maar eenmaal nie 'n baie rasonale spesie nie. Die emosionele sy speel soms 'n groter rol, soos enige iemand wat in die gedragswetenskappe gestudeer het jou sal kan vertel. Kyk maar hoe word die beginsel in die reklamewêreld uitgebuit. In



die motorindustrie is daar uitstekende voorbeelde. Persepsie, en nie feite nie, is die hooforsaak vir die swak inruilwaarde van sekere handelsmerke. Persepsies ontstaan uit waarneming en gesprekvoering. Ek kan byvoorbeeld deur iemand as toonaangewende teler van ras A beskou word ('n persepsie wat dalk ontstaan het bloot omdat ek die ras op 2 of 3 skoue gewen het waar hy/sy teenwoordig was). As ek dan gal braak oor beoordelaar B se kennis van my ras, kan die persepsie maklik by my



aanhoorder ontstaan dat beoordelaar B onkundig is in my ras, maar ook in alle ander rasse, en dit wanneer ek dalk net 'n swak verloorder was.

As 'n nuwe toetreeder tot 'n ras, duiwe ten duurste by 'n toonaangewende teler koop, mag dit sy persepsie wees dat hy uitstekende duiwe het. As hy dan boonop êrens skou waar daar nie sterk kompetisie is nie, en hy vertoon die raswenner, versterk dit sy persepsie. Duiwe word baie keer verkoop en pryse bepaal op grond van die aantal rooi plakkers wat dit verdien het, sonder dat die arme koper weet dat daar geen kompetisie in die kleurklas was nie, en dat die duif as klaswenner vroeg uitgeval het tydens die keuse van die raswenner.

Kom ons kyk bietjie na die persepsie dat UK lede se duiwe soms onregverdigde voorkeur kry. Ek was persoonlik teenwoordig toe 'n senior beoordelaar 'n paar jaar gelede op die SA's die volgende aan die hoofbeoordelaar gesê het: "Die telers in die land van oorsprong beskou X se ras Y as so goed, dat hulle daarvan wil invoer". Net dit, niks meer nie. Persoon X was op daardie stadium pas tot die UK verkies, en ras Y was nog nooit in die

top-7 nie. Met die aankondiging van die wenners moes ons hoor dat ras Y in die top sewe is. Hierdie is 'n feit, maar aangesien die senior beoordelaar, die hoofbeoordelaar sowel as persoon X my vriende is, moet u asseblief nie van my verwag om die feit te openbaar nie. Ek het op daardie stadium nie ras Y se standaard goed genoeg geken om 'n oordeel oor die kwaliteit van die inskrywing uit te spreek nie. My enigste persepsie was dat die vertoner be(v)oordeel is en nie sy duif nie. Ek weet van die poging tot beïnvloeding, alhoewel ek nie kan bewys dat die hoofbeoordelaar daardeur beïnvloed is nie. Hoe "bewys" jy so iets? My woord teen die senior beoordelaar s'n ??? Ander lede het bloot waargeneem dat die nuutverkose UK lid se duif skielik 'n top-7 toekenning ontvang, wat waarskynlik hulle persepsies beïnvloed het. So was daar ook eenmaal 'n top-7 op die SA's wat VROT was van veerluise en "pin holes". Ek het dit persoonlik hanteer en kan dit getuig. Op daardie stadium was dit nog 'n summiere diskwalifikasie. Die duif is egter vertoon deur 'n jarelange vriend van die hoofbeoordelaar. Weereens is die hoofbeoordelaar my vriend. Ek

gaan dus nie bereid wees om verklarings af te lê en "feite" op die tafel te sit nie.

Dit sal dus vir die SASV goed wees om te probeer bepaal watter negatiewe persepsies (gegrond of ongegrond) daar onder sy lede bestaan. Vergeet van die "feite"! Dit is te moeilik om te bewys. 'n Meningsopname wat opinies toets is baie meer haalbaar! Sodra dit bekend is behoort 'n strategie bepaal te word waarvolgens die ongegronde persepsies uit die weg geruim sal word. Maatreëls moet dan ingestel word teen die oorsprong van, en redes vir gegronde negatiewe persepsies. Met ander woorde, die foute binne die SASV moet aangespreek word. Tans preek ons oor "kerkbywoning" vir die "gemeentelede" wat wel "dienste" bywoon, of soos die Engelse gesegde lui: "We preach to the converted". Ons soek dus die redes vir kwynende lidmaatskap onder lede wat nog met ons is. Om hulle persepsie te vra van wat ander se persepsies DALK mag wees, kan gevaarlik wees en tot foutiewe gevolgtrekkings lei. Ons moet eerder praat met die ouens wat "Sondag tuisbly" m.a.w. die wat ons verlaat het.



My gevolgtrekking is dat persepsies baie swaarder weeg as feite. Ons moet dus foutiewe persepsies uitroei en voorkom dat daar enige werklik rede tot negatiewe persepsies is. Hiervoor is visionêre leierskap nog. Die tyd is ryp dat ons visie- en misiestellings moet formuleer, tesame met 'n werkbare strategie om ons probleem van kwynende lidmaatskap aan te spreek. Glo my, die rede is baie dieper liggend as ledegeld, ringpryse, die brandstofprys en die rentekoers. Hier het die motor industrie ook goeie voorbeelde. Ten spyte van die sogenaamde geldskaarste en "moeilike" tye


is sekere vervaardigers van luukse duur fabrikate baie suksesvol, terwyl ander vervaardigers van veel goedkoper fabrikate sukkel om die mas op te kom. Dit gaan dus nie oor prys alleen nie, maar oor hoe suksesvol jy is om 'n persepsie van waarde vir geld te skep. M.a.w. is ek tevrede met die waargenome waarde vir geld wat die SASV my bied? Die SASV is een van die enigste organisasies waarvan ek weet wat probleme ondervind, sonder dat hulle werk aan 'n strategie om dit aan te spreek en op te los. Die gebrek aan meetbare (kwanti-fiseerbare) doelstellings is veral kommer-

wekkend. Daar is wel in die Augustus 2002 nuusbrieff spesifieke ondernemings oor bemarking deur alle UK-lede aan ons gegee – swart op wit. Gaan lees dit gerus weer. Of die individuele UK-lede voldoen het aan hulle onderneming of nie, is die onderwerp van my volgende "navorsing" en artikel. My persepsie is dat baie gefaal het, maar ek sal dit eers met gekwantifiseerde feite wil staaf voordat ek dit publiseer en sodoende UK-lede tot verantwoording probeer roep.




Judging by the points system

Freddie Theron



The Yellow English Trumpetter Hen of Art Pamplona



At the recent Pageant of Pigeon show held in America, there were a total of 510 English Trumpeters on show. They were judged by Greg Pola of Riverton, Utah. The grand champion bird on show was a yellow old hen from Art Pamplona with the reserve



champion a black old hen from Karen Fraire.

If one looks at the points

awarded to the different aspects of an Eng Trumpeter, one can see that it was a close call

and that either Trumpeter could have won with an additional half a point here and there.

A	B	C	D
Exhibitor:	Art Pamplona	Karen Fraire	John T Fife
Band:	2035	955	3194
Color:	Yellow	Black	Red Splash
S/A:	OH	OH	OC
10 Head Conformation	7.00	8.50	8.50
2 Eyes	2.00	2.00	2.00
4 Tuft	3.00	2.25	1.75
12 Crest	9.50	9.00	9.00
4 Rosettes	3.00	1.25	2.75
4 Mane	3.25	1.00	2.50
5 Neck	4.25	4.25	4.50
20 Body	16.00	18.50	14.00
14 Muffs & Hocks	9.00	12.00	8.50
5 Station & Legs	4.50	4.00	4.25
10 Color	7.50	5.00	5.00
10 Style	8.00	6.50	7.50
100 TOTAL	77.00	74.25	70.25
PLACE	1	2	3

With the way that we judge, the black might have won and I make my statement based on the following: a good Trumpeter must have a strong head (10 points) and neck, good crest (12 points) and mane, body (20 points) and long, nicely shaped muffs (14 points).

According to the points the Black had a better head (1.5 points), a better body (2.5 points) and better muffs (3 points). The crests were almost equal but the black's mane and rosettes cost her some points.

Based on head, crest, body and muffs (56 points) the black scored 48 points and the yellow 41.5 points.

The yellow basically was selected as champion due to colour and style where she

won by 4 points (the overall points difference was 2.75 points).

Comments:

Should we not consider judging by the point system? Judge Greg Pola used it with 510 birds - thus it is possible. Maybe when the top 7 awards are done? The general appearance of a bird might get him the top award but if points were awarded it might have come second or third.

With this I don't say that our judges don't make their decision taking every aspect in consideration, but it would be nice if their decision can be substantiated by making a score card available which can be published. The exhibitors then can see where the strong and weak areas of a specific breed

are and can go away and try to breed towards perfection.

I think that we first have to be trained on how to judge by points. Maybe we can start with this at lawn shows, brag days, etc. It can even be used by us as breeders when selecting our own birds for mating the next season, or in preparation for the next show season.

Ek sê maar net.....



Noord-Vrystaat AJV

Cora Munnik

Noord-Vrystaat streek se AJV het op 8 September in Kroonstad plaasgevind. Die opkoms was baie goed en almal het deelgeneem aan die besprekings en sodoende kon belangrike besluite vinnig afgehandel word. Daar het nogal 'n redelike skommeling in die bestuur gekom met die bedanking van Christo as die President en my termyn wat verstryk het en ek aangedui het dat ek ook nie weer verkiesbaar is nie. Christo het gevoel dat die UK en Die Sierduif soveel van sy tyd in beslag neem

dat sy streek se aktiwiteite agterweë bly.

Die nuwe bestuur is as volg:

President: Bertie Wessels (gekoöpteer vir een jaar)

Vise-President: Gert Venter (gekoöpteer vir een jaar)

Sekretaris: Attie v Aswegen (onbestrede verkies)

Tesourier: Bertie Wessels

Beoordelaarsbeampte: Lotie Geyer (gekoöpteer vir twee jaar)

Na die tyd is daar heerlik



saam gekuier en vleis gebraai.

Baie dankie aan almal in die streek vir al die jare se ondersteuning en sterkte vorentoe vir die nuwe bestuur.

Wanted: Pigeon Rings

(old & new for racing homers, fancy pigeons & rollers)



Jan Lombard
083-274-1014

P.O. Box 1544, Randburg 2125

Maart 2007

Johan Nel sê die volgende oor ledegelde

Lewenslange lede (Dis nou lede wat 'n eenmalige bedrag van 10 jaar se ledegeld betaal het destyds en sodoende lewenslange lidmaatskap bekom het ongeag hoe hoog die jaarlikse ledegeld nog gaan raak – Sorry dit klink dalk snaaks gestel, ek is nie suur daarvoor nie, verduidelik maar net) Wel dit is gelukkig 3 jaar gelede stopgesit. Kan dit nie na daai lid se 10 jaar verstykt het in geheel stopgesit word nie? In daai 10 jaar het die ledegeld in elk geval meer gestyg en wen daai lid nogsteeds. Dis amper meer 'n vraag, maar tog 'n voorstel.





Geagte Sponsduif vriend

Graag wil ek namens die bestuur vir u dankie sê vir al die telefoon oproepe na die Steyn familie, met die afsterwe van ons Sekretaris Theuns Steyn. Hierdie was 'n skok en laat 'n groot leemte, maar ons kyk op en stap die pad vorentoe.

Soos wat die lede weet is die Prestige Skou nog Saterdag 19 Januarie 2008 in Bothaville, waar die Sjinese Uile ook saam met ons hulle skou gaan hou. Die formaat sal dieselfde wees as die vorige twee jaar. Al wat kan bykom is 'n Junior afdeling, aangesien daar nou reeds vier(4) juniors is wat Dragoons teël.

Vir enige navrae kontak my by die volgende nommers: 056 515 4116(W), 056 515 2769(H) of 083 994 7012. Daar is nog boeke beskikbaar oor die Drajoon in 2007, onthou 99% Engels om ons instaat te stel om dit oorsee te verkoop, een is reeds in die VSA.

Die groen spesialisering kompetisie vind ook plaas op 19 Januarie 2008, plus die klub ring veiling. Onthou net elke lid skuld die klub 2 duive inruil vir die twee ringe ontvang.

ALLE SPONSDUIF KLUB LEDE EN TELERS

Wynand Wessels

indien u ekstra duive vir die veiling het moet hulle ingeskryf word en 10% is 'n klub heffing.

Ons verwelkom graag die volgende telers wat nog nie lid is nie:

Seniors

Wikus Prins - Kroonstad
Dragoons
Lotie Geyer - Orkney
Carriers
Danie Erasmus - Coligny
Dragoons
Ian Harvey - Koster
Dragoons

Juniors

Willem Jacobs - Lichtenburg
Dragoons
Berni v Jaarsveld - Lichtenburg
Dragoons

Indien daar lede of telers is wat enige pryse wil borg of kontant bydraes wil maak skakel my asseblief.

Kom geniet die dag saam met 'n lewendige groep mense, dit is altyd 'n gesinsdag of dan 'n naweek.

Program Theuns Steyn gedenkskou

Vrydag 18-01-08:
Inhok vanaf 17h00 reël ASB.
Saterdag 19-01-08:
Inhok 07h00 - 08h30
Opening 08h30
Sponsduif AJV 09h00
Beoordeling begin 09h00 vir Sjinese Uile as hulle nie ander dinge het.

Sponsduif beoordeling na AJV
Middag ete 13h15 - 14h00
Beoordeling 14h00 tot klaar en dan Prysuitdeling
Sondag 20 -01-08:
Duiwe wat oorgebly het reël vir uithok met Wynand Wessels vir tyd wat u pas.

Oos-Transvaal hou AJV

John Calitz

Neem kennis Oos-Transvaal Bestuur soos verkies is op 25/08/2007 is soos volg:

VERKIESING VAN NUWE
BESTUUR 2008/2009/2010

**President/
Streeksverteenvoorder:**

Jan Labuschagne

Vise President:

At van Jaarsveld

Sekretaris/Tesourier:

John Calitz

Skou Bestuurder:

Phillip Welken

Beoordelaars beampte:

Pieter Lourens

Reklame Beampte:

Wikus van Niekerk

Addisionele lede:

Hennie Visagie en CC Botma

Oos Tvl lede is nie ten gunste van samesmelting nie maar stel voor dat om die beurt skou met Noord Transvaal gehou word. Hierdie voorstel word oorweeg en sal met volgende vergadering 'n amptelike besluit geneem word.



DIE KORRUPSIE VAN DIE SOGENAAMDE TOP 7

At Nigrini

'n Hele paar jaar terug was die top 7 ondersoek en die duidelike ontevredenheid van die lede was nie ernstig genoeg opgeneem nie, want op een of ander manier het die top 7 gebly.

Wel die probleem word net erger en erger. Lede lag al vir die plasing van die top 7. Dit is om die minste te sê naby aan belaglik en waansin. Belaglik omdat geen 2 duiwes dieselfde is nie en waansin omdat niemand meer glo aan die integriteit van die stelsel nie.

Dit is hoekom so min mense wil beoordeel of kwalifiseer as een. Wat help dit, jy, as 'n spesialis beoordeelaar, sê vir die senior beoordeelaar dat daar net 3 duiwes in die ras was, nie een is top 7 materiaal nie maar wel teel duiwes, en dan plaas die beoordelaar die duif in die top 7.

'n Paneel van beoordeelaars werk ook nie want een ou plaas die American Show Racer wat miskien wel die beste duif is 1ste en twee ouens sit die draagoon voor, dan wen die draagoon. Daar is ook die punte stelsel wat sal beteken dat 2 beoordeelaars die duiwes

punte moet gee. 'n Rekenaar word ingestel om die punte te verwerk en die duif met die beste gemiddelde punt wen dan. Hoe nou gemaak met sowat 100 rasse op skou? Jaarliks word meer en meer rasse ingevoer van hoogstaande gehalte. In my opinie is dit 'n onmoontlike taak om by te bly by al die rasse en 'n regverdige weergawe te gee van wie die beste is.

Dan is daar nog die persoonlike smaak element, die vriende voorkeur element, die vyand afkeur element en die groot neef van almal, die ek glo ek weet beter element. Al hierdie elemente byt en knyp ons stokperdjie dat sy woude nie betyds genoeg kan genees nie.

Die top 7 sal moet stop of 'n stelsel sal in plek geplaas word wat geloofwaardig is en beoordeelaars weer hulle regmatige erkenning sal gee soos in die jare 80's. Duiwe is deur mense geteel om te voldoen aan hulle smaak en wat vir hulle mooi is. Ek sal probeer om hulle te plaas in groepe en is nie noodwendig reg in my plasing nie.



1. Reuse duiwes: Runt, Montauban, Hungarian Giant House Pigeon, American Giant Runt.

Klassieke vorm duiwes: Gros Mondain, Cauchois, Carneau, Strasser, Polish Lynx, Lahore, Swiss Mondain, Texan Pioneer.

Spons duiwes: Carrier, Barb, Dragoon, Scandaroon, French Bagdad.

Spons & "Dewlap" vorm duiwes: Antwerp Smerle, Damascene, Syrian Dewlap, Lebanon, Egyptian Swift, Indianer.

Homer tipe duiwes: American Showracer, American Gaint Homer, Antwerp, English Show Homer, German Beauty Homer, Exhibition Homer, Genuine Homer Working Homer.

Hoender duiwes: Maltees, King, Modena, German Modena, Florantine, Hungarian.

Reuse Kroppers: Veervoete: Hollandse Kropper, Pomerian, Ghent,



English Giant Pouter, Hana Pouter

Skoonbene: Ou Duitse Kropper, French Pouter.

Medium grote Kroppers: Veervoete: Bavarian, German Muffed Magpie Pouter, Saxon Pouter.

Skoonbeen: Hession, Cleanlegged Magpie, Swiss, Stellerkropper, Starwither, Silisian, Schalaster, Thuringer, Lillepouter, Voorburg Shield, Norwich Cropper.

Thiefing Pouters: Marchenero, Rafeno.

Dwerg Kropper: Pigmy, Holle Kropper, Brunner.

Kleur duiwe; Switserse -, Duitse-, Saxon kleurduiwe, Franconian kleurduiwe, Thuringian kleurduiwe, EA Kleurgroep nie genoem.

Trompetters: Veervoete: Bokhara, German double Crested, German beak Crested, Bernburg, Dresden, Vogtland.

Skoonbeen: Franconian, Arabian Laughers, Altenburg, Schmolin.

Veerduiwe: Jakobyn, Sjinese Uil, Frillback, Indian Fantail, Fantail, Capuchine, Moorhead.

Afrika duiwe: Magnum, SA Botternek, African Toys.

Kortgesig uile: Afrika uil, German Shields, Satinette,

Blondinette, Oriental Turbits, English Turbits, English Owls.

Meduim gesig uile: Ou Hollandse Turbits, Old German Turbit, Italiaanse uile.

Langgesig tuimelaars: Long Faced Tumblers; Deense, Magpies, Polish High Flyers, Cassels, Berlin longfaces, Berlin Muffel Tumblers, Deense Hoogvlieërs, Mookees, Stargard Shakers.

Medium Face Tumblers: Hollandse Hoogvlieër, Helms, Koros, Regensburg, Felegyhazer, Komorner, Duitse Non, English Nun, Vienna White Shield Tumbler, Oriental Roller, Old Dutch Tumblers, Vienna Tumbler en nog vele meer.

Kortgesig Tumblers: Shorties, Vienna Shortfaced, Budapest, English short faced, Kasans, Ancient, Rhine, Prague, Konigsberg, Stettins.

Werkende Duiwe: Performing Pigeons, Resies, Hoogvliërs, Rollers skouen rol afdeling

Slagduiwe: Texan Pionier

Dit gee vir ons sowat 20 soorte of klasse waarin 'n mens kan skou en kompeteer.

As jou hart lê by die Sponsduiwe of die Tumblers of Kroppers beteken dit dat sou die Top 7 verdwyn daar nie net 'n

kans is dat jy die beste ras kan vertoon nie, maar dan sou dit soveel meer werd wees as jy die beste lang gesig, medium gesig of kortgesig tuimelaar het.

Net so ook met die Homers. Die kompetisie vlak word nou verskuif na ongeveer 20 seksies en dit behoort 'n baie groot inspirasie te wees om meer te konsentreer op die teel van die duiwe wat glad nie of selde in die top 7 vertoon.

Dit behoort die meeste probleme uit te skakel wat die beoordeling aan betref, want ons sal nou nie net 'n top 7 hê nie maar 'n top 20 in rasse ingedeel wat glad nie met mekaar kompeteer nie. Beoordeelaars sal nou kan spesialiseer om net sekere rasse te doen en dit bring my by die punte stelsel wat nou baie makliker kan werk tussen dieselfde duiwe.

Spesklubs kan nou regtig uitbrei na ongeveer 20 oorhoofse klubs. Dit sal ons baie sterk maak met die gedagte van inter-ras kompetisie en nie net 'n top 7 nie. Daar sal ook nou strawwer kompetisie tussen die 20 groepe wees wat pryse aanbetref en ek glo dat lede baie kan baat by die stelsel want jy kan nou net die beste Sponsduif of homer of hoenderduif skou.

In elk van die seksies soos



die homer of veerduiwe kan daar 'n top 5 of 6 toekennings gemaak word. Soos bv.

- Beste Homer op skou
- Reserwe beste Homer
- Beste jong Homer
- Reserwe beste jong
- Teenoorgestelde beste

Homer

Dus kan jy nie net die beste German Beauty vertoon nie, maar ook kompeteer vir 'n ras plek in die top 5 in daardie ras duiwe.

Kom ons spandeer tyd hiermee en deurdink so 'n stelsel. Dit dra baie gewig en sal nou tussen 80 en

100 top toekennings hê, raswenners sal so hul regmatige erkenning kry. Baie beter as 7 ouens wat glo hulle het gewen en 80 wat lag en kritiseer oor die korrupsie van die stelsel.

Of dit kan werk of nie sal net tyd leer, maar vir my maak dit persoonlik baie meer sin uit as die top 7.

Vision, Mission & Strategy

Jan Lombard, Gauteng region

There is an English proverb that goes like this: "Failing to Plan, in planning to fail". We all know that we are losing members faster than we are gaining new ones. Nobody needs to be a rocket scientist to know where this will lead us to. In every single edition of "The Fancy Pigeon" a few "prophets" give us reasons why we are losing members. The question is, do we accept this fate, or do we try to find a solution? Is our leadership concerned about it? If they are, what are they doing about it?

Like any organization in distress it has become necessary for the SAFPA to consider its future. Can our leaders guarantee to us that the SAFPA, or another body that caters for pigeon shows, will be there in ten years' time? Can they provide us with reasons why they cannot guarantee this?

How many members do they plan to have by the end of 2008 or any other given point in time in the future? How many shows will we have during the year of 2010? How many active qualified breed judges and senior judges will we have etc. etc.?? In other words do the SAFPA have any quantifiable targets? If we have, I certainly have not seen it, or heard about it.

If we do have a few quantifiable targets, do we have plans in place to achieve them? Some may try to answer by saying that they do not have crystal balls to predict the future with. Such an answer will only indicate that they love ostrich politics, and will border on stupidity. I'm not asking our leadership to be palm readers or gypsies, I am asking them to get their planning act together.



Does anybody know what the SAFPA's vision is? Do we have a vision at all? In other words: "Who and what does the organization want to be for its members"? Even churches nowadays need formalized vision statements. What is the SAFPA's mission? How does the organization want to achieve its vision? To enable the SAFPA to even formulate a vision and a mission statement they will have to think!!!!. Once formulated, a strategy should also be determined. A strategy will consist of guidelines for prioritizing. The SAFPA



should also be very clear about its goals. Goals should be SMART: Specific, Measurable, Achievable, Relevant and Time Bound.

We need to find answers and solutions to the following questions, amongst others:

How many members do we want to have and how will we attract and retain them? Without a certain minimum number we will not be able to make the budget work. How many members will be from previously disadvantaged communities? – in other words: do we have a transformation strategy? Can we simply afford not to have a proper acceptable BEE strategy in place? – i.e. play ostrich again and bury our heads in sand? Can we financially survive without government support – from SASCO? Is it viable to have 2 national pigeon bodies (SANPO and SAFPA) in one country? Isn't it time to consider amalgamation with SANPO to ensure the long term viability of the show pigeon sport, even if we lose our identity in the process? Some may say "Over our dead bodies!" I, for one, certainly do not want to see (or smell) your dead bodies, together with the "smell" of a "dead" hobby.

How will we ensure affordability in the sport – do

we have realistic plans in place to generate income from other sources than our own members? How will we ensure enough opportunities to partake in shows in all regions – now that more and more regions are forced to consider amalgamation? Some members simply cannot or do not want to travel long distances to shows. Take away their local show, and stand a VERY GOOD chance to lose them! How will we ensure a constant flow of "new" judges? Some judges are already carrying a heavy load as it is. At one show this past season I had to judge a number of breeds for which I am not qualified. Is this fair towards the exhibitors who have paid their entry fees? If I need to get certificates for 50% of all breeds in South Africa, and the SA's is the only place where I can qualify, it will simply take too long to reach senior judge status. Should we not reconsider testing at regional levels? What is the average age of our senior judges and how many of them are willing and capable to travel long distances to shows? Should we retain, or do away with, the top-7 system, as this may alleviate some of the availability problems when it comes to judges. Should regions be allowed to accept entries for only a number of breeds, based

on availability of qualified judges? What is our leadership doing about the negative public opinion about pigeons – e.g. flying rats that carry bird flu? What are they doing about restrictive measures by local governments/municipalities?

There is an old pop music song from years gone by with the title: "There are more questions than answers". This is an universal truth, but if SAPFA is not going to try to find at least some answers to these very relevant questions that are facing us, we are doomed. In a proper SWOT analysis there is not much an organization can do about threads from the external environment – e.g. we cannot influence the petrol price. There are however, sure as hell, a lot we can do to utilize our internal Strengths; to address our internal Weaknesses (of which we are all too well aware) and to make use of our external Opportunities to build our organization to what it could and should be. The challenge is on – please rise to the occasion. This is especially true for our candidates for vice president. As marketing will be your responsibility, you will have to impress me with SMART goals to gain my vote.





